

UNIVERSITEIT VAN SUID- AFRIKA

**LEWENSVAADIGHEDE
VIR DIE LAERSKOOKIND: 'N
GESTALTRIGLYN**

deur

ELZANNE WARD

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die
graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIA
(SPELTERAPIE - RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. S.M. VAN STADEN

November 2004

Verklaring

Studentenommer: 349 35 231

Ek verklaar hiermee dat **Lewensvaardighede vir die laerskool kind: Gestalt Riglyn** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

HANDTEKENING
(MEJ E WARD)

DATUM

Kennisname

Die navorsingsverslag: **Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: Gestalt Riglyn** bestaan uit ses hoofstukke en beslaan bladsye, asook aangehegte hulpmiddel vir opleiding doeleindes en verdere navorsing.

As gevolg van die noodsaaklikheid en benuttingswaarde van die navorsingsbevindinge vir die gewysigde beleid van die Onderwys Departement was dit onvermydelik om die gegewens in die voorgestelde vereistes van UNISA weer te gee.

Bedankings

- Al die lof en eer aan my Hemelse Vader wat my deur die jaar gedra het en my die moed en uithou vermoë gegee het om te volhard in die tye waarin ek moedeloos was.
- Aan die skoolhoofde van Laerskool Eikestad en Laerskool Phillipi, vir die toestemming om hierdie studie vanuit hul skole te kon voltooi en hul deelname aan die studie.
- Aan die betrokke onderwysers, vir hul tyd en hulp ten opsigte van die selekteringsproses en deelname aan die praktiese komponent van die navorsingsproses.
- Aan al die kinders wat as proefpersone opgetree het, 'n spesiale woord van dank. Dapperheid en samewerking is van die uitstaande eienskappe wat tydens die uitvoering van die navorsing na vore gekom het.
- Aan my studieleier, Dr. S. van Staden, vir u professionele kennis, begrip en raad wat van onbeskryflike waarde was. Ek waardeer dit opreg.
- Aan my ouers en ook in besonder my ma, 'n woord van dank. Julle betrokkenheid en spesialiteitskennis asook ondersteuning word in die saamgestelde riglyn weerspieël.
- Aan Willem vir al jou opoffering, liefde en tegniese hulp. Ek waardeer die opreg.
- Aan Karen Visser en kollegas vir die professionele taalversorging.

Opsomming

Laerskoolkind bevind hom- of haarself in die middelkinderjare en dit word as 'n ryk lewensfase beskou, aangesien kinders reeds belangrike mylpale bereik het. Hierdie kinders beskik oor die vermoë om nie slegs empaties op te tree nie, maar om ook selfstandige gedrag te handhaaf. As gevolg van die ontwikkeling in die kognitiewe en morele ontwikkelingsterrein, kan hulle ook tussen reg en verkeerd onderskei en toon hulle insig dat sosiale reëls verander kan word. As gevolg van hierdie ontwikkeling word daar verwag dat hierdie kind met die nodige bewusmaking, leerders wat oor verskillende bekwaamhede beskik, met meer selfvertroue sal kan aanvaar.

Een groep leerders, waarop daar tydens hierdie navorsing gefokus sal word, wat oor spesiale bekwaamheid beskik, is diegene wat deur brandwonde geskend is. Statistieke toon dat 'n toenemende aantal kinders jaarliks in Suid-Afrika, weens brandwonde geskend word. As gevolg van die veranderende beleid op insluitende onderwys, kan kinders weens geskend- of gestremdheid nie meer tot die hoofstroomonderwysstelsel geweier word nie. Die verwagting is dus dat toenemende aantal geskende of gestremde kinders die hoofstroomonderwysstelsel sal betree.

Inligting is deur verskeie metodes ingesamel deur die benutting van triangulering. Die literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoude met kinders asook onderwysers as proefpersone wat 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae voltooi het, het bruikbare inligting tot gevolg gehad. Daar is gevind dat kinders in hierdie lewensfase wel oor bepaalde lewensvaardighede beskik, wat hulle in 'n bevoorregte posisie plaas om, indien hulle die nodige bewusmaking ontvang, interaksie met die geskende kind sal kan behartig. Die inligting het verder ook daarop gedui dat die gestaltspelbenadering as teoretiese perspektief vir die samestelling van die riglyn benut kan word. Hierdie benadering erken dat spel die kind se natuurlike kommunikasiemedium is, maar ook dat bewuswording geskied deur middel van eksperimentasie.

Sover bekend is daar geen program of riglyn vanuit die gestaltbenadering, wat opvoedkundige personeel in staat stel om kinders in die middelkinderjare se bewustheid ten opsigte van hulle inherente vaardighede aan te spreek nie. Die navorser het 'n deurbraak in die integrering van die gestaltbenadering met die opvoedkundige omgewing gemaak deurdat 'n praktiese riglyn vanuit die gestaltpelbenadering vir opvoedkundige personeel saamgestel is. Opvoedkundige personeel behoort egter opleiding met betrekking tot die gestaltpelbenadering te ontvang ten einde hierdie riglyn effektief te kan benut.

Synopsis

A primary school child finds him or herself in the middle childhood years and it is considered to be a rich phase of life, since children have already reached important milestones. These children have the ability not only to act with empathy but also to maintain independent behaviour. As a result of the development in the cognitive and moral stage of development, these children can also distinguish between right and wrong and they show insight that social rules can be changed. As a result of this development, it is believed that this child will accept learners with different skills more confidently when the required awareness is provided.

One group of learners with special skills, which I focused on during this research, are those who have been deformed by burn wounds. Statistics show that a growing number of children in South Africa are deformed by burn wounds. As a result of the changing policy on inclusive education, these children cannot be denied into the mainstream education system because of deformity or disability anymore. It is therefore believed that an increasing number of deformed or disabled children will be entering the mainstream education system.

Information is gathered through various methods by using triangulation. The literature study, semi-structured interviews with children as well as teachers for experimental subjects, who completed an incomplete sentence test and open questions, added valuable information. Research indicated that children in this phase of life are indeed equipped with certain life skills, which place them in a privileged position to handle interaction with the deformed child, if they receive the required awareness. The information also indicated that the gestalt approach could be used as theoretical perspective for the compilation of the guideline. This approach recognises that play is the child's natural communication medium but also recognises that awareness is created through means of experimentation.

To my knowledge, there is no program or guideline from the gestalt approach that enables education staff to address children's awareness in respect of their inherent skills in the middle childhood years.

The researcher made a breakthrough in the integration of the gestalt approach with the education environment by constructing a practical guideline from the gestalt approach for education staff. Education staff should, however, receive training with regards to the gestalt approach in order to use this guideline effectively.

Inhoudsopgawe

Verklaring	i
Kennisname	i
Bedankings	ii
Opsomming	iii
Synopsis	v
Lys van figure	xii
Lys van tabelle	xiii
Glossarium	xiv
Hoofstuk 1: Algemene Inleiding	1
1. INLEIDING	1
2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	3
3. PROBLEEMFORMULERING	5
4. DOELSTELLING EN DOELWITTE	6
4.1 Doelstelling	7
4.2 Doelwitte	7
5. NAVORSINGSAANNAME	8
6. NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
6.1 Soort navorsing	9
6.2 Navorsingsbenadering	10
7. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE	11
7.1 Insameling van inligting	11
7.1.1 Literatuurstudie	12
7.1.2 Onderhoudsvoering met kinders in die middelkinderjare	12
7.1.3 Voltooiing van onvoltooide sinne en oop vrae deur kundiges, naamlik opvoedkundige personeel	13
7.2 Ontledingstrategie	13
8. UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE	14
8.1 Literatuurstudie	14

8.2	Konsultasies met kundiges	17
8.3	Voorondersoek	18
8.4	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	19
9.	ETIESE ASPEKTE	20
10.	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	22
10.1	Middelkinderjare-ontwikkelingsfase	23
10.2	Kultuur en Multi-kulturaliteit	24
10.3	Opvoedkundige personeel	24
10.4	Die gestaltpelbenadering	24
10.5	Interaksie	25
10.6	Riglyn	26
10.7	Lewensvaardighede	26
10.8	Selfbewustheid	27
10.9	Brandwonde	27
10.10	Geskendheid	28
10.11	Aanpassing	28
11.	IDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	29
Hoofstuk 2: Lewensvaardighede en die ontwikkeling van die middelkinderjare		31
1.	INLEIDING	31
2.	LEWENSVAARDIGHEDE	31
2.1	Lewensvaardighede en selfbewussyn	33
3.	TEMPERAMENTELE VERSKILLE	36
4.	DIE MIDDELKINDERJARE-ONTWIKKELINGSFASE	42
5.	ONTWIKKELINGSAREAS VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE	43
5.1	Emosionele ontwikkeling	43
5.1.1	Emosionele differensiasie	43
5.1.2	Kinders in die middelkinderjare se benutting van emosies	44
5.1.3	Die herformulering of die vermyding van situasies	45
5.1.4	Selfevaluerende meganismes	46
5.2	Kognitiewe ontwikkeling	47
5.3	Sosiale ontwikkeling	50
5.3.1	Sosiale bevoegdheid van kind in die middelkinderjare	51
5.3.2	Portuurgroepsverhoudinge	52
5.3.3	Die kind in die middelkinderjare en wanaangepaste gedrag	54
5.3.4	Die skool as eksterne invloed op die sosiale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare	55
5.4	Morele ontwikkeling	56
6.	SAMEVATTING	59
Hoofstuk 3: Bewusmaking van lewensvaardighede vanuit die gestaltpelbenadering		60
1.	INLEIDING	60

2. DIE GESTALT BENADERING	61
3. DIE GESTALT BENADERING IN 'N OPVOEDKUNDIGE OMGEWING	61
4. BELANGRIKE BEGINSELS VAN DIE GESTALT BENADERING	62
4.1 Holistiese benadering	62
4.2 Organismiese selfregulering	63
4.2.1 Wyses van selfregulering	64
4.2.2 Figuur – Grondformasie	65
4.3 Die gestaltdialoog	66
4.4 Gestaltteorie van verandering	67
5. DIE GESTALT SPEL BENADERING	67
5.1 Die doelstelling asook doelwitte van die gestaltpelbenadering	69
5.1.1 Verhoogde selfbewussyn	69
5.1.2 Die verhoging van selfondersteunende gedrag	71
5.1.3 Die bevordering van integrasie	72
6. DIE BENUTTING VAN SPELTERAPEUTIESE TEGNIEKE TYDENS DIE BEWUSMAKING VAN LEWENSVAARDIGHEDE	72
6.1 Ontspanningspel	73
6.2 Assesseringspel	73
6.3 Gedramatiseerde spel	74
6.3.1 Rollespel	74
6.3.2 Die benutting van handpoppe	75
6.4 Bibliospel	77
6.4.1 Die benutting van stories	78
6.5 Kreatiewe spel	81
6.5.1 Die benutting van tekeninge	82
6.5.2 Die benutting van sandwerk	83
7. SAMEVATTING	85
Hoofstuk 4: Die mediese en psigososiale implikasies van brandwonde	86
1. INLEIDING	86
2. DIE VOORKOMS VAN BRANDWONDE	86
3. MEDIESE KLASSIFIKASIE VAN BRANDWONDE	87
3.1 Diepte van die brandwond	87
3.2 Die ernstigheidsgraad van brandwonde	91
3.3 Liggaamsarea	93
3.4 Letselvorming	93
4. HOSPITALISASIE EN REHABILITASIE	95
4.1 Akute fase	96
4.2 Intermediêre fase	96
4.3 Langtermynfase	97
5. GEVOLGE VAN BRANDWONDE	97
5.1 Psigososiale gevolge van brandwonde	98
5.2 Portuurgroepsontwikkeling en skoolinteraksie	102

6. SAMEVATTING	103
Hoofstuk 5: Navorsingsmetodologie: 'n Empiriese perspektief en integrering van bevindings	105
1. INLEIDING	105
2. NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE STUDIE	105
2.1 Probleemformulering en beplanning vir navorsing	106
2.2 Die insameling van inligting	109
2.2.1 Semi-gestruktureerde onderhoude met die kinders as proefpersone	111
2.2.2 Die voltooiing van onvoltooide sinnetoets en oop vrae deur onderwysers as proefpersone	112
2.3 Prosessering van data en navorsingbevindings	112
2.3.1 Besonderhede van die respondente	113
2.3.2 Middelkinderjare-lewensfase	115
2.3.2.1 <i>Emosionele ontwikkeling</i>	115
2.3.2.2 <i>Kognitiewe ontwikkeling</i>	123
2.3.2.3 <i>Sosiale ontwikkeling</i>	124
2.3.2.4 <i>Morele ontwikkeling</i>	131
2.3.2.5 <i>Kennis en begrip met betrekking tot brandwonde</i>	133
2.4 Riglyne vir lewensvaardighede	136
Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings	148
1. INLEIDING	148
2. NAVORSINGSPROBLEEM EN DOEL VAN DIE STUDIE	149
3. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE ONDERSOEK	151
3.1 Doelwit 1: Om 'n literatuurstudie uit te voer ten einde 'n breë teoretiese agtergrond te verkry	151
3.1.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die literatuurstudie	151
3.1.2 Aanbevelings	156
3.2 Doelwit 2: Om die trianguleringsproses voort te sit deur die voltooiing van die empiriese ondersoek	156
3.2.1 Gevolgtrekkings	156
3.2.2 Aanbevelings	158
3.3 Doelwit drie: Om deur middel van geskrewe riglyne vanuit die gestaltbenadering die drie genoemde inligtingsbronne te benut en opvoedkundige personeel te ondersteun	159
3.3.1 Gevolgtrekkings	159
3.3.2 Aanbevelings	159
4. BEPERKINGS VAN HIERDIE NAVORSING	161
5. SAMEVATTING	162
ADDENDUM A	I

ADDENDUM B	II
ADDENDUM C	XI
ADDENDUM D	XII
BRONNELYS	XIII

Lys van figure

FIGURE 4.1: EERSTEGRAADSE BRANDWONDE (MORGAN, BLEDSOE & BORKER 2000).....	88
FIGUUR 4.2: TWEDEGRAADSE BRANDWONDE (MORGAN <i>ET AL.</i> , 2000).....	89
FIGUUR 4.3: DERDEGRAADSE BRANDWONDE (MORGAN <i>ET AL.</i> , 2000).....	89
FIGUUR 4.4: VIERDEGRAADSE BRANDWONDE (MORGAN <i>ET AL.</i> , 2000).....	90
FIGUUR 4.5: DIE LUND-BROWDER-TEGNIK (MORGAN, BLEDSOE & BARKER, 2000:7).....	93
FIGUUR 4.6: BETHANY VOORDAT SY TERUGKEER NA DIE SKOOL (POINT, 2003:3)	98
FIGUUR 5.1: GESLAGSVERDELING VAN DIE KINDERS AS PROEFPERSONE.....	114
FIGUUR 5.2: KINDERS SE OUDERDOMSVERSPREIDING AS PROEFPERSONE	114
FIGUUR 5.3: WYSES WAAROP KINDERS AS PROEFPERSONE ANDER SE GEVOELEN IN AG NEEM	116
FIGUUR 5.4: KINDERS SE VERMOË AS PROEFPERSONE OM EMPATIESE OPTREDE TE TOON	120
FIGUUR 5.5: DIE BELANG VAN DIE UTTERLIKE VOORKOMS.....	121
FIGUUR 5.6: AFKEURENDE ASPEKTE VAN DIE GESKENDE KIND SE VOORKOMS.....	122
FIGUUR 5.7: KINDERS SE GESLAGSVOORKEURE AS PROEFPERSONE TYDENS SOSIALE INTERAKSIE	124
FIGUUR 5.8: ASPEKTE WAT VIR DIE KINDERS AS PROEFPERSONE VAN BELANG IS	125
FIGUUR 5.9: STEUNSTELSEL VAN DIE KINDERS AS PROEFPERSONE.....	126
FIGUUR 5.10: ONAFHANKLIKE DENKE EN OPTREDE VAN DIE KINDERPROEFPERSONE.....	127
FIGUUR 5.11: KINDERS SE VERMOË AS PROEFPERSONE OM PORTUURGROEPSDRUK TEEN TE GAAN.....	128
FIGUUR 5.12: SOSIALE OPTREDE TEENoor GESKENDE KIND.....	129
FIGUUR 5.13: KINDERPROEFPERSONE SE REAKSIE TEENoor GESKENDE KINDERS IN DIE KLASSITUASIE.....	130
FIGUUR 5.14: ALGEMENE MORELE ONTWIKKELING.....	132
FIGUUR 5.15: MENINGS VAN ONDERWYSERS ASOOK KINDERPROEFPERSONE SE BLOOTSTELLING AAN BRANDWONDE EN GESKENDHEID	134
FIGUUR 5.16: RESPONDENTE SE BEWUSTHEID TEN OPSIGTE VAN DRUKKLEDINGSTUKKE.....	135

Lys van tabelle

TABEL 2.1: SELFREGULERING AS NOODSAAKLIKE LEWENVAARDIGHEID	32
TABEL 2.2: PROMINENTE KARAKTEREIEKSKAPPE VAN KINDERS VOLGENS DIE DISC-ANALISE.....	39
TABEL 2.3: VERSKILLE TUSSEN DIE PRE - EN KONKREET -OPERASIONELE FASE VAN KOGNITIEWE ONTWIKKELING.....	48
TABEL 2.4: PIAGET SE FASES VAN MORELE ONTWIKKELING.....	58
TABEL 4.1: LETSELVORMING MET BETREKKING TOT BRANDWONDE.....	93
TABEL 4.2: BEHANDELINGSTEGNIEKE TEN OPSIGTE VAN BRANDLETSELS.....	94
TABEL 5.1: DIE NAVORSINGSPROSES.....	106
TABEL 5.2: DIE VERBAND TUSSEN SOSIALE OMSTANDIGHEDE EN DIE ERVARING VAN EMOSIES.....	116
TABEL 5.3: OPTREDE VAN KINDERS AS PROEFPERSONE TYDENS AGGRESSIE EN BESPOTTING	118
TABEL 5.4: VERGELYKING TUSSEN DIE BEVINDINGS VAN DIE LITERATUURSTUDIE EN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK.....	137

Glossarium

Laerskoolkind	‘n Kind in die middelkinderjare-lewensfase en spesifiek tussen die ouderdom van agt tot tien jaar.
Verskillende bekwaamhede	President Mbeki het tydens sosiale geleentheid op 23-10-2004 aanbeveel dat die term verskillende bekwaamhede eerder gebruik word om na persone wat oor bepaalde gestremdhede beskik te verwys. Geskendheid sal beskryf word as ‘n spesiale bekwaamheid waaroor ‘n kind kan beskik, maar dit kan ook verwys na ander bekwaamhede byvoorbeeld kanker, Down-sindroom, blindheid, gehoor- en fisiese gestremdheid.
Multi-kultureel	Multi-kultureel verwys nie slegs na die verskillende rassegroepe nie, maar ook na kinders wat oor andersoortige behoeftes beskik.
Selfbewustheid	Die mate waarin die kind van sy eie emosies, denke en vaardighede bewus is.
Opvoedkundige personeel	Dit sluit spelterapeute, maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers asook skoolhoofde in.
Triangulering	‘n Multi-dimensionele inligtinginsamelingsmetode. Dit wil sê inligting is deur middel van ‘n literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoude met kinders asook die voltooiing van onvoltooide sinnetoets en oop vrae deur onderwysers as proefpersone, verkry.
Riglyn	Strukturele raamwerk waarvolgens opvoedkundige personeel leiding ontvang ten einde die laerskoolkind se bewustheid ten opsigte van lewensvaardighede aan te spreek.
Emosionele bevoegdheid	Omdat die kind se selfbewustheid aangespreek word, beskik hulle oor die vermoë om beheer oor hulle emosies te neem.
Temperament	Hierdie karaktereenskappe is reeds sedert geboorte teenwoordig. Die omgewing beïnvloed wel ‘n kind se temperament en gevolglik ontwikkel die kind op ‘n latere ouderdom ‘n persoonlikheid.

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding

1. INLEIDING

Die laerskoolkind is gewoonlik in die ouderdomskategorie van ses tot twaalf jaar en bevind homself in die middelkinderjare. Vir doeleindes van die studie sal daar na die kind in die middelkinderjare, met spesifieke verwysing na sy vermoëns en behoeftes, verwys word. Verdere aandag sal ook aan die rol van lewensvaardighede geskenk word en die manier hoe dit neerslag vind in die middelkinderjare-kind se interaksie met ander kinders in die skoolomgewing.

Verskeie skrywers (vergelyk Berk, 2002:240; Louw, van Ede & Louw, 1998:342; Smit, Cowie & Blades, 1998:155; Du Toit & Kruger, 1991:108) het hierdie kind se ontwikkeling beskryf. Hulle spreek die mening uit dat hierdie kind (hierna verwys word as die manlike geslag) se vermoë, selfstandigheid en onafhanklikheid deurgaans toeneem. Hulle verduidelik ook verder dat hy al meer begrip vir ander se gevoelens toon en dat daar geleidelike toename in sy empatie en meegevoel is. Daar word ook genoem dat hierdie kind leer om sy emosies op die volgende drie maniere te hanteer, naamlik: om dit te beheer, te onderdruk of weg te steek. Deur te fokus op selfbewussyn en hom dus bewus te maak van sy emosies, denke en vaardighede sal die hantering daarvan meer doelgerig kan plaasvind en sal dit in sy gedrag en kommunikasie weerspieël word. De Klerk en Le Roux (2003:10) verklaar dat indien voorgenoemde plaasvind, die kind met verhoogde emosionele bevoegdheid sal kan optree. Emosionele bevoegdheid en selfbewussyn vorm 'n kern in elke mens en sluit werklikheid, vermoë en bemagtiging in, deur middel van lewensvaardighede wat die kind kan aanleer of wysig.

Die vermoë, begrip vir ander se gevoelens en hantering van emosies vanuit hierdie lewensfase, sal aspekte wees wat in sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek aandag sal geniet. Op bogenoemde wyse sal die interaksie met die kind, wat weens brandbesering geskend is, aangespreek word. Rooth (1997:23) beweer juis dat die bewusmaking van lewensvaardighede kinders kan bemagtig om in onbekende situasies, byvoorbeeld tydens interaksie met die geskende kind, meer effektief 'n gesprek te kan

voer en te kan optree. Lewensvaardighede wat volgens Rooth (1997:22) asook De Klerk en Le Roux (2003:12) belangrik is vir suksesvolle interaksie, sluit onder andere kommunikasie, lees, luister, probleemoplossing, besluitneming, stres hantering, innoverende denke, selfbewussyn en –disipline in. Verdere verduideliking met betrekking tot die nodige lewensvaardighede wat vir die doeleindes van hierdie studie belangrike aspek sal wees, word in hoofstuk twee bespreek.

Behalwe vir hierdie unieke ontwikkelingsfase, is die Departement van Onderwys se beleid ook sedert 1994 so aangepas dat alle kinders in die hoofstroomonderwysstelsel geïnkorporeer moet word. Alhoewel kinders tydens die bywoning van skool in aanraking kom met hul eweknie, bestaan die verwagting dat hul ook met ander kulture en rasse, asook kinders met verskillende bekwaamhede, byvoorbeeld gestremde of geskonde kinders, kontak sal hê. Redgraue (2000:195) verklaar dat Suid-Afrika se kulturele diversiteit juis die noodsaaklikheid van opvoedkundige personeel beklemtoon, om bewustheid rakende die opvattinge en tradisies van die kulturele groepe waarmee hy in interaksie is, te skep. Ten spyte van die voorgenoemde optimistiese bespreking van die kind se ontwikkeling is Du Toit *et al.*, (1991:122) en Berk (2002:444) egter ook van mening dat hierdie kinders 'n algemene vrees vir aktuele sake koester. Daar kan dus verwag word dat hulle byvoorbeeld oor 'n vrees vir brandwonde en geskendheid sal beskik.

Vanuit 'n persoonlike perspektief is dit duidelik dat daar in die onderwys beleidsaanpassings gemaak is ten opsigte van die hoofstroominname van kinders. Vanuit 'n teoretiese perspektief beskik die kind in die middelkinderjare oor sowel die vermoë as behoeftes. Die onderwysomgewing sal dus vanuit 'n opvoedkundige milieu bewus moet wees en ook voorsiening vir hierdie kind se behoeftes behoort te kan maak.

Die navorser gaan dus vanuit 'n gestaltbenadering riglyne aanbied vir die doel van hierdie studie ten einde opvoedkundige personeel bewus te maak van die kind in die middelkinderjare se holistiese ontwikkeling. Sodoende sal sy selfbewusmakingsproses deur middel van lewensvaardighede aangespreek kan word.

2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Interessante gegewens het as motivering van die studie gedien. Vanuit bestaande navorsing en literatuur (vergelyk Louw *et al.*, 1998:322-328; Du Toit *et al.*, 1991:122-144; Wait, Meyer & Loxton, 2003:25), word bevestiging ontvang dat hierdie kind se ontwikkeling in die middelkinderjare wel meer gevorderd is as die vorige lewensfase. Dit impliseer dus dat hy oor die vermoë beskik om ander persone se gevoelens in ag te neem en om ook meer sensitief op te tree. Rooth (1997:31) en Kleinke (1998:3) verklaar dat lewensvaardighede in hierdie ontwikkelingsfase hoofsaaklik op die voorkoming van probleme gerig is. Omrede die kind tydens hierdie ontwikkelingsfase reeds oor sekere lewensvaardighede beskik, sal daar vir die doeleindes van hierdie studie hoofsaaklik op kinders se bewustheid ten opsigte van hul inherente vermoë gefokus word. Hulle selfbewussyn sal met ander woorde aangespreek word om hulle te bemagtig om nie slegs hulle eie emosies beter te hanteer nie, maar groter sensitiwiteit rakende hulle klasmaats se emosies te ontwikkel.

Selfbewussyn is nie slegs verweef met elkeen se besondere menslike eienskappe en vermoë nie, maar hou ook verband met die manier waarop daar na ander persoon uitgereik word. Gouws (in Blom, 2004:3) beweer dat die doel van die gestaltbenadering juis is om die bewussynsvlak van die kind te verbeter: *“The aim of gestalt therapy is to help the client to improve the perceptions of his or her experiences in their totality.”* Hierdie riglyn sal dus die bewustheid van opvoedkundige personeel ten opsigte van die holistiese ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare aanspreek. Sodoende sal hierdie kind se selfbewussyn met betrekking tot inherente lewensvaardighede, in perspektief gebring word wat tot emosionele bevoegdheid sal lei.

Die demokratiese regte van die kind en diskriminasie teen groepe op skoolvlak, het verder as motivering tot die studie gedien (Berry & Guthrie, 2003:25). Indien kinders van verskillende kulture asook kinders met verskillende bekwaamhede, byvoorbeeld gestremde of geskende kinders in isolasie gewoon en gefunksioneer het, sou hierdie studie nie nodig gewees het nie. Volgens die Witskrif op die Geïntegreerde Nasionale Gestremdheidstrategie, die *NCESS* (Departement van Onderwys, 1997), asook die

Education White Paper 6: Special Needs Education (Departement van Opvoeding, 2001) fokus die Departement van Onderwys op die demokratiese regte van hierdie groep kinders en daar word genoem dat diskriminasie teenoor hierdie groepe onvanpas is. Die insluiting van hierdie kinders in die hoofstroomonderwysstelsel, is 'n onvermydelike fenomeen. Dit is dus noodsaaklik dat opvoedkundige personeel nodige bewusmaking en opleiding sal ontvang om doelgerigte opvoeding op sowel akademiese as sosiale en emosionele vlak te voorsien. Vir doeleindes van hierdie studie word geskonde kinders, as gevolg van brandwonde, as een groep leerders met spesiale bekwaamhede gesien, wat in die klaskamer ingesluit moet word. 'n Groot aantal kinders word deur brandwonde beïnvloed, soos sal blyk uit die statistieke wat bespreek sal word. Die verwagting is dus dat toenemend meer kinders met geskendhede na die gemeenskap sal terugkeer en spesifiek ook na die skoolomgewing. Ten einde die leser se insig met betrekking tot die verskynsel van brandwonde in Suid-Afrika te verbeter, word die volgende statistieke en later 'n oorhoofse bespreking van brandwonde, voorgehou.

Volgens die vierjaarlikse verslag van die *National Injury Mortality Surveillance System* (NIMSS, 2003), is 35 % van die totale aantal sterftes deur brandbeserings veroorsaak. Ongeveer 18,3 % van hierdie sterftes was kinders jonger as 14 jaar. Suid-Afrika beskik tot op hede nie oor 'n nasionale brandwondregister nie en gevolglik kan die aantal kinders wat brandbeserings oorleef nie akkuraat bepaal word nie. Statistieke rakende pediatriese beserings word hoofsaaklik van die Rooi Kruis Oorlogsverteraan Hospitaal verkry (hiernaas verwys na 'die hospitaal'). Volgens hierdie hospitaal se databasis was ongeveer 6826 kinders jonger as twaalf jaar gedurende die tydperk van 1991 tot 2000, in die hospitaal vir brandbeserings behandel. Ongeveer 33 % van hierdie kinders was gehospitaliseer weens die ernstigheid van hierdie wonde. Die area van die liggaam wat meestal deur die brandbeserings beïnvloed is, sluit die hande, nek en arms in. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat hierdie kinders terug sal gaan na die gemeenskap met letsels op die sigbaarste gedeeltes van hulle liggaam. Ten spyte hiervan verklaar Blakeney en Creson (2002:333) dat die graad van brandwonde, area van liggaam wat gebrand is, amputasies, ouderdom en intelligensie van die kind, nie sy aanpassing in die gemeenskap bepaal nie. Dit is egter die familie se ondersteuning, reaksie van die

gemeenskap en die betrokke se bereidwilligheid om sosiale risiko's te neem wat die kwaliteit van lewe aansienlik beïnvloed. Die noodsaaklikheid van lewensvaardighede wat die kind in die middelkinderjare bemagtig om hierdie groep kinders met meer empatie en sensitiwiteit te hanteer, word ook deur voorgenoemde gegewens bevestig.

Die motivering vir die studie word verder versterk as gevolg van 'n persoonlike oortuiging. Dit is die navorser se persoonlike opinie dat elke kind op 'n unieke wyse hanteer moet word en ongeag sy agtergrond en omstandighede, die reg tot opvoeding het. Alhoewel opvoeding en opleiding die hoofrede vir kinders se skoolbywoning is, verkeer hulle ook in sosiale interaksie. Portuurgroepsaanvaarding en –ondersteuning is vir alle kinders in hierdie ontwikkelingsfase van kardinale belang (Fopma-Loy, 2000:29-30). Die navorser beoog om deur middel van hierdie ondersoek opvoedkundige personeel se bewustheid met betrekking tot die kind in die middelkinderjare se holistiese ontwikkeling aan te spreek. Gevolglik sal hierdie personeel bemagtig word om hierdie kind, wat reeds oor lewensvaardighede beskik soos kommunikasie, innoverende denke en empatiese begrip, se selfbewussyn met betrekking tot hierdie inherente vermoë in perspektief te bring. Deur middel van bogenoemde behoort die ongeskonde kind, maar ook die geskonde kind, se emosionele bevoegdheid aangespreek te word wat sodoende tot aanvaarbare interaksie sal lei.

3. PROBLEEMFORMULERING

Die middelkinderjare word vanuit die literatuur (vergelyk Louw, van Ede & Louw, 1998:423; Wait, Meyer & Loxton, 2003:25; Smith, Cowie & Blades, 1998:222) beskryf as 'n lewensfase waar bepaalde lewensvaardighede, soos om met 'n ander in interaksie te tree, reeds ontwikkel het. Dit is egter noodsaaklik dat die kind deur middel van opvoedkundige personeel bewus gemaak word van hierdie inherente vermoë, soos begrip, aanvaarding en kommunikasie. Hierdie kind se selfbewustheid moet dus aangespreek word, met betrekking tot sy vaardighede om met die geskonde klasmaat te kan kommunikeer.

’n Verdere probleem wat aanleiding tot hierdie navorsing gegee het, is dat kinders met verskillende bekwaamhede asook die geskende kind nie meer tot die hoofstroomonderwysstelsel geweier kan word nie. Indien hy nie in hierdie omgewing aanvaarding en sosiale ondersteuning ontvang nie, is gedragsprobleme en vroeë skoolverlating moontlike gevolge (Berk, 2002:587). Ten einde voorgenoemde moontlik te maak, is dit noodsaaklik dat opvoedkundige personeel se bewustheid ten opsigte van multi-kulturele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare aangespreek moet word. Soos reeds deur statistieke uitgewys is, is daar drastiese toename in die aantal kinders wat weens brandwonde geskend is. Daar kan dus aangeneem word dat meer geskende kinders in die hoofstroomonderwysstelsel ingesluit sal moet word. Die bekommernis is dat die opvoedkundige personeel en klasmaats nie in staat sal wees om aan die geskende kind die nodige ondersteuning te bied nie.

Vanuit ’n persoonlike mening is dit noodsaaklik dat opvoedkundige personeel bemaagtig sal word om alle kinders, ongeag spesiale bekwaamhede, in die klaskamer in te sluit. Indien hierdie personeel oor die nodige bewustheid beskik, sal hulle die nodige leiding aan die leerders kan bied ten einde hulle in staat te stel om hierdie groep kinders in die klas te aanvaar.

Die probleem wat deur middel van hierdie studie aangespreek sal word, is dat daar nie riglyn of program vir lewensvaardighede, sover bekend, vanuit die gestaltbenadering bestaan nie. Gevolglik word opvoedkundige personeel se bewustheid ten opsigte van die holistiese ontwikkeling van kind in die middelkinderjare nie aangespreek nie. Die afleiding wat gemaak word, is dat hierdie personeel tans nie bemaagtig is om hierdie kind se selfbewussyn ten opsigte van sy inherente vaardighede aan te spreek nie.

4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

In die literatuur word verskeie menings gehuldig ten opsigte van die betekenis van doel, doelstelling en doelwitte. Vir doeleindes van hierdie studie sal die volgende omskrywing en beskrywing van die begrippe aan die leser voorgehou word:

4.1 Doelstelling

Volgens Fouché (2002:107) is doelstelling die eindproduk waarnatoe gewerk moet word. In aansluiting hiermee is De Vos (2002:404) van mening dat doelstelling die oorhoofse toestand of uitkoms is wat deur die gemeenskap of groep verlang word. Die doelstelling van hierdie studie is dus om vanuit die gestaltbenadering, riglyne vir opvoedkundige personeel te bied om hulle te bemagtig om die kind se selfbewussyn in hierdie lewensfase ten opsigte van lewensvaardighede aan te spreek. Om aan hierdie doelstelling te voldoen is die volgende doelwitte noodsaaklik.

4.2 Doelwitte

Volgens Fouché (2002:107) is doelwit spesifieke verandering wat plaasvind in program, beleid of soos vir die doeleindes van hierdie studie, die praktyk, wat bydrae tot die breë doelstelling. Die doelwitte vir hierdie navorsingstudie is om deur middel van 'n trianguleringsproses:

4.2.1 eerstens te fokus op 'n literatuurstudie met die oog op:

4.2.1.1 in-diepte bestudering van lewensvaardighede waarvoor hierdie kind reeds beskik te voltooi, asook die invloed van die verskillende temperamente van 'n kind. Die kind in die middelkinderjare se vermoë en behoeftes op die volgende ontwikkelingsterreine, naamlik: kognitief, moreel, emosioneel, sosiaal sal ook bestudeer word;

4.2.1.2 teoretiese oorsig rakende gestaltbeginsels en –speltegnieke, tydens die bewusmaking van lewensvaardighede te verkry; en

4.2.1.3 deur middel van teoretiese oorsig met betrekking tot die mediese en sosiale komponente van geskendheid, bewustheid maar ook sensitiwiteit ten opsigte van brandwonde en die gevolge daarvan te verkry.

- 4.2.2 om tweedens die trianguleringsproses voort te sit en deur middel van 'n empiriese ondersoek met agt kinders, asook twee klasonderwysers as proefpersone onderskeidelik semi-gestruktureerde onderhoude, voltooiing van 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae te benut om verdere inligting in te samel;
- 4.2.3 derdens deur middel van geskrewe riglyne vanuit die gestaltbenadering, die drie genoemde inligtingsbronne te benut en opvoedkundige personeel te ondersteun. Sodoende sal hulle bemagtig word om deur middel van lewensvaardighede kinders se selfbewussyn ten opsigte van interaksie en kommunikasie met onder andere die geskende kind, aan te spreek.

5. NAVORSINGSAANNAME

Volgens Babbie en Mouton (2001:79) is die hoofdoel van die meeste sosiale navorsing om 'n sekere onderwerp na te vors en sodoende meer kennis op hierdie terrein in te win. Bogenoemde benadering word ook volgens die outeurs benut indien nuwe belangstelling nagevors word, of as die studie relatief nuut is en min inligting beskikbaar is. Neuman (2003:364) vind aanklank by voorgenoemde en verklaar dat hierdie navorsingsaannames veral gebruik word indien die navorser meer oor bepaalde onderwerpe wil leer of verstaan.

Die aanname wat dus in hierdie studie gemaak word, is dat indien opvoedkundige personeel kinders se selfbewussyn in die middelkinderjare aanspreek deur middel van lewensvaardighede vanuit die gestaltbenadering, hierdie kinders beter bemagtig sal wees om in interaksie met, onder andere geskende kind, te verkeer. Gevolglik sal geskende kinders se herintegrasie tot die skoolomgewing ook verbeter word. Navorsing met betrekking tot die bemagtiging van ongeskonde kinders is relatief beperk. Die studie sal vanuit verkennende asook beskrywende oogpunt benader word om nuwe, bruikbare literatuur beskikbaar te stel wat as navorsingsbron met riglyne vir opvoedkundige personeel sal dien.

6. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Volgens Strydom (2002:255) moet die navorsingsmetodologie volledig beskryf word ten einde die navorser duidelikheid te bied oor die navorsingstappe wat in die studie gevolg moet word. Vervolgens sal stappe wat in hierdie studie belangrik was aan die leser voorgehou word.

6.1 Soort navorsing

Navorsing het ’n verkennende en beskrywende funksie wanneer die navorser vrae vra soos: *Watter en wat* (Vergelyk Babbie, 1999:79; Neuman 2003:88.) In die lig van die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie studie geformuleer is, is dit duidelik dat toegepaste navorsing met ’n verkennende en beskrywende aard benut is.

Volgens Babbie (1999:44) sal die resultate van toegepaste navorsing ’n effek op verdere dienslewering hê. Hierdie tipe navorsing word ook gedoen om ’n spesifieke probleem aan te spreek (Neuman, 2003:22). Voorgenoemde outeur verklaar ook: “... *applied research usually means a quick, small-scale study that provides practical results that people can use in the short term.*” Daar word gepoog om oplossings en aanbevelings te bied vir ’n probleem wat deur ’n spesifieke groep individue in ’n situasie ervaar word. Toegepaste navorsing het dus ten doel om bestaande kennis te verken ten einde nuwe kennis te bekom. Toegepaste navorsing sal die navorser in staat stel om die gestaltbenadering te bestudeer en sodoende relevante kennis rakende lewensvaardighede vir die laerskoolkind daar te stel.

Die verkennende aard van hierdie navorsing sal uitgeoefen word wanneer daar, deur middel van triangulering, nuwe kennis en begrip rakende ’n spesifieke werksterrein bekom word. Daar sal gefokus word op die ontwikkeling van ’n kind in die middelkinderjare asook lewensvaardighede waarvoor hierdie groep reeds beskik. Die beskrywende aard van hierdie navorsing sal ’n weergawe behels. Die nuwe kennis sal in die vorm van ’n riglyn vanuit die gestaltbenadering vir die aanwending van lewensvaardighede saamgestel word. Opvoedkundige personeel sal dit kan benut om op die verbetering van die kind se selfbewussyn te fokus. Hierdie verbeterde selfbewussyn

sal meebring dat hierdie kind geskonde klasmaat met meer selfvertroue sal kan hanteer. Die navorser is gevolglik van mening dat die studie bydrae tot die opvoedkundige milieu sal lewer omrede opvoedkundige personeel bemagtig sal word om die kind se selfbewussyn rakende sy eie vermoëns en vaardighede aan te spreek.

6.2 Navorsingsbenadering

Vanuit die keuse van die navorsingstradisie vloei die bepaalde navorsingsbenadering wat gevolg is. Die fenomenologiese tradisie volg kwalitatiewe benadering. Hierdie benadering word deur Fouché en Delport (2002:79) beskryf as wyse waarin die sosiale lewe en betekenis wat mense daaraan heg, verstaan word. Daar word dus deur middel van hierdie benadering gepoog om nie sosiale verskynsels te verklaar nie, maar om dit eerder te beskryf. Babbie (2004:307) verklaar ook dat kwalitatiewe navorsing spesifiek effektief is, indien houdings en optredes asook sosiale prosesse oor spesifieke tydspanne bestudeer word. Volgens Sentrum (in De Vos, Fouché en Venter, 2002:240) fokus kwalitatiewe navorsing hoofsaaklik op menslike gedrag, byvoorbeeld kenmerkende aspekte teenoor die kwantifiseerbare meetbare aspekte. Fasette van die menslike gedrag kan dus ondersoek en in verband gebring word met mekaar.

Deur middel van hierdie navorsing sal daar dus gepoog word om die deelnemers se belewenisse en persepsies na vore te bring. Die proses van interaksie tussen die waarnemer en deelnemer, bied die geleentheid vir die ontdekking van die deelnemer se leefwêreld en word deur middel van kwalitatiewe metodes interpreteer (Fouché, 2002:273). Die fokus is dus eerder op begrip as verklarings en natuurlike waarneming teenoor gekontroleerde meting.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal semi-gestruktureerde onderhoude, onvoltooide sinnetoets en oop vrae as ontwerp vir die kwalitatiewe navorsing gebruik word. Volgens Bless en Achola (2000:104–108) bied hierdie navorsingsmetodes vir die navorser geleentheid om verduidelikende antwoorde van die proefpersone te verkry. Die navorsingsproses word sodoende verbeter.

Kwalitatiewe navorsing en die ontwerpmetodes wat benut word, sal daartoe lei dat die bewusmaking en benutting van lewensvaardighede verbeter, aangesien die navorser menslike gedrag bestudeer. Deur middel van triangulering sal bruikbare riglyne vir opvoedkundige personeel saamgestel word met die doel om die selfbewussyn deur middel van lewensvaardighede aan te spreek.

7. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude, onvoltooide sinnetoets en oop vrae as navorsingstrategie van die kwalitatiewe navorsing, is dit volgens Greeff (2002:303) nodig dat die konteks deeglik beskryf word. Die gebruik van verskillende inligtinginsamelingsmetodes en toepaslike ontledingstrategieë word ook deur voorgenoemde skrywer as noodsaaklik beskryf.

7.1 Insameling van inligting

Daar bestaan volgens Neuman (2003:134) geen vaste resep wat die metode en wyse voorskryf waarvolgens data vanuit die kwalitatiewe perspektief ingesamel behoort te word nie. Die enigste vereiste is dat die proefpersone sistematies waargeneem sal word.

Die inligtinginsamelingstegniek volgens semi-gestruktureerde onderhoude, onvoltooide sinnetoets en oop vrae as navorsingstrategie, het tydens hierdie studie deur middel van triangulering geskied. Triangulering is volgens Mouton en Marais (1992:92) asook De Vos (2002:365) die insluiting van meerdere data-insamelingsmetodes wat die geldigheid van die waarneming sal verhoog en hou om die rede vir die navorser heelwat voordele in. Babbie (2004:113) definieer hierdie term soos volg: “...*the use of several different research methods to test the same finding...*”. Met verwysing na hierdie studie het triangulering vir die navorser geleentheid gebied om teoretiese uitgangspunte met die waarnemings en algemene menings van kinders in die middelkinderjare, maar ook die betrokke onderwyser se opvattinge, te vergelyk. Daar word verwag dat hierdie studie die navorser in staat sal stel om werkbare ooreenstemmings, maar ook verskille tussen die praktyk en die bestaande teorie, te ondersoek. Die effektiwiteit van die riglyn is ook

verhoog, aangesien 'n verskeidenheid van insette benut is om hierdie fenomeen te ondersoek. Voorgenoemde sal vervolgens toegelig word.

7.1.1 Literatuurstudie

Drie sentrale temas is in die literatuurstudie verken en beskryf, naamlik:

- Die ontwikkeling van kind in die middelkinderjare om sodoende vermoë en behoeftes te kon identifiseer om moontlike lewensvaardighede aan te spreek.
- Vanuit die gestaltbenadering as konseptuele raamwerk is die fokus op die verbetering van die kind se selfbewussyn, deur die benutting van speltegnieke geplaas word.
- Die dinamika van brandwonde vir agtergrondkennis is bespreek. Sodoende sal die nodige begrip en insig vir die leser gebied kan word om bewus te wees van die geskende kind se vrese en bekommernisse.

7.1.2 Onderhoudsvoering met kinders in die middelkinderjare

Onderhoudsvoering word deur Greef (2002:291) beskou as effektiewe inligtingsamelingstegniek vir kwalitatiewe navorsing. Neuman (2003:290) is ook van mening dat onderhoudsvoering, hetsy semi-gestruktureerd of ongestruktureerd, die hoogste terugvoering statistieke toon en werkbare inligting word verkry. Dit is egter nodig dat die navorser deeglik bewus sal wees van die tegnieke van onderhoudsvoering om die gewenste resultate te verseker.

Tydens semi-gestruktureerde onderhoude is daar van 'n selfontwerpte vraelys in die vorm van 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae (sien addendum A) gebruik gemaak. Ferreira en Read (in Blom 2004:231) is daarvan oortuig dat dit as effektiewe manier benut kan word om die kind se voorgrond te bepaal.

7.1.3 Voltooiing van onvoltooide sinne en oop vrae deur kundiges, naamlik opvoedkundige personeel

Die onvoltooide sinne en oop vrae is in die vorm vraelys gestruktureer. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:70) kan die term ‘vraelys’ soos volg omskryf word: “*Stel vrae of vorm wat die respondent invul ten opsigte van navorsingsprojek*”. Vir hierdie studiedoeleindes is die onvoltooide sinnetoets en oop vrae gefokus op die onderwyser as proefpersoon se waarneming en algemene mening met betrekking tot die gekose kind se ontwikkeling en sosiale interaksievermoë. Daar is hoofsaaklik van ‘n onvoltooide sinnetoets en oop vrae gebruik gemaak, omrede dit vir die proefpersoon ‘n geleentheid gegun het om menings in beskrywende wyse te motiveer.

Met inagneming van onderwyspersoneel se beperkte tyd, is hierdie vorms per hand afgelewer en weer persoonlik deur die navorser afgehaal. Delport (2002:174) en Neuman (2003:289) bevestig voorgenoemde werkswyse as effektief te wees, aangesien terugvoering verhoog word as gevolg van persoonlike kontak en die respondent nie op ongeleë tydspanne gesteur word nie.

7.2 Ontledingstrategie

Inligting wat verkry word uit kwalitatiewe navorsing is meestal in die vorm van ‘n geskrewe beskrywing van die waarnemings volgens Greef (2002:294). Volgens Fouché en Delport (2002:267) is daar verskeie ontledingstrategieë wat benut kan word tydens die uitvoering van kwalitatiewe studie. Bogenoemde outeurs is van mening dat daar geen regte of verkeerde inligtingsontleding in kwalitatiewe navorsing is nie. Drie hoofkeuses vir inligtingsontleding word onderskei naamlik: memorandum; kontekstualiseringstrategieë soos gevallestudies, asook kategoriseringstrategieë soos kodering. Maxwell (in Blom, 2000:307) verklaar dat hierdie metodes meestal gekombineer word.

Vervolgens sal twee metodes kortliks bespreek word wat benut is om die inligting te ontleed, naamlik:

- Kontekstualiseringstrategieë fokus daarop om inligting binne bepaalde konteks te verstaan, soos om inligting te bekom deur die benutting van semi-gestruktureerde onderhoude, onvoltooide sinnetoets en oop vrae. Volgens Bless en Achola (2000:108) word die sukses van die onderhoud hierdeur verhoog aangesien die onderhoudsvoerder die geleentheid gegun word om onduidelikhede te herformuleer. Omvattende, sistematiese en in-diepte inligting kan dus verkry word.
- Kodering vanuit kwalitatiewe perspektief verwys na inligting wat gedurende die studie versamel word, opgebreek en gekategoriseer sal word (Delpont 2002:346).

8. UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Ten einde op die sinvolle uitvoerbaarheid van die studie te fokus, sal vyf aspekte kortliks uitgelig word.

8.1 Literatuurstudie

Die doel van literatuurstudie is om aan die navorser goeie verwysingsraamwerk vir toekomstige studie te bied. (Vergelyk Babbie, 1999:232; Strydom, 2002:346). Op so wyse kan die navorser bestaande literatuur verken en leemtes bepaal.

Vir doeleindes van hierdie studie het die navorser bronne oor die ontwikkeling van kind in die middelkinderjare, die gestaltbenadering en –speltegnieke, emosionele bewusmaking asook die mediese- en psiososiale implikasies van brandwonde verkry. Hierdie insameling van inligting is moonlik gemaak deur die hulp van die Vakreferent by die UNISA-biblioteek asook Universiteit van Kaapstad. Die volgende soektogte is onderneem:

- Databasissoektog van verwysings na tydskrifartikels en boeke in die Sielkunde, Opvoedkunde en Maatskaplike Werk.
-

- Literatuursoektogte is met behulp van verskeie indekse, onder andere *EBSCO Online*; *Oasis*; *Magnet*; *Psyclit* asook *ERIC*, bekom. Verskeie toepaslike materiaal is opgespoor. Die volgende bronne word vir die doeleindes van hierdie studie uitgesonder.

Soos reeds genoem is literatuurstudie met betrekking tot die middelkinderjare-kind se ontwikkeling die hooffokus van die studie. Deur die bestudering van bronne (vergelyk Fopma-Loy, 2000:111; Louw, *et al.* 1998:348; Wait, *et al.* 2003:137; Smit, *et al.*, 1998:155) was dit moontlik om die kind se vermoë en behoeftes op 'n kognitiewe, morele, emosionele en sosiale ontwikkelingsvlak te bepaal. Deur bogenoemde bestudering was dit vir die navorser moontlik om teikenareas te identifiseer. Daar is onder andere gevind dat geen beskikbare literatuur vanuit die gestaltbenadering kind se ontwikkeling beskryf nie. Die navorser kon ook geen beduidende literatuur vind wat die vermoë en behoeftes van kind in die middelkinderjare deur middel van lewensvaardighede in verband bring nie.

Die skoolomgewing bied deesdae 'n uitdaging vir die opvoedkundige personeel om by ander kulturele groepe asook kinders met verskillende bekwaamhede aan te pas. Gevolglik is 'n teoretiese ondersoek vanuit die gestaltbenadering noodsaaklik. Navorsingsbronne soos Oaklander (1988), Webb (1999), Blom (2004), Joyce en Sills (2001) en Phillipson (1998) is dus bestudeer. Met betrekking tot die benutting van die gestaltspelbenadering in klaskamer, is die inligting beperk en slegs een navorsingsbron kon opgespoor word. Drewes, Carey en Schaefer (2001) het 'n navorsingsbron, gebaseer op die benutting van speltegnieke in die skoolomgewing, die lig laat sien. Tegnieke en beginsels van terapeutiese situasie is in die klaskamer ingesluit. Daar moet egter gelet word op die feit dat opvoedkundige personeel nie opleiding in berading ontvang het nie en 'n klaskamer nie geskikte plek vir terapie is nie. Die leemtes en behoeftes wat dus hieruit geïdentifiseer kon word, behels 'n riglyn vanuit die gestaltbenadering vir opvoedkundige personeel wat noodsaaklik is om hulle tot verdere opleiding te motiveer.

Die navorser is verder van mening dat alvorens begrip en insig van situasie ontwikkel kan word, die leser oor bepaalde kennis behoort te beskik. Dit is dus om hierdie rede dat geselekteerde literatuurstudie rakende mediese en psigososiale gevolge van brandwonde ingesluit word. Sodoende sal die noodsaaklikheid van riglyne vir lewensvaardighede begryp word en kan die leser teoretiese kennis met betrekking tot die dinamika van brandwonde ontwikkel. Suid-Afrikaanse literatuur aangaande mediese en psigososiale implikasies van brandwonde is beperk. Twee outeurs naamlik Horwitz (1999) en Liebowitz (2001) het tydens hul Magister-skripsies gefokus op die dinamika van brandwonde in die Suid-Afrikaanse konteks. Die navorser was verder genoodsaak om van internasionale navorsingsbronne gebruik te maak. Bronne wat gebruik is, sluit hoofsaaklik (Vergelyk Blakeney & Cresson, 2002; Haddadin, Kurdy & Haddad, 1999; Herdon, 2002) in. Dit is egter onmoontlik om die bevindinge van hierdie navorsers direk van toepassing op Suid-Afrikaanse konteks te maak. Moontlike rede hiervoor is dat Suid-Afrika multi-kulturele land is, wat onder andere oor elf verskillende tale en kulture beskik. Die mediese inligting is net soos hierdie spesifieke lewensfase noodsaaklik vir 'n opvoedkundige omgewing. Dit is dus nodig dat hierdie kennis vir die personeel en behoeftes van die kind in die middelkinderjare met mekaar in verband gebring word.

Nadat areas van behoeftes en leemtes geïdentifiseer was, was dit ook noodsaaklik om die bestaande literatuur met betrekking tot lewensvaardighede in Suid-Afrikaanse konteks te bepaal. Daar is gevind dat Rooth (1997) fenominale bydraes ten opsigte van die genoemde terrein gelewer het. Bydraes van Ebersöhn en Eloff (2003) ten opsigte van lewensvaardighede, asook Viviers (2003) is ingesluit. Alhoewel hierdie navorsingsbronne vir opvoedkundige personeel riglyn vir die aanbieding van lewensvaardighede bied, word die holistiese ontwikkeling van kind en dus bogenoemde benadering nie beklemtoon nie. Hierdie personeel word dus nie in staat gestel om deur middel van die nodige lewensvaardighede kinders se selfbewussyn in die middelkinderjare aan te spreek nie.

Vanuit die literatuurstudie was dit duidelik dat daar wel vanuit 'n nasionale perspektief, sowel die Maatskaplike Werk en die Sielkunde bronne bestaan wat die kind se ontwikkeling in die middelkinderjare en inherente vaardighede aanspreek. Daar kon egter geen bronne gevind word wat vanuit 'n gestaltbenadering, opvoedkundige personeel in staat stel om kinders se selfbewussyn deur middel van lewensvaardighede aan te spreek nie.

8.2 Konsultasies met kundiges

Konsultasie is met verskeie kundiges gevoer om die uitvoerbaarheid van die studie te bepaal. Die kundiges was verteenwoordigend vanuit verskillende diensvelde:

- Me. S. Niewenwoudt: Onderwyseres van die Laerskool Eikestad in Stellenbosch is gekontak. Volgens hierdie onderwyseres is hulle nie tydens opleiding bemaatig om die nodige begrip en ondersteuning te lewer wat kinders met spesiale behoeftes vereis nie. Gevolglik word hul deesdae gekonfronteer met multi-kulturele klaskamers en is op emosionele vlak onbevoeg om in die behoeftes van die leerders te voorsien. Omdat hierdie riglyn opvoedkundige personeel in staat sal stel om kinders se selfbewussyn aan te spreek en sodoende hulle emosionele bevoegdheid te ontwikkel, was sy sterk van mening dat onderwysers moontlik hierby baat sal vind.
 - Mnr. G. Eksteen: Direkteur van die *South African Burn Foundation*, was van mening dat toenemende aantal geskonde kinders tot die hoofstroomonderwysstelsel toetree. Hy ondervind egter dat die ondersteuning wat hierdie kinders in die opvoedkundige stelsel ontvang, beperk is. Hy spreek ook die begeerte uit dat opvoedkundige personeel in bogenoemde verband oor meer kennis en vaardighede behoort te beskik.
 - Dr. R. Albertyn: Maatskaplike werker van die Rooi Kruis Oorlogsveteraan Kinderhospitaal. Bevestiging van die bogenoemde konsulerende gesprekke is ontvang. Sy is van mening dat mediese hulp aan die geskonde kind slegs tot op
-

sekere vlak kan strek en dat dit daarna noodsaaklik is dat opvoedkundige personeel hierdie ondersteuningsrol oorneem. Dr. Albertyn noem egter dat hierdie personeel tans nie bemaagtig is om bogenoemde rol te vervul nie en gevolglik ontvang geskende kinders minimale ondersteuning in die skoolomgewing. Vroeë skoolverlating en gedragsprobleme by geskende kinders is dus algemene verskynsel.

Die terugvoering wat tydens konsultasie ontvang is, was meestal positief en dui sterk daarop dat Suid-Afrikaanse opvoedkundige personeel baat sal vind by riglyne wat hulle kennis en begrip vir die kind se holistiese ontwikkeling kan verbreed. Op so `n wyse behoort hulle bemaagtig te word om kinders in die middelkinderjare se selfbewussyn met betrekking tot inherente lewensvaardighede te kan aanspreek en die riglyn toe te pas met die oog op verdere ontwikkeling.

8.3 Voorondersoek

Volgens Strydom (2002:210) is voorondersoek een manier waarin die navorser hom- of haarself ten opsigte van die studie kan oriënteer. Sodoende kan daar bepaal word watter veranderinge aangebring moet word. Bless en Higson-Smith (2000:155) definieer ook die voorondersoek soos volg: *“A small study conducted prior to a larger piece of research to determine whether the methodology, sampling, instruments and analysis are adequate and appropriate.”* Neuman (2003:181) verklaar dat die voorondersoek wel ekstra moeite is, maar dat dit die sukses van die studie verhoog indien die navorser die nodige voorbereidings en aanpassings doen.

Volgens Strydom (2002:215) is voorondersoek slegs van nut indien dit op dieselfde wyse as die beoogde ondersoek uitgevoer word. Die noodsaaklikheid hiervan word deur die voorgenoemde outeur beklemtoon, aangesien dit die navorser in staat stel om vooraf sekere aspekte te bepaal. Vir hierdie studie is daar tydens die voorondersoek hoofsaaklik op die volgende aspek gefokus:

- *Die toepaslikheid van die semi-gestruktureerde onderhoudskedulering asook die onvoltooide sinnetoets en oop vrae*

Dit was vir die navorser veral nodig gewees om te fokus op die manier waarop vrae saamgestel is. Wanopvattinge en onduidelikhede kon sodoende bepaal word. Die navorser het tydens die semi-gestruktureerde onderhoudsvoering met die betrokke kind as proefpersoon, veral aandag aan sy nie-verbale liggaamsreaksie geskenk ten einde op kongruensie te fokus. Die onderwyser as proefpersoon is gevra om skriftelik aanbevelings en kritiek ten opsigte van die onvoltooide sinnetoets en oop vrae aan te teken. Sodoende kon die navorser vanuit 'n praktiese perspektief 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae tydens die finale onderhoudsvoering aan die kind asook onderwyser as proefpersoon voorhou.

8.4 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Voordat die terme van toepassing op hierdie navorsingstudie gemaak word, is dit belangrik dat dit vanuit die teorie omskryf word. Strydom (2002:198) verklaar dat Arkava en Lane reeds in 1983 onderskeid tussen die terme 'universum' en 'populasie' getref het. 'Universum' verwys na die potensiële subjekte wat oor die kenmerke of vereistes beskik wat vir die navorser belangrik is. Neuman (2003:144) definieer die universum as: "... *set of all units that the research covers, or to which it can be generalized.*" 'Populasie' is daarteenoor moontlike kandidate binne die universum, wat oor sekere kenmerke beskik. Dit word ook gedefinieer deur Babbie (2004:190) as: "... *the group or collection that we're interested in generalizing about.*" Vir studiedoeleindes verwys 'universum' na alle kinders in die middelkinderjare. Die 'populasie' verwys egter na kinders in dieselfde lewensfase, maar wat in die Wes-Kaap woonagtig is.

Verder word daar ook in die teorie spesifiek melding gemaak van steekproef. Alhoewel steekproefneming steeds noodsaaklik is in kwalitatiewe studie, is dit minder gestruktureerd as dié van kwantitatiewe studie. Strydom (2002:202) verklaar dat

moontlike rede hiervoor die kwalitatiewe studies is wat meer op observasie en onderhoudsvoering gebaseer is. Die steekproef vorm deel van die populasie en is persone wat oorweeg word vir insluiting tot die studie (Arkava & Lane, 2000:101). Die steekproef het dus deel uitgemaak van kinders in die lewensfase tussen die ouderdom van agt en tien jaar. Hulle is ook leerders van die Laerskool Eikestad in Stellenbosch en laerskool in die Phillipi-gemeenskap.

Strydom (2002:212) verklaar ook dat navorser hoofsaaklik tydens die kwalitatiewe navorsing van nie-waarskynlikheidsteekproefneming gebruik maak. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar spesifiek op doelgerigte steekproefneming gefokus wat Strydom (2002:212) soos volg beskryf: “... *a particular case is chosen because it illustrates some feature or process that is of interest for a particular study...*” is. Bogenoemde outeurs verklaar dat dit belangrik is dat die navorser eers voorafgaande kriteria sal vasstel wat tydens die steekproefneming in ag geneem moet word. Creswell (1998:118) verklaar in die verband ook: “... *the purposeful selection of participants represents a key decision point in a qualitative study. Researchers designing qualitative studies need clear criteria in mind and need to provide rationales for their decisions.*”

Kriteria wat volgens die navorser belangrik was in hierdie studie, is die ouderdom van die kinders. Slegs vier kinders van elke skool, tussen die ouderdom van agt en tien jaar, was geselekteer. Aangesien dit ook vanuit die gestaltbenadering belangrik is om die kind se temperament en proses in ag te neem, is die kriteria vir die selektering van kinders in die vier kategorieë van temperament verduidelik, gevolglik soos deur Blom (2004:83) verklaar. Die onderwyser het dus op doelgerigte manier vier geskikte kinders vir die studie geselekteer. Die geslag van die geselekteerde kinders was nie ‘n voorvereiste nie.

9. ETIESE ASPEKTE

Etiek in sosiale navorsing word deur Neuman (2003:116) verduidelik as: “... *concerns, dilemmas and conflicts that arise over the proper way to conduct research.*” Ongeskonde kinders in die middelkinderjare en opvoedkundige personeel is by die navorsingstudie betrek met die gevolg dat beperkte persoonlike inligting ingesamel is. As gevolg van

Neuman se fokus, was dit egter steeds vir die navorser belangrik om hierdie proefpersone as medenavorsers te hanteer en dus is die doelstellings van die studie met hulle bespreek (Strydom, 2002:63).

Verdere etiese aspekte waaraan aandag gegee was, sluit die volgende in:

- Die verkryging van toestemming van die betrokke partye, naamlik die universiteit, hospitaal, skoolhoofde, respondente, ouers van deelnemers, asook die deelnemers self. Strydom (2002:65) beskryf hierdie proses soos volg, “... *implies that all possible or adequate information on the goal of the investigation, the procedures that will be followed during the investigation, the possible advantages, disadvantages and dangers to which respondents may be exposed, as well as the credibility of the researcher, be rendered to potential subjects or their legal representatives.*” Neuman (2003:124) beklemtoon verder dat geen persoon gedwing kan word om aan bepaalde studie deel te neem nie. Die toestemming tot deelname moet altyd vrywillig geskied. Formele, geskrewe voorlegging is aan die hospitaal en universiteit voorgelê ten einde amptelike toestemming te verkry (sien aangehegte dokumente). Beide die skoolhoof, opvoedkundige personeel en ouers van die proefpersone het skriftelike toestemmingsvorm geteken. ’n Geleentheid is aan die kinders (proefpersone) gegun om verbaal deelname aan die studie te wyer.
 - Dit is ’n ingewikkelde taak om die moontlikheid om totale privaatheid en konfidensialiteit van die respondente te verseker. Strydom (2002:67) verklaar die volgende: “*many matters in the social sciences if not most could never have been researched if the privacy of subjects was not encroached upon to some degree.*” Die term konfidensialiteit dui daarop dat persoon se terugvoering wel benut sal kan word en dat die identiteit van die respondent egter nooit gepubliseer sal word nie (Babbie, 2004:66). Dit was die navorser se hooffokus gewees om sover moontlik die privaatheid en konfidensialiteit van die respondente te verseker. Ten einde anonimiteit en privaatheid te kon verseker, is geen identifiserende
-

besonderhede bekend gemaak nie. Die mate waarin privaatheid geskend word was beperk, omrede die respondente nie persoonlike probleme bespreek het nie.

- Volledige, akademies korrekte verslag van die bevindinge en riglyne moet en sal ook aan die betrokke partye bekend gemaak word (Babbie, 2004:68). Hierdeur sal die opvoedkundige personeel dus bewus gemaak word van hierdie kind se ontwikkeling en sal hy in staat gestel word om die selfbewussyn van die kinders aan te spreek. Vir volledigheidsoeindes sal tekortkomings en probleme wat tydens die navorsingstudie ondervind is, ook bespreek word. Daar word ook beplan dat die navorser die riglyne by Laerskool Eikestad sal aanbied ten einde die leerders voor te berei op die terugkeer van een van die leerlinge wat ernstige brandwonde opgedoen het.
- Die verantwoordelikheid van navorsers volgens Strydom (2002:68), is om seker te maak dat hulle oor die nodige vaardighede beskik om die navorsingstudie akkuraat te kan uitvoer. As gevolg van die navorser se maatskaplike werk en spelterapeutiese agtergrond, besef sy die belangrikheid hiervan en beskik sy oor die vermoë om deurgans objektief te bly. Dit was verder noodsaaklik dat die navorser nie-veroordelend ten opsigte van kulturele opvattinge opgetree het nie.

10. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die navorsingsidee word volgens De Vos en Schulze (2002:29) konkreet gemaak sodra dit gekonseptualiseer is en die verskillende konsepte geoperasionaliseer word. Konseptualisasie is belangrike prosesse in die navorsing omrede die aanvaarbaarheid van die algehele metingsproesse en verslaggewing bepaal word deur die oortuigendheid van die konseptualisasie.

Vir doeleindes van hierdie studie word die volgende konsepte onderskei en soos volg beskryf:

10.1 Middelkinderjare-ontwikkelingsfase

Hierdie konsep word volgens Louw, van Ede en Louw (1998:326) omskryf as ‘n: *“... tydperk wat belangrik vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling is. Ontwikkeling op hierdie terreine stel kinders in staat om steeds beter begrip van hulle leefwêreld te vorm, leefwêreld wat gestimuleer word deur die dramatiese uitbreiding van hulle sosiale omgewing. Laasgenoemde bied vir die kind nuwe geleenthede om te sosialiseer en leerondervindings op te doen. Dit is veral die bydrae van die skool wat nie onderskat moet word nie...”*

Die ontwikkelingsmylpale van hierdie kinders word ook deur De Klerk en Le Roux (2003:23) beskryf. Hierdie outeurs verklaar dat groepsbetrokkenheid, reëlgebonde spel, portuurgroepaanvaarding en tydperk van verhoogde emosionaliteit, die belangrikste ontwikkelingsmylpale is.

As gevolg van die verbeterde emosionele ontwikkeling en die toename in sosiale ontwikkeling, beskik die kind oor die vermoë om met verhoogde sensitiwiteit op te tree. Dit beteken dus dat hulle hul eie gevoelens erken en begin ook om ander se gevoelens in ag te neem. Daarom besef hulle dat tydens sekere sosiale interaksies dit nodig is om ware gevoelens te onderdruk (Du Toit & Kruger, 1991:109). `n Kind in hierdie lewensfase beskik dus reeds oor bepaalde inherente lewensvaardighede, maar die ontwikkeling van sy selfbewussyn hieromtrent is noodsaaklik. Om hierdie rede word die betrokkenheid van opvoedkundige personeel by die bewusmakingsproses weereens beklemtoon.

Die afleiding wat dus vir hierdie studie gemaak kan word, is dat die ontwikkeling van die kind tydens hierdie lewensfase gevorderd is. Die verwagting as gevolg hiervan is dat die kind minder egosentries, meer sensitief en bewus van ander se gevoelens sal wees. Daar kan dus aangeneem word dat dit vir die kind moontlik sal wees om bepaalde kommunikasie- en interaksietegnieke aan te leer. Rede wat hiervoor aangegee word is dat hulle oor verbeterde kognitiewe vermoë en begrip vir ander beskik. Die verwagting is dus dat hulle geskende kind se gevoelens in ag sal kan neem.

10.2 Kultuur en Multi-kulturaliteit

Kultuur word deur Gardiner, Mutter en Kosmitzki (1998:5) soos volg omskryf: “... *that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, laws, customs and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society*”. Kultuur is dus bepalende faktor vir individu se tradisies, opvattinge en geloofsoortuigings.

Multi-kulturaliteit, waarvan daar in hierdie studie melding gemaak word, verwys nie slegs na verskillende rassegroepe nie, maar ook na die uniekheid van mense en spesifiek na kinders met verskillende bekwaamhede. Kultuur is dus die omvattende konsep wat alle kinders beskryf, ongeag sy ras, tradisies en behoeftes. Die uitwerking van kultuur op die wisselwerking in groep, klas of skoolomgewing, val buite die bestek van hierdie navorsing.

10.3 Opvoedkundige personeel

Die Departement van Opvoeding het in 1997 definisie aan hierdie konsep gegee, naamlik: “... *A person whose work involves educating others at all levels of education, in any type of education or training context, including formal and informal, eg. teacher, lecturer, parent, youth counsellor etc*” (Departement van Onderwys, 1997).

Opvoedkundige personeel sal vir doeleindes van hierdie studie beskryf word as persoon wat betrokke is by die leerproses van kind, hetsy op kognitiewe, emosionele of sosiale ontwikkelingsvlak. Hierdie opvoedkundige personeel sal verantwoordelik wees om die selfbewussyn van die kind aan te spreek deur die bewusmaking van lewensvaardighede.

10.4 Die gestaltpelbenadering

Die spelbenadering van die gestaltperspektief is op dieselfde beginsels as die gestaltbenadering gegrond. Fritz Perls is volgens Blom (2004:8) die vader van die gestaltpelbenadering. Gestalt verwys na patroon, konfigurasie of totaliteit van verskeie elemente. Dit sluit die individu se fisiese strukture in, asook sy psigiese, fisiologiese-, sosiologiese-, geestelike- en kulturele aspekte. Alhoewel hierdie dele en elemente nie

geskei kan word nie, word daar duidelikheidshalwe onderskeid getref. Geen gedeelte, situasie, ondervinding of gevoel kan dus in isolasie beskou word nie.

Met inagneming van hierdie teoretiese uitgangspunt, bied Sweeney en Homeyer (1999:5) die volgende beskrywing van die spelbenadering: *“... it is defined as a dynamic interpersonal relationship between a child and a therapist trained in play therapy procedures who provides selected play materials and facilitates the development of a safe relationship for the child to fully express and explore self (feelings, thoughts, experiences and behaviors) through the child’s natural medium of communication, play.”*

Die belangrikheid van spel tydens die gestaltbenadering word deur Oaklander (1988:160) bevestig omrede sy verklaar: *“Playing is how the child tries out his world and learns about his world, and it is therefore essential to his healthy development. For the child, play is serious, purposeful business through which he develops mentally, physically and socially... The child experiences much in life he cannot as yet express in language, and so he uses play to formulate and assimilate what he experiences.”*

Omrede speltegnieke, wat verband hou met die gestaltspelterapeutiese benadering, benut is, is slegs spelterapeute en opgeleide opvoedkundige personeel gemagtig wees om hierdie riglyn aan te bied. Dit is steeds belangrik dat alle personeel se bewustheid aangaande bogenoemde aangespreek sal word sodat dit as motivering vir verdere opleiding, soos byvoorbeeld kort kursusse, kan dien.

10.5 Interaksie

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1998: 58) omskryf hierdie konsep soos volg: *“Dinamiese verhouding tussen individu en/of groepe onderling of tussen hulle en die omgewing, wat tot gevolg het dat hulle mekaar wedersyds beïnvloed.”* Die outeurs Louw, *et al.*, (1998:268) noem dat wanneer kinders in interaksie verkeer, hulle daarvan bewus word dat ander mense situasies verskillend waarneem en ervaar.

Vir hierdie studie sal interaksie beskou word as 'n dinamiese verhouding tussen kinders in die middelkinderjare diegene wie ongeskonde en ander wat weens brandwonde geskend is. Deur hierdie proses sal die ongeskonde kind se bewustheid met betrekking tot die geskende kind se emosies aangespreek word.

10.6 Riglyn

'n Riglyn ten opsigte van hulpverlening word beskou as 'n gestruktureerde, konseptuele verwysingsraamwerk wat volgens Correll (1983:114-167) gebaseer is op teoretiese uitgangspunte, wat afgestem is op die doel en funksie van 'n bepaalde optrede.

'n Riglyn verwys vir die doeleindes van hierdie studie dus na 'n raamwerk wat struktuur aan opvoedkundige personeel tydens die bewusmaking van lewensvaardighede bied.

10.7 Lewensvaardighede

Omskrywing van hierdie konsep word ook deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1998:36) gebied: *“Vermoë van die individu om lewenseise en die mens-omgewingwisselwerking suksesvol te hanteer met die oog op behoeftebevrediging, uitlewing van waardes en die bereiking van 'n toereikende vlak van maatskaplike funksionering in bepaalde lewensfasies en omstandighede.”*

Volgens Rooth (2000:26) en Viviers (2001:22) stel lewensvaardighede kinders in staat om die eise van die lewe te hanteer en hulself tot meer positiewe en aanneemlike gedrag te wend.

Gevolgtik sal lewensvaardighede vir hierdie studie dui op vaardighede wat die selfbewussyn van 'n kind in die middelkinderjare aanspreek, ten opsigte van hulle eie inherente vaardighede. Sodoende sal hulle bewus wees van aspekte wat belangrik is tydens interaksie met 'n kind wat oor verskillende bekwaamhede beskik, soos die geskende kind.

10.8 Selfbewustheid

Volgens Yontef (1993:6) kan selfbewustheid soos volg gedefinieer word: “... *self awareness is the process of being in vigilante contact with the most important event in the individual/environmental field with full sensormotor, emotional, cognitive and energetic support...*”

Verder is Blom (2000:45) ook van mening dat die komponent van selfbewussyn die kind se vermoë is om bewus te wees van emosies wat hy ervaar en sluit bewussyn ten opsigte van die kognitiewe-, gevoels- en fisiologiese komponente van emosies in. Dit sluit ook die vermoë van die kind in, om bewus te wees van emosies in ander, asook die vermoë om emosies en behoeftes wat hiermee gepaardgaan akkuraat te kan uitdruk en te kan onderskei tussen egte en onegte emosies.

Deurdat die kind se selfbewussyn deur opvoedkundige personeel aangespreek word, sal hy bemagtig word om emosies van sy eie en ander kinders, soos byvoorbeeld by die geskende kind, te identifiseer en met verbeterde sensitiwiteit op te tree. Prakties gesproke sal dit beteken dat die kind gehelp moet word om by sy persoonlike emosie te begin deur dit te herken, ‘n besluit te neem oor optrede en hoe dit hom en die ander persoon sal raak. Die literatuuroorsig en die empiriese basis van die navorsing sal aangewend word om op ‘n omskrywende- en beskrywende vlak riglyne vir opvoedkundige personeel tydens hulpverlening in die bewusmaking van die kind se inherente lewensvaardighede te bied.

10.9 Brandwonde

Die Mediese Woordeboek (1993:73) omskryf brandwonde soos volg: “*Weefselskade wat veroorsaak word deur agente soos hitte, chemikalieë, elektrisiteit, sonlig of kernbestraling. Eerstegraadbrandwond affekteer slegs die buitenste vellaag (epidermis). By tweedegraadbrandwond word beide epidermis en die onderliggende dermis beskadig. Derdegraadbrandwond behels beskadiging of vernietiging van die vel in sy volle diepte in skade aan die weefsels daaronder. Brandwonde veroorsaak swelsel en blaasvorming weens verlies aan plasma uit beskadigde bloedvate. By ernstige*

brandwonde wat 15 % of meer van die liggaamsoppervlak van volwassenes (10 % of meer by kinders) affekteer, lei hierdie plasmaverlies tot erge skok en word onmiddellike oortapping van bloed of soutoplossing vereis. Brandwonde kan ook lei tot bakteriële infeksie wat voorkom kan word deur die toediening van antibiotika. Derdegraadbrandwonde kan veloorplanting vereis.”

Die gevolge van brandwonde word deur Barnum, Snyder, Rapoff, Mani en Thompson (1998:16) beskryf, deurdat hulle van mening is dat hierdie beserings soos hierbo verduidelik, kan lei tot sielkundige maar ook sosiale aanpassingsprobleme.

Vir studiedoeleindes 'n sal bogenoemde konsep verwys na enige vorm van brandwonde wat mindere- of meerde mate van geskendheid tot gevolg het en wat gevolglik lei tot spesiale bekwaamheid en sosiale aanpassingsprobleme.

10.10 Geskendheid

Volgens Herdon (2002:788) lei die skending as gevolg van brandwonde gewoonlik tot kenmerkende liggaamsveranderinge, “...changes in appearance or function may result in altered body image perception, a decrease in body image satisfaction and behavioral avoidance”. Volgens Hurren (1995:122) verwys geskendheid ook na individue wat ernstige deformiteite op sekere liggaamsareas het. Newell (2000:57) verklaar dat geskende kinders ingesluit word by die kategorie van gestigmatiseerde kinders en daar is ook bewys dat daar aanduidings van vooroordeel teenoor hierdie kinders is.

Vir studiedoeleindes sal die term ‘geskendheid’ spesifiek verwys na kinders wat weens brandwonde, deformiteite op sekere liggaamsareas opgedoen het en gevolglik oor spesiale bekwaamheid beskik.

10.11 Aanpassing

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1998:58) omskryf die konsep soos volg: “... wederkerige proses tussen individu en omgewing ten einde mekaar te akkommodeer

om sodoende toereikende passing tussen menslike behoeftes en omgewingshulpbronne te bewerkstellig”.

Vervolgens sal klem veral op die wederkerige aard van hierdie konsep geplaas word. Daar sal vanuit die standpunt uitgegaan word dat kind in die middelkinderjare se aanpassing in die skoolomgewing moontlik belemmer kan word, indien hy gekonfronteer word met situasies waarvoor hy nie vaardighede beskik om dit suksesvol te hanteer nie. Ten einde die aanpassing van die kind in die middelkinderjare te verbeter, is dit nodig dat hy bemagtig sal word om kommunikasie en interaksie met die geskende kind suksesvol en met meer selfvertroue te kan hanteer. Die selfbewussyn ten opsigte van inherente lewensvaardighede moet dus aangespreek word.

11. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Hoofstuk een dien as algemene inleiding tot die navorsingstudie, waartydens die doel van die studie asook die navorsingsmetodologie duidelik gemaak word.

Hoofstuk twee word benut om die ontwikkeling van kind in die middelkinderjare te bespreek. Daar is veral klem geplaas op die lewensvaardighede waarvoor hierdie kinders reeds behoort te beskik en sodoende is leemtes en behoeftes geïdentifiseer. Hierdie leemtes of behoeftes sal as vertrekpunt dien om deur middel van die riglyne vir lewensvaardighede aangespreek te word.

In hoofstuk drie is die gestaltbenadering en die belangrikheid van die selfbewussyn bespreek word en spesifieke melding van toepaslike speltegnieke is gemaak. Daar is klem geplaas word op die praktiese benutting van speltegnieke tydens die aanbieding van lewensvaardighede in opvoedkundige situasie.

In Hoofstuk vier is die dinamika van geskendheid, met spesifieke verwysing na brandwonde, bespreek . Dit is noodsaaklik dat die leser oor kennis met betrekking tot mediese- en sielkundige implikasies sal beskik ten einde begrip en insig vir die geskende kind se situasie te kan ontwikkel.

Hoofstuk vyf dien as die empiriese studie ten einde die navorsingsproses te voltooi. Die bespreking van die semi-gestruktureerde onderhoude asook die onvoltooide sinnetoets en oop vrae word weergegee. Daar is gepoog om die data deur middel van grafiese voorstellings aan die leser voor te hou om die aanbieding daarvan meer lesersvriendelik te maak.

In hoofstuk ses is tot relevante gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die studie gekom. Hierdeur is temas geformuleer om toekomstige navorsing in die verband te vergemaklik. Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n saamgestelde gestaltriglyn in tabelformaat, ten einde opvoedkundige personeel in staat te stel om kinders in die middelkinderjare se bewustheid met betrekking tot hul inherente lewensvaardighede aan te spreek.

Volledigheidshalwe en vir verderde opleiding word 'n meer breedvoerige bespreking van die praktiese gestaltriglyn as 'n losstaande hulpmiddel aangeheg: Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: 'n Gestaltriglyn.

Hoofstuk 2: Lewensvaardighede en die ontwikkeling van die middelkinderjare

1. INLEIDING

Die middelkinderjare is 'n lewensfase waartydens verskeie ontwikkelingsdoelwitte behoort bereik te word. Naas die gesin, word die skoolomgewing as 'n hoofaspek van sosiale interaksie beskou en dien dan ook as die navorsingsterrein vir hierdie navorsing. Die Departement van Onderwys se beleid plaas klem op gelyke onderwys vir alle kinders, wat meebring dat daar deesdae nie meer teen kinders met verskillende bekwaamhede gediskrimineer kan word nie en moet hulle dus in die hoofstroomonderwys geakkomodeer word (Departement van Opvoeding, 2001). Die verwagting is daarom dat die kind in die middelkinderjare tydens die bywoning van skool, moontlik in interaksie met geskende of gestremde kinders sal wees.

Tydens hierdie navorsing sal daar spesifiek fokus geplaas word op die noodsaaklikheid van lewensvaardighede in die middelkinderjare waarvan sekere vaardighede reeds aanwesig is en ander as leemtes of behoeftes aangespreek sal word. Die navorser sal dus gevolglik in staat gestel word om leemtes en behoeftes vir verdere bewusmaking te identifiseer. Fokus sal ook op die invloed van temperament tydens die bewusmaking van lewensvaardighede geplaas word. Ten einde opvoedkundige personeel 'n holistiese perspektief te bied ten opsigte van die middelkinderjare, sal die kind se kognitiewe, morele, emosionele en sosiale ontwikkeling bespreek word. Deurdat opvoedkundige personeel bewusmaking van voorgenoemde aspekte ontvang, behoort hulle in staat gestel te word om die kind se selfbewussyn in hierdie lewensfase ten opsigte van sy inherente lewensvaardighede aan te spreek.

2. LEWENSWAARDIGHEDE

Lewensvaardighede is noodsaaklik om kinders te bemagtig om hulle eie potensiaal te verwesenlik en om 'n produktiewe lewe te kan lei. Deur geskikte en toepaslike lewensvaardighede word die kind in staat gestel om aan die eise van die lewe te voldoen (Viviers 2001:22). Aansluitend tot voorgenoemde is die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) (in Rooth, 2000:26) juis ook van mening dat lewensvaardighede kinders in staat stel om hulself tot meer positiewe en aanneemlike

gedrag te wend. Deur die bemeestering van hierdie vaardighede sal hulle probleemsituasies en struikelblokke met meer selfvertroue kan hanteer.

Nelson-Jones (in Rooth, 2000:27) lig ook die mening dat lewensvaardighede, toepaslik vir die ontwikkelingsfase van die kind, noodsaaklik is vir die suksesvolle voltooiing van ontwikkelingsmylpale. Dit blyk dus dat lewensvaardighede belangrik is ten einde die kind in staat te stel om uitdagings van spesifieke lewensfase suksesvol te oorkom. Vraag wat egter ontstaan behels die spesifieke vaardighede wat 'n kind benodig in die lewensareas om hierdie lewensuitdagings te kan verwesenlik. Adkins (in Rooth, 2000:29) en Rooth (1997:33) bring duidelikheid hieromtrent. Die redenasies word aangevoer dat lewensvaardighede ten opsigte van die klarifisering van gevoelens en waardes, besluitneming, konflikhantering en kommunikasievaardighede noodsaaklik is. Indien kind oor hierdie vaardighede beskik, sal hy moontlike probleme makliker kan oorkom, hetsy persoonlik of gemeenskaplik van aard.

Breë raamwerk van lewensvaardighede word ook deur Ebersöhn en Eloff (2003:44) verskaf. Hierdie outeurs beskryf onder andere selfregulering op 'n intra- en interpersoonlike vlak as kardinale vaardigheid wat bepalende impak op kind se lewe kan hê. Vir hierdie studie is dit noodsaaklik dat die kind se bewustheid hieromtrent aangespreek sal word. Samevattende opsomming word kortliks gegee:

Tabel 2.1: Selfregulering as noodsaaklike lewensvaardigheid

<p>SELFREGULERING (INTRAPERSONLIK)</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Selfbewustheid • Onafhanklikheid • Selfbeeld • Selfvertroue • Positiewe selfkonsep • Positiewe houding • Insig met betrekking tot sy eie sterk/swakpunte • Integriteit • Interne lokus van beheer • Sterk basis van morele waardes • Ontwikkeling van potensiaal • Beheer gevoelens op positiewe manier
<p>SELFREGULERING (INTERPERSONLIK)</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Betroubaarheid • Verantwoordelikheid • Geduld • Uithouvermoë • Insig in die hantering van konflik, woede, frustrasie en

Ebersöhn en Eloff (2003:45)

Volgens Ebersöhn *et al.*, (2003:45) wat op selfregulering as 'n noodsaaklike lewensvaardigheid fokus en ook vir 'n praktiese indeling sorg, is dit noodsaaklik dat bewustheid met betrekking tot intrapersoonlike vaardighede eers moet ontwikkel, alvorens interpersoonlike vaardighede suksesvol kan volg. Oaklander (1988:56) spreek juis in verband hiermee die mening uit dat bewustheid met betrekking tot die self noodsaaklik is vir die handhawing van gesonde interpersoonlike verhoudings. Dit blyk dat alvorens die kind se bewustheid met betrekking tot die geskende kind aangespreek kan word, sy selfbewussyn verbeter moet word om suksesvolle interaksie te verseker.

Die konsep, lewensvaardighede, verwys dus na vaardighede wat noodsaaklik is vir suksesvolle lewe, asook die bemagtiging van die kind vir effektiewe deelname aan sosiale aktiwiteite. Dit blyk egter dat bewusmaking van selfregulering as lewensvaardigheid veral op die intrapersoonlike vlak, 'n hulpmiddel kan wees om die kind se selfbewussyn aan te spreek. Aangesien kind se selfbewustheid sterk verband hou met emosionele bevoegdheid, kan dit suksesvolle interaksie tot gevolg hê (Vergelyk Blom, 2000:53; Ebersöhn & Eloff, 2003:99.) Hierdie riglyn, as 'n hulpmiddel, sal dus opvoedkundige personeel in staat kan stel om kinders se selfbewussyn aan te spreek.

Vervolgens sal die verband tussen selfbewussyn en lewensvaardighede bespreek word:

2.1 Lewensvaardighede en selfbewussyn

Ter aansluiting tot die doelstelling van hierdie studie, is dit noodsaaklik dat die leser duidelikheid verkry ten opsigte van die verband tussen selfbewussyn en lewensvaardighede. Een van die belangrikste aspekte wat deur middel van die vaardigheidstoepassing bereik word, is om selfbewussyn en dus ook die emosionele bevoegdheid van 'n kind in die middelkinderjare aan te spreek. Ten einde voorgenoemde te bereik is dit noodsaaklik dat opvoedkundige personeel bewustheid ten opsigte van die middelkinderjare kind ontwikkel. De Klerk en Le Roux (2003:10-

11) verklaar dat indien kind se selfbewussyn aangespreek word kan emosionele bevoegdheid daaruit voortvloei in die vorm van:

- 'n Verhoogde belewenis van positiewe gevoelens;
- Emosionele bevoegdheid ontwikkel;
- Beskik oor gesonde gevoel van eiewaarde, selfaanvaarding, vestiging van verhoudings, verbeterde besluitneming asook ontwikkeling van hanteringstrategieë;
- Verhoogde respek vir ander se emosies, waardes en persepsies;
- Verbeterde positiewe houdings, gedrag, waardes en vaardighede;
- Versterking van kommunikasievermoë asook motivering;
- Verbeterde interaksie en portuurgroepsontwikkeling;
- Gedragsprobleme asook gewelddadige optrede wat 'n afname toon.

Gevolgtrek kan daar aangeneem word dat riglyn vir lewensvaardighede opvoedkundige personeel in staat stel om die selfbewussyn asook emosionele bevoegdheid van kind in die middelkinderjare aan te spreek. Sodoende sal die kind ook bewus gemaak word van interaksie met kind wat oor spesiale bekwaamheid beskik, byvoorbeeld die geskende kind.

Indien opvoedkundige personeel hierdie proses van bewusmaking suksesvol kan voltooi sal hierdie kind oor die vermoë beskik om met betrekking tot emosies te redeneer (Blom 2000:53). Emosionele bevoegdheid wat ontwikkel indien die selfbewussyn verbeter word, ontstaan juis wanneer die individu die verlangde vlak van leer met betrekking tot emosies en emosionele inhoud bereik het. Emosionele bevoegdheid verwys dus na die kennis en vaardighede wat moontlik bekom word ten einde doeltreffend binne bepaalde situasies te kan funksioneer. Alhoewel kind met spesifieke intelligensievermoë gebore word, is dit wel moontlik om die kind se bewustheid met betrekking tot emosies deurentyd te ontwikkel. Verskeie skrywers lig mening ten opsigte van bewustheid van vaardighede wat aangespreek moet word ten einde verbeterde emosionele bevoegdheid te bereik (Vergelyk Ebersöhn & Eloff, 2003:60; De Klerk & Le Roux, 2003:11; Saarnie, 1999:47-59). Bondige opsomming hieromtrent sal volg om opvoedkundige personeel se bewustheid met

betrekking tot die waarde hiervan te beklemtoon. Die kind behoort dus bewustheid te ontwikkel en dit doelgerig te benut om:

- by die self binne elke omstandigheid te begin;
- oor 'n woordeskat van gevoelswoorde te beskik sodat hy homself kan evalueer oor hoe hy voel eerder as om die situasie te probeer verstaan. Wat is met ander woorde besig om binne homself, in plaas van óm hom te gebeur. “Ek voel onseker” eerder as “dit is belaglik”;
- 'n verskil te maak tussen die wedekeringe aard van gedagtes en gevoelens. Die gedagtes kan wees, “Ek behoort te reageer” en die gevoelens behoort te eggo, “Ek voel bang”;
- onafhanklike besluitneming moontlik te maak deur op “ek” in plaas van “n ander” of die omstandighede te fokus. Gevoelens moet gebruik word om besluitneming moontlik te maak. Die kind moet dus bewus word van sy gevoelens as hy nie met die maatjie speel nie, en hoe hy sal voel as hy dit wel doen;
- verantwoordelikheid vir selfstandige gedrag te aanvaar;
- te probeer verstaan hoe ander voel om dus empatie en begrip vir ander se gevoelens te wys; en
- positiewe reaksies uit negatiewe emosies te verkry asook beheer oor hulle eie gevoelens aangaande hulle keuse om gelukkig te wees en die lewe te geniet, deur self te besluit hoe hy voel en wat hom beter sal laat voel.

Afleiding wat gemaak kan word is dat emosionele bevoegdheid noodsaaklik is om doeltreffende lewe te kan lei. Volgens Goleman (1995:34) word selfbewussyn as die basiese komponent van emosionele bevoegdheid beskou. Emosionele bevoegdheid kan dus nie by kind ontwikkel tensy hy bewustheid met betrekking tot sy eie emosies en gevoelens het nie. Die ontwikkeling van bewustheid asook selfbewustheid is belangrik doelwit van die gestaltbenadering. Om hierdie rede sal

die riglyn as belangrike hulpmiddel dien om opvoedkundige personeel te help om die bewustheid van die kind aan te spreek ten einde sy emosionele bevoegdheid te kan ontwikkel. Vanuit die gestaltbenadering word elke kind as unieke individu beskou en gevolglik behoort begrip te bestaan vir die invloed van kind se temperament tydens die bewusmaking van lewensvaardighede. Hierdie belangrike invloed wat temperament op die bewusmaking van lewensvaardighede en die kind se algemene ontwikkeling het, sal vervolgens kortliks bespreek word.

3. TEMPERAMENTELE VERSKILLE

Die navorser beskou die kind se temperament as goue draad wat deur alle ontwikkelingssterreine getrek moet te word. Dit het bepaalde invloed op sy kognitiewe, morele, emosionele, en sosiale ontwikkeling en maak dit dus noodsaaklik dat die leser se begrip aangaande bogenoemde verbreed sal word. Daar sal vervolgens kortliks gelet word op die Instituut vir Kinderontwikkeling se nege areas van temperamentele verskille, asook Blom se DISC-temperamentmodel. Hierdie verskille sal kortliks bespreek word waarna daar dan kategorieuse uiteensetting van die DISC-model aangebied sal word. Omskrywing van bogenoemde sal gevolglik geskied.

Volgens Sanson, Hemphill en Swart (2002:97) is temperament die inherente individuele verskille in gedragsoptrede wat alreeds sedert geboorte sigbaar is. Berk (2002:158) beskryf die temperament van kind soos volg: *“the stable individual differences in quality en intensity of emotional reaction and is present at birth.”* Goleman (1995:215) beskou temperament ook as die gemoedstemmings wat tipierend is van persoon se emosionele lewe en verklaar dat verskille in temperament sal bepaal in watter mate spesifieke gebeurtenis aanleiding gee tot spesifieke emosie, die duur asook die intensiteit daarvan. Vir navorsingsdoeleindes sal temperament gesien word as die unieke individuele karaktereienskappe wat sedert geboorte sigbaar is, en wat ook bepalende invloed op emosies en gedrag het. Kind se temperament sal dus moontlike aanduiding wees van hoe hy interaksie met die geskende kind sal hanteer op fisiese asook emosionele vlak.

Volgens Sanson *et al.*, (2002:97) en die Instituut vir Kinderontwikkeling (www.childdevelopment.com), het Thomas en Chess reeds in 1969 nege verskillende areas van temperamentele verskille geïdentifiseer wat vervolgens kortliks bespreek sal

word. Hierdie verskille sal in ag geneem moet word tydens betrokkenheid by kind omrede dit juis ook meer die uniekheid van menswees beklemtoon.

- **Aktiwiteitsvlak** dui op die energievlak waaroor die kind beskik. Is die kind altyd besig of geniet hy eerder stil aktiwiteite? Kind wat oor hoër aktiwiteitsvlak beskik sal meer verantwoordelikhede kan hanteer.
 - **Afleibaarheid** verwys na die kind se vermoë om belangstelling en konsentrasie te toon in area waarin hy nie veel belangstelling het nie. Die graad van afleibaarheid bepaal ook of die kind oor die vermoë beskik om taak te kan voltooi.
 - **Intensiteit** van respons kan positief of negatief wees. Intense kinders se behoeftes word meer gereeld bevredig, omrede hulle alle emosionele uitinge met oorgawe doen. Alhoewel hoër intensiteitsvlak voordelig in sommige situasies kan wees, is die kinders uitputtend om mee saam te wees.
 - **Reëlmatigheid** dui op die kind se vermoë om volgens vaste roetine te kan handel. Alhoewel dit nodig is vir die kind om volgens roetine te kan funksioneer, kan dit nadelig wees indien die kind té rigied is.
 - **Sensoriese drempel** verwys na die kind se sensitiwiteit vir fisiese aanraking, sig, geluide en reuke. Kind wat hoër sensoriese drempel het, is meer geneig om kreatief te wees.
 - **Toenadering of onttrekking** is die area wat verwys na die kind se vermoë om in vreemde sosiale situasies suksesvol te kommunikeer. Aspekte soos die spontane gesels en deelname van die kind en of hy homself eerder van die geselskap onttrek, kan aanduiding op die kind se vlak van toenadering of onttrekking wees.
 - **Aanpasbaarheid** dui op die gemaklikheidsgraad waarmee die kind teenoor verandering optree. Kind wat stadig aanpas sal nie maklik gevaarlike situasies betree nie, en is nie so weerbaar vir portuurgroepsverwerping nie.
-

- ***Uithou- en deursettingsvermoë*** dui op die tydperk waarin kind sal volhard in uitdagende en moeilike situasies. Die kind wat oor hoë vlak van deursettingsvermoë beskik, sal meer onafhanklik wees en nie maklik hulp aanvaar nie, maar die kind wat makliker hulp ontbied, se sosiale vaardighede mag moontlik beter ontwikkel wees.
- ***Algemene stemming*** verwys na die kind se algemene optrede teenoor die buitewêreld, hetsy positief of negatief. Kinders wat altyd ernstig is, tree baie meer analities op en dit kan moontlik hulle aanvaarding tot die portuurgroep benadeel.

Bogenoemde aspekte van die temperament kan dien as riglyn om verskille in kinders, hulle behoeftes en gedrag, beter te verstaan. Met inagneming van genoemde areas van temperamentele verskille, hou die navorser graag ook Boyd (in Blom, 2004:83) se kategorisering van die kind se temperament aan die leser voor. Bogenoemde outeur het in haar navorsing gevind dat daar hoofsaaklik vier temperamentele in kinders geïdentifiseer kan word. Vanuit die gestaltbenadering word elke kind as individu beskou en beskik ook oor sy eie proses. Die proses van kind word deur Boyd (in Blom, 2004:83) beskryf as die wyse waarop die kind homself aan die wêreld voorhou en sy behoeftes bevredig.

Alhoewel die navorser aanklank vind by Boyd (in Blom, 2004:83) deurdat die DISC-temperamentalanalise waardevolle tegniek is om die kind se proses te bepaal, moet daar egter daarteen gewaak word dat hy nie daardeur geëtiketteer sal word nie. Dit behoort eerder as riglyn te dien vir 'n beter begrip ten opsigte van die kind se inherente temperament. Die temperamentele verskille word soos volg deur Boyd (in Blom, 2004:83) omskryf, naamlik dat kinders:

- óf vinnig óf stadig van geaardheid kan wees, of ook taak- of persoonsgeoriënteerd wees;
 - wat oor vinnige geaardheid beskik, altyd besig is en ook gewoonlik ekstrovert is, bedoelende dat hul fokus en aksies op die eksterne wêreld gemik is;
-

- wat oor stadige geaardheid beskik, meer as introvert geklassifiseer word en gewoonlik meer skaam, stil, teruggetrokke, stadig en terughoudend is;
- wat taakgeoriënteerd is se fokus gerig is om take so gou as moontlik af te handel en hulle beplan hul aktiwiteite en baseer hulle besluite op feite en konkrete inligting in plaas van opinies en gevoelens; en
- wat persoonsgeoriënteerd is dit as belangrik beskou om in die nabyheid van ander mense te wees en is ook meer ontspanne, warm, persoonlik en toon ware begrip van omgee vir ander.

Volgens die DISC-temperamentanalise word kinders, afhangende van hulle temperament in die volgende kategorieë verdeel, naamlik wie:

- oor vinnige geaardheid beskik en wat taakgeoriënteerd is, word in die D-kategorie (direktief/vasberade) geplaas;
- wel vinnig van geaardheid is, maar wat meer persoonsgeoriënteerd is, word in die I-kategorie (interaktief/invloedryk) geplaas;
- oor stadige geaardheid beskik en persoonsgeörienteerd is, word in die S-kategorie (ondersteunend/saggeaard) geplaas;
- oor stadige geaardheid beskik, maar taakgeoriënteerd, word in die C-kategorie (korrektief/konsensieus) geplaas.

Tabel 2.2: Prominente karaktereieskappe van kinders volgens die DISC-analise

DIREKTIEWE KINDERS (D)	INTERAKTIEWE KINDERS (I)	ONDERSTEUNENDE KINDERS (S)	KONSENSIEUSE KINDERS (C)
• Hoë selfvertroue	• Persoonsgeoriënteerd	• Standvastig	• Handhaaf hoë standaarde
• Moedig/dapper	• Emosioneel	• Spanspeler	• Fynere besonderhede is belangrik
• Resultaat-	• Spraaksaam	• Verkies bekendheid	• Hoë self

georiënteerd			dissipline
• Veeleisend	• Pretlustig	• Behulpsaam	• Versigtig
• Mededingend	• Optimisties	• Toegewyd	• Analities
• Verander maklik opinie	• Spontaan	• Pragmaties	• Hoogs intuïtief
• Direk	• Sosiale aanvaarding is belangrik	• Nederig	• Perfeksionisties

(Boyd en Rohm in Blom, 2004:84)

Hier volg meer breedvoerige verduideliking ten opsigte van die bogenoemde kategorieë en hoe om bewustheid by spesifieke kinders te ontwikkel en dit doelgerig te benut:

- **Die direkte kind (D)** word beskryf as kind met sterk eiewil en kan ook maklik selfgesentreerd raak. In konfliktsituasies mag hulle moontlik aggressief optree. Aangesien die kinders vereis om in beheer van situasies te wees, tree hulle oor die algemeen onafhanklik op en word daar ook genoem dat hulle soms teen gesag kan rebelleer.

Vanuit die gestaltbenadering blyk dit dat hierdie groep kinders se bewustheid met betrekking tot beheer in sekere situasies juis meer na binne gerig moet wees. Dit is die navorser se mening dat die direkte kind bewus gemaak moet word van die waarde om emosionele bevoegdheid te ontwikkel. Hierdeur sal hy in staat wees om tussen sy gevoel en denke vir ander te onderskei en bewus raak van die verskil tussen keuses en besluite om soms minder beheer na buite te rig en op so 'n wyse ander kinders se gevoelens in ag te neem.

- **Die interaktiewe kind (I)** geniet fantasering en dagdromery. Aangesien hulle baie spraaksaam is, is hulle nie skaam om oor hulle gevoelens en gedagtes te gesels nie en as gevolg van hulle spontaniteit geniet hulle pretvolle aktiwiteite. Hierdie kinders het behoefte aan persoonlike erkenning en sosiale aanvaarding en gevolglik is hulle grootste vrees sosiale verwerping.

Die aanname word dus gemaak dat die behoefte aan sosiale erkenning die interaktiewe kind se grootste vyand is. Lewensvaardighede vanuit die gestaltnadering kan gebruik word om die kind se selfbewustheid te verbeter en dus kennis ten opsigte van homself aan te spreek ten einde hom minder weerbaar vir sosiale verwerping te maak. Hierdie groep kinders moet met ander woorde bewus gemaak word van hulle vermoë om positiewe reaksie vanuit negatiewe situasies te neem. Hulle moet dus insig ontwikkel dat hulle in beheer van hulle eie geluk is en nie deurentyd met die oog op erkenning optree nie.

- **Die ondersteunende kind (S)** se prominentste karaktereienskap is goedhartigheid en saggeardheid. Hulle beïndruk as stil en ‘maklike’ kinders, maar is daarop ingestel om ander tevrede te stel. Weens hul begeerte om ander tevrede te stel, vind hierdie kinders dit soms moeilik om besluite te neem, óf hulle neem slegs die besluite tot voordeel van ‘n ander persoon. Blom (2004:86) verklaar die volgende; “... *these children are vulnerable to instability and do not like conflict. Because they are introverts, they do not easily express their emotions...*”

Alhoewel hierdie kinders ongemak met betrekking tot die uiting van emosies ervaar, is dit steeds belangrik dat bewusmaking van lewensvaardighede hiervoor ruimte sal bied. Sodoende sal hulle die geleentheid gegun word om op ‘n wyse wat vir hulle die minste ongemak veroorsaak, die nodige emosionele ontlading navore te kan bring.

- **Die konsensieuse (C) kind** is die klassieke introvert en is dikwels baie stil deurdat hy meestal sy eie sake alleen deurdink en kom ook teruggetrokke voor. Hulle beskik oor ‘n stadige geaardheid en vind aanstoot wanneer iemand hulle aanjaag. Hulle het gewoonlik baie tyd nodig om ‘n taak te voltooi omrede hulle seker wil maak dat hulle dit ordentlik doen. Hierdie kinders het ‘n baie sensitiewe geaardheid en neem alles wat met hulle gebeur baie persoonlik op. Hulle kan baie negatief raak, indien hulle nie uitgestelde doelstellings bereik nie.

Alhoewel perfeksionisme ‘n integrale deel van hierdie kinders se proses is, is dit noodsaaklik dat hulle deur middel van die aanleer van lewensvaardighede, die geleentheid gegun sal word om in ‘n veilige omgewing en op ‘n sosiaal

onaanvaarbare wyse op te tree. Hulle bewustheid rondom hulle eie onvermoë moet dus verbeter word.

Met uitsluiting van die nodige kennis en begrip met betrekking tot lewensvaardighede en die temperamentele invloed daarop, is dit ook noodsaaklik dat opvoedkundige personeel se bewustheid ten opsigte van die middelkinderjare spesifiek aangespreek sal word.

4. DIE MIDDELKINDERJARE-ONTWIKKELINGSFASE

Middelkinderjare word deur Erikson (in Louw, van Ede & Louw, 1998:326) beskryf as die periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Volgens Wait, Meyer en Loxton (2003:25) is die oplossing van hierdie krisis verbandhoudend tot relevante opvoeding. Vanuit hierdie belangrike identiteitskrisis wat deur die kind behartig moet word, blyk dit dat dit vir hierdie kind nodig is om oor gevoel van waardigheid te beskik. Denham, Von Salisch, Oltohof, Kochanoff en Caerly (2002:308) is van mening dat een van die belangrikste aspekte vir die kind in hierdie fase, aanvaarding deur klasmaats en die vermyding van verleentede is.

Die afleiding wat dus gemaak kan word is dat gevoelens van minderwaardigheid deur middel van aanvaarding binne die bepaalde portuurgroep verminder kan word. Die middelkinderjare word verder deur Wait *et al.* (2003:126) beskryf as fase waar die kind realistiese beeld van homself en sosiale waardes ontwikkel. Dit is belangrik dat die kind tydens hierdie ontwikkelingsfase konkrete operasies, vriendskapsverhoudinge, groepsgebonde spel en die vermoë tot selfevaluering ontwikkel.

Volgens Ebersöhn en Eloff (2003:23) beskik elke kind reeds oor bepaalde lewensvaardighede as gevolg van sy unieke ontwikkelingsfase en die suksesvolle voltooiing van die voorafgaande fases. Vir praktyk-gerigte navorsing is dit noodsaaklik om te fokus op bogenoemde lewensvaardighede waaroor die kind reeds beskik, asook ruimte vir bewusmaking van ander vaardighede te laat.

5. ONTWIKKELINGSAREAS VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Ten einde opvoedkundige personeel in staat te stel om die kind se selfbewussyn met betrekking tot inherente lewensvaardighede aan te spreek, is dit noodsaaklik dat hulle kennis en begrip van hierdie lewensfase sal bekom. Die navorser fokus gevolglik op hierdie ontwikkelingsareas en die belangrike mylpale sal beklemtoon word.

5.1 Emosionele ontwikkeling

Indien daar gefokus word op die emosionele ontwikkeling van kind, is dit noodsaaklik om insig te ontwikkel met betrekking tot die lewensvaardighede wat op hierdie ontwikkelingsterrein reeds bestaan en benodig word om as vertrekpunt vir menslike funksionering en interaksie te dien. Ebersöhn en Eloff (2003:21) verklaar dat gevoel van omgee, passie, wysheid, ondersteuning, aanpassing en die erkenning van gevoelens, vaardighede behels waaroor die kind in die middelkinderjare moet beskik. Hierdie basiese vaardighede dien as grondslag vir 'sekondêre' vaardighede wat ook bekend staan as interpersoonlike selfregulering (Ebersöhn & Eloff, 2003:45) en wat ontwikkel moet word. Dit is dus noodsaaklik dat fokus op die emosionele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare geplaas word ten einde bewustheid en begrip te ontwikkel vir die reeds bestaande lewensvaardighede in sy lewe.

Weer eens is dit van kardinale belang dat opvoedkundige personeel die invloed van temperament ook op hierdie ontwikkelingsterrein in ag sal neem. Interaktiewe en ondersteunende kinders sal makliker hulle emosies toon. As gevolg van temperamentele veranderinge, is dit dus nie vir alle kinders ewe maklik om emosies te toon en met die nodige begrip teenoor geskende kinders byvoorbeeld op te tree nie. Duidelikheidshalwe word verdere relevante aspekte van emosionele ontwikkeling aan die leser voorgehou:

5.1.1 Emosionele differensiasie

Die middelkinderjare gaan met groter volwassenheid gepaard. Daar is dus verandering van gevoel van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid. Dit impliseer ook die bereiking van groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:349; Blom, 2004:245; Berk, 2002:394.) Namate kinders ouer word, is hulle ook in staat

om by die self te begin en oor 'n woordeskat van gevoelswoorde te beskik, naamlik emosionele etikette soos 'woede', 'vrees', 'hartseer' en 'geluk' te identifiseer en aan hulle innerlike gevoelens toe te skryf. Hulle begin ook beter te verstaan waarom hulle so voel en wat ander mense ervaar.

As gevolg van die bogenoemde emosionele differensiasie, ontwikkel die kind ook sensitiwiteit vir ander mense, wat afwesig was in die vorige lewensfasas. Louw *et al.*, (1998:352) verklaar dat 'kleuters' hoofsaaklik egosentriek optree. Hulle leef in wêreld van hulle eie en omrede hulle op idiosinkratiese wyse handel, mag dit wees dat hulle beperkte aanvoeling vir ander mense se innerlike gevoelens het. As gevolg van sensitiwiteit wat in hierdie fase ontwikkel, toon kinders behoefte om aan ander kinders hulp te verleen. Met betrekking tot interaksie van die kind, met kinders wat geskend of gestremd is, word daar verwag dat die kind wel tot in mate die situasie sal kan hanteer, met of sonder alternatiewe opleiding en hulp.

5.1.2 Kinders in die middelkinderjare se benutting van emosies

Die skrywers (vergelyk Denham, von Salisch, Olthof, Kachanoff & Caerly, 2002:313; De Klerk & Le Roux, 2003:23) is van mening dat kinders in hierdie ontwikkelingsfase bewustheid ontwikkel dat doelstellings nie altyd deur die bekendmaking van intense of intieme gevoelens bereik word nie. Gevolglik sal hierdie kinders nie meer openlik gevoelens openbaar nie. Die emosies wat wel navore gebring word, word meestal bepaal deur die portuurgroep waarmee hulle in interaksie is. Ten einde verwerping deur die portuurgroep te voorkom, word kinders uitgedaag om die uiting aan woede en triomf oor ander se mislukkings te verminder. Denham *et al.*, (2002:313) verklaar verder dat kinders ook begrip vir mekaar se emosies ontwikkel. Ten opsigte hiervan ontwikkel die kinders bewustheid dat sommige emosies as selfbeskermingsmeganisme gebruik kan word en dat persoon oor verskeie emosies beskik. Samevattend is Denham *et al.*, (2002:313) van mening dat: *"... these new understandings bode well for emotional competence as children mature, affecting their reactions to others' emotions, and their understanding of how others perceive emotions in themselves"*.

Gevolglik beskik kinders reeds oor die vaardighede om soms nie alle emosies bekend te maak nie. Dit is dus nodig dat die kind se selfbewussyn van bogenoemde deur opvoedkundige personeel aangespreek word. Sodoende sal hulle die emosionele

bevoegdheid ontwikkel om in situasies wat dit vereis, soos interaksie met geskende kinders, emosies wat moontlik onvanpas is, te onderdruk. Daar moet egter in ag geneem word dat hierdie kind ook behoefte aan aanvaarding deur die portuurgroep het. Die navorser is dus van mening dat ten spyte van hierdie kinders se verbeterde morele asook emosionele ontwikkeling, daar steeds die moontlikheid bestaan dat negatiewe gedrag teenoor die geskende kind byvoorbeeld, getoon sal word. Hy moet ingelig en bemagtig word om emosioneel bevoeg op te tree, al vereis die portuurgroep ander gedrag van hulle. Indien die kind se bewustheid aangaande bogenoemde aangespreek word, deur middel van die verbetering van hulle lewensvaardighede, is die navorser van mening dat hy wel selfs in hierdie situasies met meer sensitiwiteit sal optree en dit as 'n leerervaring vir verbeterde selfbewussyn kan benut.

5.1.3 Die herformulering of die vermyding van situasies

Verdere vaardigheid wat kinders op die terrein van emosionele ontwikkeling bemagtig, is die vermoë om situasies te herformuleer en verskillende aspekte van situasie te oorweeg om sodoende alternatiewe oplossings te vind, volgens Denham *et al.*, (2002:312). Terselfdertyd ontwikkel die kind tot mate ontkenning- of vermydingstrategie. Indien kinders nie eksterne stressors kan beheer nie, word so situasie eerder vermy. Die afleiding wat dus gemaak kan word, is dat kinders wel alternatiewe oplossings vir situasie kan oorweeg, maar dat die vermyding daarvan ook moontlike hanteringstrategie vir uitdagende situasie, soos byvoorbeeld sy interaksie met geskende kind, kan wees.

Alhoewel ongeskonde kinders oor die emosionele vaardighede beskik om situasies te herformuleer en alternatiewe oplossings te oorweeg, mag hy die keuse uitoefen omdat hy dit makliker vind om interaksie met die geskende kind eerder te vermy. Daar sal deur middel van riglyne vir lewensvaardighede gefokus word om beheer vir kinders in sulke situasies moontlik te maak. Kinders moet dus in staat gestel word om eerder op die “ek” in plaas van op die “omstandighede” te fokus. Hulle moet daarvan bewus gemaak word dat hulle gevoelens in 'n situasie baie belangrik is en dat hulle besluite op grond daarvan geneem moet word. Met hierdie bewustheid sal hulle in uitdagende situasies met meer selfvertroue kan optree omdat hulle hul eie gevoelens as belangrik sal ag.

5.1.4 Selfevaluerende meganismes

Kinders in hierdie ontwikkelingsfase streef daarna om aan hulle interne doelstellings, maar ook aan die eksterne standaarde, te voldoen. Terselfdetyd ontvang hulle terugvoering van die omliggende omgewing rakende die effektiwiteit van hulle doelbereiking (Wait, Meyer & Loxton, 2003:137). Hierdie proses van selfevaluasie word verder gedurende die middelkinderjare gekompliseer, omrede kinders nie slegs terugvoering van volwassenes ontvang nie, maar ook van die portuurgroep. Druk vir konformiteit, kompetisie en die behoefte aan goedkeuring is dus bykomend.

As gevolg van temperamentele verskille is sekere kinders meer uitgesproke en hulle besef moontlik nie altyd die impak van hulle woorde nie. Die aard van terugvoering wat die kind van die omgewing ontvang, dra by tot die kind se siening oor homself. Wait *et al.*, (2003:137) is van mening dat kinders wat positiewe terugvoering ontvang meer geneig sal wees om met selfvertroue op te tree. Daarteenoor sal die kind wat nie die gewenste terugvoering ontvang nie, moontlik minder mededingend, intelligent en kreatief voorkom en dus optree.

Jonger kinders is geneig om hul gedragsoptrede volgens rigiede standaarde te bepaal of te evalueer, maar die kind se selfevaluasie in die middelkinderjare word gebaseer op die vergelyking van persoonlike optrede met dié van ander (Wait *et al.*, 2003:142). Voorgenoemde outeurs is ook van die mening dat kinders in die middelkinderjare vaardighede vir selfvoorstelling en indrukbeheer ontwikkel. Hierdie vaardighede stel die kinders in staat om hulle gedrag te wysig, ten einde aan die vereistes van die verskillende sosiale omstandighede te konformeer.

Met betrekking tot die inherente vaardighede wat op die terrein van emosionele ontwikkeling bestaan, kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word. Die kind wat begelei word, kan die vermoë ontwikkel om by verskillende situasies aan te pas en weens die afname van egosentriese denke beskik hulle ook oor die moontlikheid om meer empatiese begrip te toon, en sekere situasies passievol te nader. Daar is egter steeds kinders wat liggeraak is vir situasies of interaksies, byvoorbeeld interaksie of sosialisering met geskende kind en hierdie situasies verkieslik sal wil vermy. Opvoedkundige personeel moet deur middel van hierdie riglyn vir lewensvaardighede fokus om die selfbewussyn van die kind aan te spreek ten einde kinders in staat stel om hul persoonlike vrese te oorkom. Hulle behoort dus oor die emosionele

bevoegdheid te beskik om positiewe reaksie uit negatiewe situasies te verkry. Indien kinders se selfbewustheid aangaande bogenoemde aangespreek kan word, behoort kinders oor die vaardighede te beskik om ook interaksie met geskende kinders met selfvertroue te hanteer en positiewe reaksie daaruit te verkry.

5.2 Kognitiewe ontwikkeling

Met betrekking tot die ontwikkeling van lewensvaardighede, is Ebersöhn en Eloff (2003:23) van mening dat die volgende kognitiewe karaktereenskappe geëvalueer moet word, naamlik geheuespan, aandag, observasie van vaardighede, beplanning en refleksie. Die wyse waarop die kind van hierdie vaardighede bewus gemaak word, sal deur sy temperament beïnvloed word. Indien daar gekyk word na die temperamentele verskille soos deur Boyd (in Blom, 2004:83) en die Instituut vir Kinderontwikkeling (www.childdevelopment.com) verduidelik word, kan die volgende afleidings gemaak word. Die kind se kognitiewe ontwikkeling kan negatief beïnvloed word indien hy nie oor die vermoë beskik om met volharding take te kan voltooi nie. Die direkte kind, daarteenoor, wat volgens Blom (2004:85) hoofsaaklik resultaatgeoriënteerd is, sal daarop ingestel wees om take so suksesvol moontlik te voltooi wat tot voordeel van suksesvolle kognitiewe ontwikkeling kan wees.

Volgens Shaffer (in Wait, Meyer en Loxton, 2003:4) sluit die kognitiewe domein van ontwikkeling die verstandelike vermoë en aktiwiteite, asook die organisering van denke. In die voorafgaande fase het die kind nie oor die kognitiewe vermoë beskik om op meer as een aspek op slag te konsentreer nie en kon hulle ook nie verstaan dat aksie omgekeer kan word nie.

Piaget (in Louw, van Ede & Louw, 1998:331) beskou kinders in die middelkinderjare, in die konkreet-operasionele periode, wat beteken dat hulle konservasie, getalle asook veelvoudige en hiërargiese klassifikasie behoort te verstaan. Wait *et al.*, (2003:127) vind aanklank by laasgenoemde en verklaar verder dat die kognitiewe ontwikkeling van kind hom toerus om minder egosentries op te tree. Hierdie kinders kan ook intellektuele handeling benut om konkrete probleme op te los, dit wil sê hulle denk- en redenasievermoë moet dus tot in mate ooreenstemmend wees met dié van volwassene. Papalia en Olds (in Wait *et al.*, 2003:127) beskryf die denkproses van kind in hierdie ontwikkelingsfase soos volg: “... *their thinking becomes more logical, flexible and organized when applied to concrete information*”.

Die konseptuele vaardighede wat die meeste ontwikkel, sluit die konservasie-, klassifikasie- en kombinasievaardighede in. Hierdie vaardighede bring die kind in kontak met die realiteite van die fisiese wêreld en die kinders kan die voorspelbaarheid van hierdie wêreld ervaar. Relevante aspekte van kognitiewe ontwikkeling behels ook die volgende:

- *Konservasie* verwys na die fisiese hoeveelheid inhoud wat dieselfde bly al word die materiaal herorganiseer en die konsep van konservasie kan toegepas word op enige dimensie, insluitende gewig, massa, aantal, lengte en volume. Die kind kan die antwoord bepaal sonder om die objekte te weeg of te meet (Wait, Meyer en Loxton, 2003:127). Die navorser verwys die leser na die onderstaande tabel, Schaffer (in *Wait et al.*, 2003:128), ten einde begrip aangaande die verskille tussen die pre- en konkreetoperasionele fases aan te spreek.

Tabel 2.3: Verskille tussen die pre- en konkreet-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling

CONCEPT	PREOPERATIONAL THOUGHT	CONCRETE-OPERATIONAL THOUGHT
Egocentrism	Children typically assume that others share their point of view	Children may respond egocentrically at times but are now much more aware of others' divergent perspectives
Animism	Children are likely to assume that unfamiliar objects that move on their own have lifelike qualities.	Children are more aware of the biological bases for life and do not attribute lifelike qualities to in-animates.

Causality	Limited awareness of causality. Children display transductive reasoning, assuming that 1 of 2 correlated events must have caused the other.	Children have a much better appreciation of causal principles (although this knowledge of causality continues to develop into adolescence and beyond).
Perceptual-bound thought/centration	Children make judgments based on perceptual appearances; and focus on a single aspect of a	Children can ignore misleading appearances and focus on more than one

	situation when seeking answers to a problem.	aspect of a situation when seeking answers to a problem (decentration).
Irreversibility	Children cannot mentally undo an action they have witnessed. They cannot thing back to the way an object/situation was beore the object/situation changed.	Children can mentally negate changes they have witnessed to make before/after comparisons and consider how changes have altered the situation.
Performance on piagetian tests of logical reasoning	Children with egocentrism and centered reasoning often fail conservation tasks, have difficulty grouping objects into hierarchies, display little ability to order objects mentally along such quantitative dimensions as height or length	Declining egocentrism and acquisition of reversible cognitive operations permit children to conserve, correctly classify objects on several dimensions, and mentally order objects on quantitative dimensions. Conclusions are now based on logic rather than on the way they appear.

Schaffer (in Wait, Meyer en Loxton, 2003:128)

Hieruit blyk dit dat kinders in die middelkinderjare oor die vermoë beskik om logiese redenasie toe te pas. Hulle kan ook verskeie aspekte van situasie in ag neem en toepaslike gevolgtrekkings maak. Dit is dus die navorser se mening dat hierdie kinders oor die vermoë beskik om situasies op logiese, maar ook minder egosentriese wyse te hanteer. In die samestelling van die riglyne vir lewensvaardighede, sal dit in ag geneem word dat hierdie kinders oor die algemeen oor logiese redenasievermoë beskik.

- As gevolg van die kind se *klassifikasievaardighede*, word hy in staat gestel om sy wêreld te organiseer of te verstaan. Een spesifieke klassifikasievermoë wat in hierdie lewensfase ontwikkel, is klasinsluiting, wat dit vir die kind moontlik maak om verhouding of verband tussen geheel en sy dele te kan raaksien. Kinders geniet die klassifisering en organisering van die omgewing en om byvoorbeeld ook hulle vriende te klassifiseer volgens, eerstebeste of tweedebeste maatjie (Wait *et al.*, 2003:130). Die navorser is van mening dat hierdie klassifikasie vermoë van kind in die middelkinderjare, groot ruimte vir die bewusmaking van lewensvaardighede skep. As gevolg van hierdie geneigdheid van kinders, is dit moontlik dat hulle ook kinders met

spesiale bekwaamhede byvoorbeeld die geskende kind in bepaalde kategorieë sal plaas waarvan opvoedkundige personeel bewus gemaak moet word.

- *Kombinasievaardighede* ontwikkel indien kinders die konservasieskema van getalle verstaan. Gevolglik ontwikkel hulle begrip dat sekere fisiese transformasies nie die aantal eenhede van die stel verander nie. Hierdie konsep is bekend as transiwiteit, soos byvoorbeeld indien Piet langer is as Koos en Koos is langer as Jan, dan moet Piet langer wees as Jan.

As gevolg van hierdie nuwe vaardigheid kan die kind probleme oplos deur die benutting van denke, fantasie en taal. Kinders benut ook hierdie logiese beginsels om die wyse waaroor hulle oor vriendskap, spanspele, spel met reëls en selfevaluering dink, te wysig (Wait *et al.*, 2003:131). Dit wil dus voorkom asof die kind in die middelkinderjare ten spyte van die klassifikasievermoë soos hierbo verduidelik, ook oor die vaardighede beskik om verskeie aspekte van situasie in geheel te kan evalueer. Dit kan voordelig wees aangesien hy die geskende kind se agtergrond in ag sal kan neem en hy meer simpatie sal kan toon en dus tot empatiese optrede gelei sal kan word.

5.3 Sosiale ontwikkeling

Die skrywers Ebersöhn en Eloff (2003:23) het verklaar dat kind oor sekere lewensvaardighede moet beskik wat onder andere insluit om sosiale ontwikkeling te bemeester en vriende te maak en dit hou ook verband met die interpersoonlike selfregulering (Ebersöhn, , *et al.* 2003:45). Hierdie vaardighede verwys verder na die kind se vermoë om netwerke ten opsigte van menslike steunstelsels te bewerkstellig, proaktief te dink en op te tree, visie te verbreed, oor integriteit te beskik en om interpersoonlike verhoudings moontlik te maak. Die navorser wil gevolglik fokus op die sosiale ontwikkeling van kind in hierdie lewensfase plaas om te bepaal of daar ooreenstemming is dat hierdie kind vanuit die empiriese navorsing reeds oor hierdie vaardighede beskik. Daar sal klem geplaas word op die kind se portuurgroepsverhoudinge, geneigdheid tot sosiale onttrekking asook die skool as 'n eksterne invloed op die kind se ontwikkeling. Verder sal daar ook op ontwikkeling van sosiale vaardighede en bevoegdheid gefokus word, asook wanaangepaste gedrag.

Volgens Fopma-Loy (2000:29-30) is die kind in die middelkinderjare betrokke by die derde en vierde fase van sosiale ontwikkeling. Dit impliseer dat hierdie kind se emosionele ontwikkeling deur die vermindering van egosentriese houding gekenmerk kan word. Die kind leer om ander vriende in ag te neem en toon insig dat verskillende mense verskillende menings het. Kinders ontwikkel ook die vermoë om empaties op te tree. Daar is verskuiwing tydens die tiende en elfde lewensjaar van sterk groepsgebondenheid na meer intieme vriendskap tussen minder en selfs slegs twee persone. Sodanige hegte vriendskappe maak selfontsluiting, uitdrukking van lojaliteit en emosionele ondersteuning aan en van 'n ander persoon moontlik.

Belangrike aspekte van die sosiale ontwikkeling van die middelkinderjare sal vervolgens kortliks bespreek word:

5.3.1 Sosiale bevoegdheid van kind in die middelkinderjare

Volgens Sanson, Hemphill en Swart (2002:97) hou kinders se temperament verband met sosiale vaardighede. Sosiale vaardighede verwys gewoonlik na die effektiwiteit, geskiktheid of bevoegdheid van die kind om suksesvol met portuurgroepslede in interaksie te wees. Cillessen en Bellmore (2002:359) is van mening dat die vermoë om bestaande vriendskapsgroep suksesvol te betree, voldoende sosiale vaardighede vereis. Dit blyk dus dat sosiale vaardighede kardinale voorvereiste vir die ontwikkeling van stabiele sosiale verhoudings is. Daar is gevind dat veral die rol van selfevaluasie sterk verband hou met die temperament van die kind. Daar kan verwag word dat 'n selfversekerde kind, wat sosialisering met vriende geniet, oor meer sosiale vaardighede sal beskik. Dit is dan ook as gevolg van bogenoemde dat daarop ook gefokus sal word om kinders se bewustheid met betrekking tot hulle selfkonsep en selfbeeld aan te spreek, deur middel van die benutting van hierdie riglyn vir lewensvaardighede. Gevolglik sal hierdie kinders bemagtig word om met meer selfvertroue tot die portuurgroep te tree en verhoudings te behou.

Dit wil dus voorkom asof sosiale vaardighede die grondslag vir enige suksesvolle portuurverhouding is. Indien kinders nie oor hierdie vaardighede beskik nie, is dit noodsaaklik dat hulle ondersteuning sal ontvang ten einde hierdie vaardighede uit te brei. Hierdie bewusmaking en opleiding kan moontlik die kind baie hartseer en teleurstellings tans en later in sy lewe spaar omrede effektiewe sosiale vaardighede, sosiale interaksie op positiewe wyse kan beïnvloed. Tydens die bewusmaking van

lewensvaardighede moet die temperamentele verskille van kinders in ag neem word en die kind só bemagtig word dat hy volgens sy eie potensiaal, optimaal kan ontwikkel.

5.3.2 Portuurgroepsverhoudinge

Die suksesvolle of onsuksesvolle sosialisering van kinders, hulle status in die portuurgroep en die geneigdheid om van die portuurgroep te onttrek behels aspekte wat bespreking regverdig.

Die portuurgroep word soos volg deur Louw *et al.*, (1998:368) gedefinieer: "... relatief stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie is, norme en doelstellings deel en wat sosiale struktuur van leier en volgeling ontwikkel het, en wat sodoende sorg dra dat die groep se doelwitte bereik word".

Volgens La-Greca, Bearman & Moore (2002:272) dra hegte vriendskapsverhoudinge by tot die sosiale ontwikkeling van die kind. Die voordele van positiewe vriendskapsverhoudinge word soos volg beskryf: "... dit bied die kind die geleentheid om effektiewe kommunikasievaardighede aan te leer, moduleer aggressiewe aksies, die aanleer van gepaste seksuele sosialisering en die vorming van aanvaarbare morele waardes" (Bukowski & Hoza, 1989:17). Dit is dus duidelik dat kinders baat sal vind by toepaslike, positiewe vriendskapsverhoudinge.

Lojaliteit en vertrouwe is tydens hierdie lewensfase ook belangrike komponente vir die vorming van alle vriendskappe (Hartup & Abecassis, 2002:286). Denham, Von Salisch, Olthof, Kochanoff & Caerly (2002:320) verklaar verder dat die funksie van middelkinderjare vriendskappe, besorgdheid, omgee, hulp, konflikhantering, vergifnis en toenadering, insluit. Hartup *et al.*, (1989:46) verklaar dat die verwagtings wat kinders in die middelkinderjare van vriendskap koester, die volgende kenmerke toon; gemeenskaplike begrip, lojaliteit, selfontsluiting, hulp en mededeelsaamheid. Kinders toon die begeerte om 'beste maatjie' te hê. Hierdie maatjie word gekies op grond van kriteria, soos byvoorbeeld ooreenstemmende belangstellings, geniet mekaar se geselskap asook die wete dat jy op die persoon kan vertrou (Wait, Meyer en Loxton, 2003:133).

Opvoedkundige personeel moet egter daarop let dat die kind in hierdie lewensfase, volgens Smith, Cowie en Blades (1998:115) geneig is om hegte vriendskapsbande met dieselfde geslag kinders te vorm. Deur middel van hierdie groepering word hierdie kinders se behoeftes vervul. Dit is vir seuns belangrik om mededingend op te tree asook leierskap en samewerking is ook vir hulle van kardinale belang. Tydens sosiale interaksie tussen dogters word die klem op intimiteit en eksklusiwiteit geplaas.

Afleiding wat dus gemaak kan word is dat dogters moontlik geskende kinders tot hulle portuurgroep moeiliker sal aanvaar, aangesien eksklusiwiteit vir hulle van groot belang is.

Die vriendskap tussen kinders in die middelkinderjare word verder deur Louw *et al.*, (1998:368) beskryf as tweerigting-mooiweersamewerking. Die kinders word dus bewus daarvan dat gee-en-neem integrale deel van enige vriendskap behoort te vorm. Alhoewel vriende gesien word as persone wat mekaar help, is eie belange steeds teenwoordig. Vriendskappe sal dus gou verbrokkel indien die kinders verskil of argumenteer. Daar kan egter uit bogenoemde afgelei word dat vriendskappe in die middelkinderjare meestal onstabiel is en dat dit van dag tot dag kan verander. Kind wat vandag deel van die groep is, kan dus moontlik die volgende dag uitgesluit word.

Die rede vir die belang van vriendskap en aanvaarding deur portuurgroep word deur Wait *et al.*, (2003:134) beskryf. Kinders leer om ander se menings of opvattings oor bepaalde onderwerp aan te hoor. Indien die kind dus met kinders sosialiseer wat van hulself verskil, sal dit daartoe lei dat die kind minder selfgesentreerd kan optree. Kinders begin reeds vanaf tienjarige ouderdom afhanklik raak van hul vriende se menings, keuses en verwagtings (Wait *et al.*, 2003:134). Omrede kinders aanvaarding deur die portuurgroep so hoog ag, sal die kind bereid wees om sy eie uniekheid op die prys te stel en te konformeer tot die verwagtings van die portuurgroep. Alhoewel sosialisering belangrik is vir die ontwikkeling en sosiale aanpassing van die kind, is dit kommerwekkend dat kinders hulle eie identiteit en uniekheid op die proef sal stel, ten einde aan die vereistes van die portuurgroep te voldoen (Woodward en Fergusson, 2000:192). Dit is dus moontlik dat kinders met spesiale bekwaamhede, byvoorbeeld die geskende kind, sy eie identiteit kan verloor ten einde aanvaarding van die sosiale groep te verkry. Die noodsaaklikheid van lewensvaardighede vir die kind in die middelkinderjare word weereens hierdeur beklemtoon, omrede dit belangrik is om

sover moontlik aan alle kinders geleentheid vir gesonde portuurgroepsverhoudinge te bied.

5.3.3 Die kind in die middelkinderjare en wanaangepaste gedrag

In hierdie lewensfase is daar gevind dat wanaangepaste gedrag direkte verband hou tot verwerping deur die portuurgroep. Temperamentele verskille soos byvoorbeeld teruggetrokkenheid en skuheid veroorsaak dat kinders soms moeiliker deur die portuurgroep aanvaar word (Vergelyk Ladd, Buhs & Troop, 2002:397; Smith, Cowie & Blades, 1998:121). Ladd *et al.*, (2002:397) het studie van graad-sewe leerlinge gedoen en daar is gevind dat fisiese swakhede, interne probleme en swak sosiale vaardighede daartoe bydrae dat kinders deur die portuurgroep verwerp word. Wanaangepaste gedrag is dikwels sigbaar by kinders met verskillende bekwaamhede soos in die geval van geskende kind. Verwerping en uitsluiting van hierdie kinders vanuit die portuurgroep is dus moontlikheid.

Definitiewe verband tussen verwerping deur die portuurgroep en wanaangepaste gedrag is gevind (Vergelyk Buhs & Ladd, 2001:550; Smith *et al.*, 1998:121.) Die rede wat hiervoor gegee word is dat kinders in die middelkinderjare meer negatief reageer teenoor uitgeworpe of verwerpte kinders en dus sal hierdie kinders meer negatiewe opmerkings en terugvoer as die normale kind ontvang. Hierdie kinders se gedrag teenoor uitgeworpe kinders is dus groot oorsaak van kinders se gedragsprobleme. Buhs *et al.*, (2001:551) verklaar dat “*negative peer treatment causes children to become marginalized from peer activities*”. Die kinders wat verwerp word mag voel dat vermyding van die sosiale omgewing die enigste manier is om die verwerping en optrede teenoor hulle te hanteer. Verwerpte kinders vind dit baie moeilik om speelmaats te vind en mis dus noodsaaklike sosialiseringseleenthede wat nodig is vir sosiale ontwikkeling.

Die voorspelling word gemaak dat kinders wat in hierdie ontwikkelingsfase as ongewild deur hulle vriendekring geklassifiseer word, moontlik later gedragsprobleme of emosionele versteurings kan ontwikkel. Dit is dus van uiterse belang dat kinders reeds in hierdie ontwikkelingsfase bemagtig sal word om vriende beter te aanvaar om verwerping van portuurgroepslede sodoende te verminder.

5.3.4 Die skool as eksterne invloed op die sosiale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare

Volgens Shaffer (in Louw *et al.*, 1998:363) het die skool lewensbelangrike invloed op die kind wat soos volg beskryf word: *“Of all the formal institutions that children encounter in their lives away from home, few have as much of an opportunity to influence their behaviour as the schools they attend.”* Tydens die toetrede tot die skoolomgewing word verskeie druk op die kind geplaas deurdat daar van die kind verwag word om aan te pas by die portuurgroep en om akademies te presteer. Angs en vrees is moontlike emosies wat die kind as gevolg van die druk asook minimale emosionele ondersteuning in die skoolomgewing kan ervaar. Dit kan egter verander word indien kinders se bewustheid ten opsigte van hul eie inherente vaardighede deur opvoedkundige personeel aangespreek word.

Volgens Drewes, Carey en Schaefer (2001:3) vervul opvoedkundige personeel nie slegs akademiese opvoedingsrol nie, maar het hulle belangrike invloed op feitlik alle fasette van die kind se ontwikkeling. Louw, Van Ede en Louw (1998:367) verduidelik die veelsydige rolle van opvoedkundige personeel deur te fokus op hom as fasiliteerder van die leerproses, aanleer van sosiale vaardighede en verbreed ook die kind se leefwêreld. Hierdie personeel vervul ook dikwels die rol van ‘sielkundige’ omrede beperkte bronne beskikbaar is. Opvoedkundige personeel word dus in die skoolomgewing die geleentheid gebied om op verskeie ontwikkelingsterreine die kinders se selfbewustheid ten opsigte van toepaslike lewensvaardighede aan te spreek.

Die geleentheid vir opvoedkundige personeel om hierdie veelsydige rolle te vervul word bevestig (vergelyk Wait, Meyer & Loxton, 2003:137; Ladd, Buhs & Troop, 2002:395), aangesien hulle van mening is dat die skoolomgewing ook geleentheid bied om die kind se probleemoplossings- en sosiale vaardighede aan te spreek. Indien opvoedkundige personeel nie aandag aan hierdie alternatiewe ontwikkelingstake skenk nie, mag die kind moontlik portuurgroepsverwerping ondervind. Buhs en Ladd (2001:552) verklaar dat verwerpte kinders se deelname in die klassituasie beperk is en dit weereens tot emosionele en akademiese aanpassingsprobleme kan lei.

Dit blyk dus dat opvoedkundige personeel in die posisie is om daaglik meer aan hierdie bewusmakingsproses aandag behoort te skenk, as gevolg van die bewustheid

met betrekking tot kinders se inherente lewensvaardighede, klas- en skoolgrondinteraksie.

5.4 Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle in staat stel om in bepaalde samelewing, gedrag as 'reg' of 'verkeerd' te beoordeel, en om hulle eie gedrag hiervolgens te rig (Louw *et al.*, 1998:376).

Piaget (in Louw *et al.*, 1998:376) is van mening dat morele redenasie in twee fases ontwikkel. Die morele ontwikkeling van die middelkinderjare word as die fase van outonome moraliteit beskou (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:379; Berk, 2002:232.) Kinders dink nou minder egosentrië en toon dus ook groter morele buigsamheid. Hulle besef dat sosiale reëls in baie gevalle arbitrêr is en dat dit in twyfel getrek kan word en selfs verander kan word met die toestemming van diegene wie daarby betrokke is. Piaget (in Louw *et al.*, 1998:379) verklaar dat sowel kognitiewe ryppwording as sosiale ervaring rol in die verandering van die kind se morele redenasie speel. Kognitief is daar afname in egosentrisme en ontwikkeling van rolbesettingsvermoë (die vermoë om ander persone se standpunte te verstaan en oor te neem) wat beteken dat kinders morele kwessies vanuit verskillende perspektiewe kan sien. Sosiale ervarings binne die portuurgroep waar gelyke statuskontak met maats bestaan, lei tot meer buigsame moraliteit.

Met betrekking tot morele ontwikkeling van hierdie kind, is die navorser van mening dat hy reeds oor bepaalde lewensvaardighede op hierdie terrein behoort te beskik. Hy behoort voldoende begrip ten opsigte van reg en verkeerd te ontwikkel. In die portuurgroep behoort hy oor die kennis te beskik, dat alhoewel reëls bestaan wat nie noodwendig andersheid goedkeur nie, die reëls gewysig kan word ten einde geskende kinders in die portuurgroep toe te laat. Dit blyk dus dat hierdie kind reeds oor primêre lewensvaardighede beskik, wat as definitiewe voordeel vir die geskende kind se aanvaarding tot die portuurgroep byvoorbeeld kan dien.

Die fases van morele ontwikkeling word vervolgens opsommend aan die leser voorgedra (Papalia en Olds in Wait, Meyer en Loxton, 2003:132).

Tabel 2.4: Piaget se fases van morele ontwikkeling

Fokusareas	Fase 1: Moraliteit van gedwongenheid	Fase 2: Moraliteit van samewerking
Uitkykpunt/vertrekpunt	Kinders sien optrede as reg of verkeerd en dink almal sien dit op dieselfde wyse. Kinders kan hulself nie in iemand anders se 'skoene' plaas nie.	Kinders beskik oor die vermoë om hulle in iemand anders se situasie te kan plaas. Hulle toon insig dat meer as een siening of mening moontlik is.
Bedoeling	Kinders beoordeel optrede in terme van fisiese gevolge en nie die motivering daaragter nie.	Kinders oordeel optrede ten opsigte van bedoelings en nie gevolge nie
Reëls	Kinders gehoorsaam reëls omrede dit onveranderbaar is	Kinders ontwikkel begrip dat reëls verander kan word. Kinders hulself as in staat om reëls te verander
Respek vir outoriteit	Eensydige respek het gedwonge gevoelens om tot volwasse standaarde te konformeer tot gevolg en om dus aan reëls gehoorsaam te wees	Gedeelde respek vir reëls en portuurgroep stel kinders in staat om eie opinies te vorm en gevolglik kan hulle ander mense of realistiese wyse oordeel
Straf	Kinders is ten gunste van ernstige straf. Hulle voel straf verteenwoordig verkeerde optrede en optrede is dus sleg indien dit straf tot gevolg het	Kinders is ten gunstig van ligter strafmaatreëls wat ook die slag vergoed, die oortreder bewus maak van sy verkeerde optrede en help om te verander
Konsep van geregtigheid	Kinders verwar die morele en fisiese wette; glo dat enige ongeluk na verkeerde optrede God se manier van straf is	Kinders verwar nie meer natuurlike ongeluk met straf nie.

Papalia en Olds (in Wait, Meyer en Loxton, 2003:132)

Bogenoemde tabel toon twee fases van morele ontwikkeling aan met die fokus op die ontwikkeling van morele samewerking tydens die middelkinderjare. As gevolg van hierdie ontwikkeling wat plaasvind, behoort hulle respek vir die kind met spesiale behoeftes te kan toon. Omdat hulle ook oor die vaardighede beskik om hulself in iemand anders se situasie te plaas, word daar verwag dat hulle met verhoogde empatiese begrip sal kan optree.

6. SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstuk is lewensvaardighede, die invloed van temperament, die middelkinderjare en die areas van ontwikkeling bespreek. Hierdie bespreking behoort vanuit 'n teoretiese perspektief vir die opvoedkundige personeel kennis en begrip te bied. Dit blyk verder vanuit die literatuurstudie dat geen area onafhanklik van die ander beskou kan word nie.

Die belangrikheid van kind se temperament tydens die bewusmaking van lewensvaardighede is beklemtoon en as gevolg hiervan behoort opvoedkundige personeel kinders op unieke holistiese wyse te benader. Omdat dit só belangrik vir opvoedkundige personeel is om kinders as holistiese wese te beskou, is fokus ook op die ontwikkelingsfase as geheel geplaas. Met die kind se algehele ontwikkeling wat bespreek is, sal meer begrip ontwikkel vir die reeds bestaande lewensvaardighede waaroor die kind in die middelkinderjare beskik.

Deur middel van die bespreking van hoofstuk drie sal die navorser vanuit die gestaltbenadering as perspektief bepaalde speltegnieke bespreek. Die rede hiervoor is om aan opvoedkundige personeel 'n bewustheid van die teoretiese aspekte te bied asook die praktiese waarde van die speltegnieke. Sodoende kan opvoedkundige personeel op die selfbewussyn van die kinders ten opsigte van inherente lewensvaardighede fokus.

Hoofstuk 3: Bewusmaking van lewensvaardighede vanuit die gestaltbenadering

1. INLEIDING

Bewusmaking van lewensvaardighede is tydens die middelkinderjare van kardinale belang omrede dit volgens Rooth (1997:28) op hierdie ouderdomsgroep gebaseer word om probleme te voorkom. Bewusmaking en toepassing van die nodige lewensvaardighede kan gevolglik vir kinders die vermoë aanleer om toekomstige struikelblokke en uitdagings meer effektief te hanteer. Oaklander (1988:33) beskou spel as die kind se natuurlike kommunikasiemedium om bewus te raak van lewensvaardighede. Dus kan elke vorm van kontakmaking 'n leergeleentheid bewerkstellig. Alhoewel spel daarom ook benut kan word om emosionele probleme te hanteer, sal bepaalde speltegnieke soos vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik word om die aanleer van vaardighede te vergemaklik, omrede dit op die kind se kommunikasievlak aangebied word (Webb, 1999:31).

In hierdie hoofstuk sal klem geplaas word op agtergrondkennis en die betekenis van belangrike hoofkonsepte vanuit die gestaltbenadering, wat tydens die bewusmaking van lewensvaardighede gebruik kan word. Die doel hiervan is om opvoedkundige personeel se begrip en insig te verbreed en dus ook aan hulle 'n leerervaring te bied. Daar sal dan veral ook klem geplaas word op die ontwikkeling van die selfbewussyn ten opsigte van inherente lewensvaardighede ten einde vlak van emosionele bevoegdheid te bereik.

Hierdie riglyn sal dus as 'n kennisinset dien om insig te bewerkstellig en met die nodige opleiding deur middel van byvoorbeeld kort kursusse aan opvoedkundige personeel die geleentheid te verskaf om dit vir leerders aan te bied. Daar word dus internasionaal beoog om deur middel van die voorafgaande hoofstuk asook hierdie hoofstuk opvoedkundige personeel se bewustheid ten opsigte van die gestaltbenadering aan te spreek. Met die nodige opleiding in hierdie benadering sal personeel gereed wees om daaglik invloed op die kind se selfbewussyn uit te oefen.

2. DIE GESTALTBENADERING

Fritz Perls is volgens Blom (2004:8) die vader van die teoretiese gestaltbenadering. Gestalt verwys na patroon, konfigurasie of totaliteit van verskeie elemente. Dit sluit die individuele fisiese strukture in asook sy psigiese, fisiologiese, sosiologiese, geestelike en kulturele aspekte. Alhoewel hierdie dele en elemente nie geskei kan word nie, word daar duidelikheidshalwe onderskeid getref. Geen gedeelte, situasie, ondervinding of gevoel kan dus in isolasie beskou word nie. Perls (1973:5) beklemtoon reeds vir dertig jaar die belangrikheid van eenheid, vanuit die gestaltbenadering. Vir die navorsingsdoeleindes is hierdie aspek van die gestaltbenadering baie belangrik omrede geen kind se ontwikkeling in isolasie beskou kan word nie en moet hy dus altyd op holistiese wyse benader word. Dit is dan ook interessant dat die benutting van vroeëre navorsingsbronne vir praktykbeoefening belangrik bly.

Blom (2004:33) redeneer dat kinders volgens die gestaltbenadering oor die vermoë beskik om hul eie probleme op te los. Hulle kan wel soms vasgevang word, waar hulp van die opvoedkundige personeel nodig word om die situasie te herevalueer en om deur middel van verskeie alternatiewe met die situasie te eksperimenteer en op so 'n wyse die beste keuse te maak. Gestalt is dus humanistiese- en eksistensiële benadering waar daar vanuit die uitgangspunt gegaan word dat persone oor die inherente vermoë beskik om probleme te oorkom. Dit is egter nodig dat kind se selfbewussyn met betrekking tot die inherente vermoë aangespreek sal word. Vervolgens kan daar aangeneem word dat opvoedkundige personeel kinders se selfbewussyn sal kan aanspreek deur benutting van hierdie riglyn tydens die bewusmaking van lewensvaardighede, met betrekking tot inherente vaardighede. Bewusmaking sal deur middel van eksperimentasie plaasvind en gevolglik sal kinders in hierdie lewensfase alternatiewe hanteringstrategieë geleer word.

3. DIE GESTALTBENADERING IN 'N OPVOEDKUNDIGE OMGEWING

Alhoewel die gestaltbenadering hoofsaaklik in terapeutiese milieu benut word, is Korb, Gorrell en Van de Riet (1997:114) van mening dat dit moontlik is om vanuit hierdie benadering die rol van opvoedkundige aan te neem. Daar word egter duidelik onderskeid getref tussen die rol van onderwyser en opvoeder. Die rol van opvoeder

lei daartoe dat stimulering en leiding geskied. Uitdagings sal ook vir die kinders gestel word om groei te fasiliteer. Perls (in Korb, Gorrell & Van De Riet, 1997:114) verklaar dat opvoeding in die gestaltbenadering deur middel van ervaring en ontdekking plaasvind.

Die afleiding wat dus gemaak kan word is dat opvoeding vanuit hierdie benadering slegs kan plaasvind indien die kind eksperimenteel betrokke is. Bewustheid moet dus deur middel van die kind se selfbetrokkenheid ontwikkel word. Die rol van opvoedkundige personeel sal gevolglik dié van katalisator wees (Korb, Gorrell en van de Riet, 1997:114). Dit impliseer dat beheer wat oor die kinders uitgeoefen word, so toegepas word dat hulle eerder tot verbeterde insig gelei word.

Deur middel van die benutting van die gestaltbenadering in opvoedkundige omgewing, sal dit dus vir die navorser moontlik wees om kreatiewe aktiwiteite en eksperimentele oefeninge in die klasomgewing in te sluit. Gevolglik sal opvoedkundige personeel bemagtig word om kinders se selfbewussyn aan te spreek. Met die verhoogde selfbewussyn sal kinders oor verhoogde emosionele bevoegdheid beskik en met die gevolg sal interaksie tussen kinders met verskillende bekwaamhede ook met meer gemak kan plaasvind, aangesien aktiewe deelname aangemoedig sal word.

4. BELANGRIKE BEGINSELS VAN DIE GESTALTBENADERING

Ten einde maksimale benutting vanuit die gestaltriglyne te verkry vir die begrip van lewensvaardighede, is dit noodsaaklik dat opvoedkundige personeel voldoende insig sal ontwikkel. Dit impliseer dat hierdie personeel bewustheid met betrekking tot die kardinale beginsels van die gestaltbenadering sal ontwikkel. Gevolglik sal vier kernbeginsels kortliks verduidelik word.

4.1 Holistiese benadering

Volgens Blom (2004:9) is die konsep van holisme een van die waardevolste konsepte in die gestaltbenadering. As gevolg van die holistiese uitgangspunt, word daar in die gestaltbenadering aangeneem dat die geheel meer is as die totaal van die verskillende

komponente. Alhoewel daar onderskeid getref word tussen die verskillende komponente, kan dit nooit geskei word nie. Die fokus is dus op die onskeibaarheid van die kind se proses wat uit komponente bestaan soos byvoorbeeld die emosionele, geestlike, taal en kognitiewe dele. Met die fokus op verskillende ontwikkelingsmylpale en die bewusmaking van lewensvaardighede, moet die kind in totaliteit gesien en benader word.

Beperkings in een ontwikkelingsterrein kan dus oorspoel na volgende terrein (Wait, Meyer & Loxton, 2003:126). Voorbeeld hiervan is dat indien die kind kognitief swak ontwikkel het, dit moontlik sy emosionele en sosiale ontwikkeling ook kan beïnvloed. Daar word vir die doeleindes van hierdie navorsing op al vier ontwikkelingsareas gefokus, naamlik kognitiewe, emosionele, morele en sosiale ontwikkeling. Die kind sal in staat gestel word om nie as gefragmenteerde individu te leef nie, maar eerder as geïntegreerde individu, deurdat sy selfbewussyn aangespreek word.

Holistiese uitgangspunt dui verder volgens Blom (2004:9) daarop dat individue selfregulerend en groei-georiënteerd is, en dat hulle simptomatiese gedrag nie in afsondering van die gemeenskaplike invloede beskou kan word nie. Omrede die gestaltbenadering klem plaas op holisme, is dit ook baie belangrik dat die kultuuragtergrond, asook die verskillende bekwaamhede van kinders tydens die bewusmaking van inherente lewensvaardighede in ag geneem word.

4.2 Organismiese selfregulering

Balans en beheer is belangrik in elke persoon se lewe, spesifiek ook vir die kind. Beheer verwys spesifiek na die beheer van behoeftes vir die kind en nie slegs na die beheer wat die kind in die algemeen oor sy lewe wil hê nie. Dit is juis die verloor van beheer in kind se lewe wat lei tot disekwilibrium en waar die selfreguleringsmeganisme dus nodig is om balans te herskep. Sodoende sal die persoon weer oor gevoel van beheer kan beskik wat in sy manier van optrede en gesprekvoering na vore sal kom.

Die skrywers Blom (2004:11) en Yontef (1993:7) verklaar dat alle gedrag geregleer word deur die proses wat bekend staan as organismiese selfregulering. Yontef & Jacobs

(in Blom 2004:11) beskryf hierdie proses soos volg: “... *organismic self-regulation requires knowing and owning, i.e. identifying with what one senses, feels, emotionally, observes, needs or wants, and believes*”. Dit dui dus op die wyse waarop individue hulle behoeftes bevredig in voortdurend veranderende omgewing wat konstante aanpassing verg. Behoeftes ontstaan vanuit sulke situasies waar ongemak ervaar word en dit word eers bevredig indien die individu manier kan vind om aan hierdie behoeftes te voldoen (Oaklander, 1988:88). Opvoedkundige personeel behoort die kind se selfbewussyn aan te spreek en hom dus van die nodige kennis en vaardighede te voorsien met betrekking tot inherente lewensvaardighede. Gevolglik sal die kind se selfregulerende meganisme met behulp van die nodige kennis en begeleiding effektief kan funksioneer.

Een van die wyses waarop kind beheer kan verloor, is wanneer hy gekonfronteer word met uitdagende aspekte, byvoorbeeld interaksie met ’n geskende kind. Die kind se selfregulerende meganisme, hetsy op ’n interne of eksterne vlak, sal in hierdie situasie noodsaaklik wees om die balans te herstel. Die wyse waarop opvoedkundige personeel die kind bewus maak van lewensvaardighede is volgens die navorser wyse waarop die kind in staat gestel word om balans teweeg te bring.

4.2.1 Wysies van selfregulering

Volgens Aronstam (in Blom 2004:12) is daar twee wyses van selfregulering, naamlik op interne en eksterne vlak. Hy huldig die mening dat interne selfregulering op die inherente karaktereenskappe van individu wat spontaan voorkom dui, ten einde sy basiese behoeftes te bevredig. Die eksterne wyse van selfregulering meng in met die spontane of natuurlike proses van interne regulering en kan veroorsaak dat die gestaltformasie verlore raak. Dit lei tot fragmentasie met die gevolg dat die kind nie meer as holistiese entiteit funksioneer nie. Sosiale interaksie word bepaal deur die kind se temperament, maar die veronderstelling is dat interaksie met die portuurgroep vir die meeste kinders wel natuurlike proses is. Hulle maak dus van hul interne reguleringsmeganisme gebruik ten einde hulle behoefte aan sosiale interaksie te bevredig.

Die teenwoordigheid van geskonde kind wat gevoelens en gedrag na vore bring kan moontlik dien as eksterne reguleringmeganisme. Indien die kind nie oor die nodige vaardighede beskik om aan hierdie kind se behoeftes te voldoen nie, kan hy homself aan sosiale interaksie onttrek en gevolglik nie meer as holistiese entiteit funksioneer nie. Die noodsaaklikheid van lewensvaardighede vir interaksie met ander, word weer eens deur bogenoemde beklemtoon en vind dus aanklank by Ebersöhn en Eloff (2003:45) se beklemtoning van interpersoonlike selfregulering.

4.2.2 Figuur – Grondformasie

Met verwysing na die organismiese selfregulerende meganisme, moet die kind ook in staat gestel word om tussen hierdie twee ‘toestande’, naamlik figuur en grond, te beweeg. Volgens Blom (2004:13) is die ‘figuur’ voorstellend van dit wat vir die kind op gegewe tydstip die belangrikste is en word ook beskryf as die behoefte wat op sy voorgrond is. Die ‘grond’ dui op die ‘agtergrond’ van die kind se ervaring op daardie spesifieke tydstip, soos byvoorbeeld musiek wat in die agtergrond gehoor kan word. Indien die behoefte van die kind bevredig word, word die figuur voltooi en dit vorm deel van die grond en nuwe behoefte of figuur kan ontstaan. Vanuit die gestaltbenadering is dit noodsaaklik dat kinders bemagtig sal word om die identifisering en bevrediging van persoonlike behoeftes suksesvol te behartig ten einde groei te verseker. Opvoedkundig personeel wat die kind se selfbewussyn ten opsigte van toepaslike lewensvaardighede aanspreek, behoort dus die kind in staat te stel om die bogenoemde proses volledig en suksesvol te voltooi.

Dit kan op die kind se voorgrond wees om as moontlike hanteringsmeganisme, die kind met verskillende bekwaamhede soos die geskonde kind, te bespot en te boelie. Kinders moet egter geleer word dat na aanleiding van die bewuswordingsproses, besluitneming ten opsigte van gedrag, optrede, eers intern moet realiseer. Sodoende kan die kind beheer behou en self besluit ten einde toepaslik in gegewe situasie te kan optree. Blom (2004:14) is van mening dat die laerskoolkind as gevolg van afname in sy egosentriese denke wel oor die vermoë beskik om die behoeftes van die voorgrond eers te oorweeg voordat dit in woorde of gedrag realiseer. Die navorser is egter oortuig hiervan dat

hierdie riglyn opvoedkundige personeel kan ondersteun om kinders se selfbewussyn met betrekking tot lewensvaardighede te verbreed. Sodoende sal hy ook aangemoedig word om verantwoordelikheid vir sy eie keuses te aanvaar, selfregulering sal realiseer en verbeterde sensitiwiteit asook empatiese aansluiting sal moontlik gemaak word.

4.3 Die gestaltdialoog

Die gestaltbenadering is hoofsaaklik op dialoog gebaseer. Die horisontale verhouding, ook bekend as die '*I-thou*'-verhouding, wat deur middel van hierdie riglyn tussen opvoedkundige personeel en die kind bestaan, sal verseker dat die dialoog in stand gehou word (Yontef, 1993:8). Hierdeur word daar geïmpliseer dat gelyke verhouding gehandhaaf word. Opvoedkundige personeel neem dus nie magposisie teenoor die kind in nie. Vanuit die gestaltbenadering is dit van kardinale belang dat hierdie personeel nie die opvoedingsituasie as geleentheid gebruik om die kind te manipuleer nie. Daar moet eerder gepoog word om te alle tye beheer vir die kind terug te gee, om op so manier langtermynverandering te verseker.

Indien opvoedkundige personeel die rol van onderwyser vervul, kan dit ingewikkeld wees, aangesien hy gewoon is om beheer oor die klas uit te oefen en dissipline af te dwing. Onderwysers se aandag word dus veral hierop gevestig om moontlike toekomstige ongemak of struikelblokke te vermy. As gevolg van hierdie aspek is dit ook nodig dat die onderwyser voldoende begrip van die beginsels met betrekking tot die gestaltbenadering sal ontwikkel.

Dialoog tussen die opvoedkundige personeel en die kind sluit voortdurende eksperimentering in (Phillipson, 1998:5). Omrede die eksperiment ruimte vir kreatiwiteit en buigbaarheid skep, is dit volgens die navorser ideale tegniek wat tydens die bewusmaking van lewensvaardighede benut kan word. Deur middel van speltegnieke en die benutting van die eksperiment in die gestaltdialoog, kan die kind ook aangemoedig word om verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem.

4.4 Gestaltteorie van verandering

Opvoedkundige personeel moet bewustheid ontwikkel dat hulle weerspieëling van vertrouwe in die kind se veranderbaarheid noodsaaklik is tydens die bewusmaking van lewensvaardighede. In die gestaltbenadering is die feit van toepassing dat elke kind oor die inherente hulpbronne en potensiaal beskik om verandering te weeg te bring, mits hulle organismiese selfregulerende meganisme suksesvol funksioneer (Joyce en Sills, 2001:37). Indien die kind se bewustheid aangaande aspekte wat verandering vereis verhoog is, sal die organismiese selfregulerende meganisme in plek tree en die nodige verandering en groei sal plaasvind. Daar word dus vanuit die standpunt gegaan dat opvoedkundige personeel wat gebruik maak van hierdie riglyn vir lewensvaardighede, die kind se bewustheid sal verhoog ten opsigte van noodsaaklike aspekte wat verander moet word. Indien hierdie bewustheid ontwikkel is, word daar verwag dat groei en verandering volgens die natuurlike selfregulerende proses sal plaasvind.

Vanuit die gestaltteorie van verandering bestaan die standpunt dat verandering realiseer wanneer kind word wat hy werklik is en nie wanneer hy word wat hy nie werklik is nie (Yontef 1993:10). Verandering vind dus nie deur dwang plaas nie, maar dit gebeur as kind ontwikkel om te word wie hy werklik is. Opvoedkundige personeel moet in ag neem dat elke kind as gevolg van sy uniekheid, individualiteit en die verskille as gevolg van temperament, situasies verskillend sal hanteer. Klem word weer eens op die belangrikheid van holistiese benadering wat ook die kind se kulturele agtergrond insluit, geplaas.

5. DIE GESTALTSPELBENADERING

Tot dusver is die breë beginsels van die gestaltbenadering bespreek. Die gestaltpelbenadering dien as vertrekpunt vir die uiteensetting van die riglyn om lewensvaardighede te bekom. Hierdie benadering, ook gebaseer op die voorafgaande beginsels, benut hoofsaaklik spel as die kommunikasiemedium en sal vervolgens kortliks bespreek word.

Spel word opsigself as medium benut om die kind se bewustheid te verhoog, aangesien dit hul natuurlike kommunikasiemedium is (Vergelyk Oaklander, 1988:55; Webb,

1999:230; Sweeney & Homeyer, 1999:5.) Cattanach (2001:3) verklaar verder dat die kind spel ook benut om fiktiewe wêreld te skep, en gee op so wyse betekenis aan hul werklike lewe. Drewes, Carey en Schaefer (2001:332) verklaar dat kinders ook spel met pret assosieer, wat spel as medium tydens die aanbieding van lewensvaardighede van uiterse belang maak. Deur die benutting van spel kan ontwikkelingstake bereik word sonder dat kinders enige vorm van vrees ervaar. Reynolds en Stanley (in Drewes *et al.*, 2001:350) is verder van mening dat spel weerstand kan aanspreek en ook benut kan word vir die opbou van selfvertroue asook vir uitbreiding van selfuitdrukking en probleemoplossing. Die voorgenoemde outeur verklaar verder dat spel ook die kind se kreatiwiteit en hegtheidsbindinge verbeter, maar dit bied ook geleentheid vir katarsis en dra by tot die vermindering van vrees. Vanuit die bogenoemde gegewens blyk dit of spel kardinale funksie in die kind in die middelkinderjare se leefruimte vervul. Die waarde hiervan sal dus nie tydens die bewusmaking en aanbieding van lewensvaardighede geringgeskat word nie.

Deur Landreth (in Drewes, Carey & Schaefer, 2001:48) se beskrywing van spel as kommunikasiemedium, blyk dit verder dat spel die fasiliteerder se sleutel tot suksesvolle verhouding met die kind is: *“Since play is the language of the child, play provides a medium for building the essential relationship between counselor and child. The counselor is able to enter into the child’s emotional world as it is freely revealed and acted upon by the child.”*

Die navorser is van mening dat dit noodsaaklik is vir opvoedkundige personeel om basiese gestaltespeltegnieke in te sluit tydens die bewusmaking van lewensvaardighede ten einde effektief op die ontwikkelingsvlak van die kind te werk. Spesifieke aandag word ook deur Drewes *et al.*, (2001:51) gegee met betrekking tot die benutting van speltegnieke tydens die bewusmaking van lewensvaardighede. Spel word volgens die voorgenoemde outeur benut vir die aanleer van vaardighede verbandhoudend met swak sosiale vaardighede, woedehantering, afsterwe van geliefde, seksuele mishandeling, egskeiding, alkoholisme, ensovoorts. Die benutting van rollespel, biblioterapie en samewerkende aktiwiteite in groepsverband dra by tot gevoel van kohesie en sodoende

word ondersteuning van portuurgroepslede verkry. Die bogenoemde tegnieke sal benut word en as 'n eenheid beskou word in die aanleer van lewensvaardighede ten einde opvoedkundige personeel te ondersteun om die kind se bewustheid te verskerp.

Die veronderstelling word gemaak dat die bewusmaking van lewensvaardighede geleentheid vir eksperimentering van nuwe vaardighede bied. Kinders sal dus indien die klaskamer 'n 'veilige ruimte' bied hierdie vaardighede kan inoefen totdat hy in staat is om die 'nuwe' vaardighede in die eksterne wêreld toe te pas. Dit is dus noodsaaklik dat kinders tydens die aanbieding van lewensvaardighede met soortgelyke situasies, byvoorbeeld interaksie met die geskende kind, sal eksperimenteer. Die veronderstelling is dat hy dan in soortgelyke situasies in die eksterne wêreld, met selfvertroue en sekerheid sal kan optree.

5.1 Die doelstelling asook doelwitte van die gestaltspelbenadering

Die hoofdoelstelling van die gestaltspelbenadering is om die kind se bewustheid in die hier-en-nou te verhoog. (Vergelyk Blom, 2004:50; Yontef, 1993:12.) Laasgenoemde skrywer is spesifiek van mening dat totale bewustheid eers moontlik is indien die kind ten volle oor die gegewens van spesifieke situasie ingelig is. Dit hou ook direk verband met die doelstelling van hierdie navorsingstudie; naamlik dat daar beoog word om die kind se bewustheid ten opsigte van agtergrondinligting rakende geskendheid aan te spreek en hoe hulle hul eie inherente vaardighede kan aanspreek. Ten einde hierdie doelstelling suksesvol te bereik, word daar ook aandag aan drie onderskeie doelwitte geskenk. Hierdie doelwitte sal vervolgens kortliks bespreek word.

5.1.1 Verhoogde selfbewussyn

Selfbewussyn is die kind se vermoë om bewus te wees van emosies wat hy self ervaar en sluit bewussyn ten opsigte van die kognitiewe-, gevoels- en fisiologiese komponente van emosies in. Blom (2000:45) verklaar dat hierdie komponente ook die kind se vermoë insluit om bewus te wees van emosies in ander, asook die vermoë om emosies en behoeftes wat hiermee gepaardgaan, akkuraat te kan uitdruk. Aansluitend hiermee is Steiner en Perry (1999:24) van mening dat emosionele selfbewussyn die begrip van

gevoelens is. Daar word egter klem geplaas op die feit dat kind eers bewustheid ten opsigte van sy eie emosies moet ontwikkel alvorens hy begrip vir ander se emosies kan vorm, volgens Goleman (1995:96). Soos wat daar reeds aandag geskenk is aan die bewuswording van die 'self', behoort die kind eers 'n bewustheid ten opsigte van intrapersoonlike lewensvaardighede te ontwikkel.

Bewustheid ten opsigte van die 'self' sal ook kind in staat stel om homself en sy persepsies objektief te ondersoek. Verdere belangrike aspek van selfbewussyn is dat dit die basis vir ontwikkeling van empatie teenoor ander is, asook interpersoonlike vaardighede (Steiner & Perry, 1999:28). Dit blyk dat die ontwikkeling van selfbewussyn onvermydelike verskynsel is, aangesien dit volgens Blom (2000:64) ook verwys na dít wat elke oomblik ervaar word. Spesifieke verwysing word gemaak na die bewussyn van eie emosies aan die hand van gevoelservarings, denke, liggaamlike- en sintuiglike ervarings asook bewussyn van behoeftes, sterk- en swakpunte, dryfkragte en struikelblokke in hierdie verband. Die vaardigheid om bewus te wees van emosies word aan die hand van gevoelservaringe, denke en fisiologiese aspekte beskryf en is dus deel van die emosionele selfbewussyn (Steiner & Perry, 1999:30). Oaklander (1988:58) is juis ook van mening dat die kind innerlike begeerte het om sy emosies te beleef. Joyce en Sills (2001:27) vind aanklank by voorgenoemde en verklaar dat bewustheid asook selfbewussyn deur middel van die kind se sensoriese modaliteite geskied. Die kind moet dus deur middel van lewensvaardighede bewus gemaak word van sy sensoriese vaardighede, naamlik sy sig, gehoor, smaak, aanraking, reuk en verbale optrede. Die rede hiervoor is dat die mens deur hierdie modaliteite kontak met homself en die wêreld kan maak.

Die navorser is gevolglik van mening dat hierdie riglyn vir lewensvaardighede wat op gestaltpeltegnieke gebaseer is, bydrae kan lewer ten einde die kind in die middelkinderjare se selfbewussyn aan te spreek. Die verwagting is soos reeds gestel, dat verhoogde selfbewussyn die kind se emosionele bevoegdheid sal verbeter en dus die kind in staat sal stel om verbeterde interpersoonlike verhoudings te handhaaf. Met verbeterde emosionele bevoegdheid, behoort die kind in hierdie lewensfase in staat te

wees om lewenskrisisse asook interaksie met kinders wat oor verskillende bekwaamhede beskik, byvoorbeeld die geskende kind, met groter gemak te kan hanteer.

5.1.2 Die verhoging van selfondersteunende gedrag

Volgens Blom (2004:51) is dit van kardinale belang dat die kind verantwoordelikheid vir homself sal aanvaar en in mindere mate op die omgewing sal staatmaak vir ondersteuning. Hierdie doelwit van die gestaltbenadering hou ook direk verband met Ebersöhn en Eloff (2003:44) se beskrywing van selfregulering op intrapersoonlike vlak wat as belangrike lewensvaardigheid beskou word. Deur middel van die bewusmaking van inherente lewensvaardighede vanuit gestaltperspektief, sal die fokus op die bemagtiging van kinders wees ten einde hulle aan te moedig om verantwoordelikheid vir hul optrede te neem. Opvoedkundige personeel moet dus deur hierdie riglyn kinders se bewustheid aanspreek oor die feit dat gedragsoptredes en woorde altyd nagevolge het en die intensiteit hiervan besef moet word (Viviers 2001:89). Die verwagting is dat hulle meer vroegtydig verantwoordelike keuses sal kan maak indien hulle bewustheid verhoog word.

Selfondersteuning, as doelstelling van die gestaltspelbenadering, impliseer volgens Blom (2004:51) dat kinders verantwoordelikheid neem om hul eie behoeftes te bevredig. Yontef (1993:10) verklaar dat selfondersteuning nie slegs kennis met betrekking tot die self insluit nie, maar ook selfaanvaarding. Afleiding wat dus gemaak kan word, is dat kinders eers hulself moet aanvaar asook bewus moet wees van hul persoonlike behoeftes, ten einde dit te kan bevredig. Gevolglik behoort hierdie riglyn vir lewensvaardighede, kinders se kennis aangaande hulself aan te spreek. Hulle selfbewussyn en –kennis moet dus verbeter word, sodat hulle hul positiewe asook negatiewe karaktereenskappe kan aanvaar. Indien kinders hierdie take suksesvol kan bemeester, is die verwagting dat hulle meer dikwels verantwoordelike keuses sal kan uitoefen. Daar word dus verwag dat die kind se emosionele bevoegdheid ook aangespreek sal kan word deur middel van hierdie gestaltdoelwit.

5.1.3 Die bevordering van integrasie

Die totale integrasie van die kind en die voltooiing van die gestalt, is nie slegs belangrike doelwit nie, maar ook die eindpunt van die gestaltspelbenadering. Integrasie hou verband met die kind se bewustheid in die hier-en-nou en kan ook beskryf word as die voltooiing of afhandeling van onvoltooide sake. Blom (2004:53) asook Joyce en Sills (2001:29) verklaar dat hulle behoeftes meer effektief bevredig kan word indien die kind se funksionering geïntegreerd is. Die doelstelling van integrasie is om die kind te ondersteun om meer sistematies en holisties te funksioneer ten einde verhoogde aandag aan die bevrediging van behoeftes te spandeer. Integrasie volgens die gestaltbenadering sluit die integrasie van emosies, denke, sensasies, fantasieë en liggaamsdele in.

Dit blyk dus dat dit vanuit bogenoemde benadering noodsaaklik is om aandag aan sensoriese modaliteite, fisiese beweging asook kognitiewe denke te skenk, met die oog op sinvolle benutting van hierdie riglyn. Op so wyse sal integrasie van hierdie aspekte verbeter kan word.

6. DIE BENUTTING VAN SPELTERAPEUTIESE TEGNIEKE TYDENS DIE BEWUSMAKING VAN LEWENSWAARDIGHEDE

Dit is belangrike doelwit van die studie om opvoedkundige personeel se kennis rakende die benutting van speltegnieke te verhoog tydens die bewusmaking van lewensvaardighede. Voorafbeplanning is gedoen van verskillende spelterapeutiese tegnieke wat die navorser kon benut om die kind se bewustheid met betrekking tot geskendheid as spesiale bekwaamheid na die voorgrond te bring. Volgens (vergelyk Blom, 2004:227-233; Van Der Merwe 1996:61) kan verskeidenheid spelaktiwiteite tydens die benutting van die gestaltspelbenadering benut word om in die kind se ervarings en behoeftes te voorsien. Die bogenoemde outeurs verdeel speltegnieke in vyf groepe naamlik; ontspanningspel, assesseringspel, biblio-spel, kreatiewe- en gedramatiseerde spel. Die navorser sal vervolgens op al vyf hierdie groepe fokus wat vir hierdie riglyn van die bewusmaking en aanwending van lewensvaardighede, aangepas sal word.

6.1 Ontspanningspel

Ontspanningspel word meestal benut om verhouding met die kind te bou, maar dit dra ook by tot ontspannende atmosfeer (Blom 2004:227). Aktiwiteite wat tydens hierdie vorm van spel benut word, bevat pret-komponent wat verband hou met die kind se ontwikkeling. Oaklander (1988:124-125) noem verskeie tegnieke en aktiwiteite kan benut word om die kind in ontspannende bui te plaas.

Ontspannende spel sal tydens die empiriese ondersoek asook die aangehegte riglyn benut word om nie net ontspannende atmosfeer te skep, maar ook verhouding met die kinders te vestig. Die navorser vind aanklank by Blom (2004:228) dat indien ontspanningspel suksesvol benut word, die effektiwiteit van verdere intervensie verhoog kan word. Daar kan dus aangeneem word dat die suksesvolle toepassing van ontspanningspel die bewusmaking van lewensvaardighede sal verhoog.

6.2 Assesseringspel

Volgens Blom (2004:228) is dit belangrik om die kind se kognitiewe, perseptuele, emosionele en kulturele agtergrond in die hier-en-nou waar te neem. Oaklander (in Blom 2004:228) noem dat die inligting wat gedurende assesseringspel verkry word, die fokus van die kind af weg sal neem en die inligting wat in die hier-en-nou verkry word, vorm die basis vir hulpverlening. Van Der Merwe (1996:98) noem bordspeletjies, tekeninge, onvoltooide prente of sinne, ekokaarte en evalueringvorms is tegnieke wat tydens die toepassing van assesseringspel benut kan word.

Vir doeleindes van hierdie navorsing was dit baie belangrik om nie die kind se diagnoseer nie, maar wel die kinders wat as proefpersone opgetree het, se ontwikkeling en belewenisse te assesser. Tydens die empiriese studie asook die aangehegte riglyn word die onvoltooide sinnetoets as belangrike assesseringsstegniek benut. Die inligting wat hierdeur verkry word, stel die navorser in die bevoorregte posisie om toepaslike bronne vir hulpverlening daar te stel.

6.3 Gedramatiseerde spel

Volgens Blom (2004:232) bied gedramatiseerde spel die kind geleentheid om bedreigende situasies uit te speel en sodoende beheer oor die situasie te verkry. Tegnieke wat deur opvoedkundige personeel benut kan word sluit onder andere rollespel, handpoppe, maskers en papierpoppe in. Vir doeleindes van hierdie studie sal daar ten opsigte van gedramatiseerde spel hoofsaaklik op die benutting van twee tegnieke naamlik rollespel en handpoppe gefokus word.

6.3.1 Rollespel

Rollespel en kreatiewe dramatisering bied vir kinders die geleentheid om groter bewustheid ten opsigte van hulself en ander te ontwikkel (Oaklander, 1988:139). Die navorser is gevolglik van mening dat rollespel ideale speltegniek is wat tydens die aanbieding van lewensvaardighede benut kan word. Deur middel van bogenoemde dramatisering word kinders natuurlike hulpmiddel gebied om verlore dele van hulself te vind en uit te druk, maar ook om sterker selfbeeld op te bou. Oaklander (1988:139) verklaar die volgende ter aansluiting by laasgenoemde: *“In creative dramatics, children are called upon to experience the world around them as well as their own selves”*. Cattanaah (2001:23) beskryf die aanneming van verskillende rolle tydens rollespel as paradoksale proses. Volgens bogenoemde outeur is die kind betrokke by *“... engagement and separation, taking-on and taking-off, simultaneously existing in the world of me and not-me.”* Deur die rollespel raak die kind die eienaar en neem beheer oor twee verskillende wêreldes tydens die tydsperiode en sodoende word betekenis aan gedrag geheg. Dit is dan volgens die navorser kardinale aspek wat tydens die bewusmaking van lewensvaardighede bereik wil word. Deurdat opvoedkundige personeel dus die kind se selfbewussyn aanspreek, moet hy bewus word van sy gevoelens, maar so ook die gevoelens van byvoorbeeld geskende kind. Deurdat kinders insig sal ontwikkel aangaande die verskillende emosies en vrese van geskende kinders met spesiale bekwaamhede kan perspektiewe verander word en gevolglik so ook die gedragsoptrede (Cattanaah, 2001:24). Hierdie tegniek stel kinders dus in staat om die wêreld rondom hulself te interpreteer en gevoelens, idees, aksies en uitdrukkings te ontwikkel. Die nuwe perspektiewe wat ontwikkel word moontlik gemaak omrede kinders tydens die

dramatisering van interne hulpbronne gebruik maak. Blom (2004:232) verduidelik die interne hulpbronne as die kind se sig, gehoor, smaak, tas, reuk, gesigsuitdrukking, liggaamlike beweging, fantasie, verbeelding en intellek.

Verder word daar verklaar dat die effektiwiteit van dramatisering verhoog kan word indien kinders verskillende uitrustings aantrek (Oaklander,1988:144). Die kind sal meer betrokke wees by die rol en die emosionele ervaring hieromtrent sal verhoog word. Die navorser beveel aan dat drukkledingstukke byvoorbeeld vir kinders beskikbaar gestel word, indien dramatisering van so aard uitgespeel word. Sodoende behoort die kind se empatiese begrip ten opsigte van die geskende kind se ervarings verbeter en verdiep te word.

Die belangrikste aspek ten opsigte van rollespel tydens die bewusmaking van lewensvaardighede, is dat dit vir kinders die geleentheid sal bied om binne die veilige ruimte van die 'teater' alternatiewe uit te speel. Sodoende word die mees toepaslike gedrag geselekteer, volgens Blom (2004:233). Kinders word dus deur middel van dramatisering bewus gemaak van maniere om lewensituasies beter en meer effektief te hanteer.

6.3.2 Die benutting van handpoppe

Die benutting van handpoppe word deur Blom (2004:188) as ideale tegniek vir die kind in die middelkinderjare beskryf, omrede dit vir die kind die geleentheid bied om uiting aan sy fantasieë te gee. Volgens Gerald en Gerald (1997:140) projekteer kinders hulle eie gevoelens en emosies op die handpop, gee aan hulle persoonlikhede, selekteer spesifieke gepaste gedrag en plaas woorde in die handpop se mond. Die kinders word sodoende die geleentheid gebied om op indirekte, nie-bedreigende wyse uiting aan hulle eie emosies te gee.

Opvoedkundige personeel sal deur bogenoemde riglyn in staat gestel word om handpoppe te benut ten einde die kind se selfbewussyn aan te spreek. Deurdat bogenoemde plaasvind sal die volgende doelwitte bereik word (Gerald *et al.*, 1997:141) naamlik om:

- die kind te bemagtig om beheer oor die onbekende situasie te verkry, naamlik interaksie en kommunikasie met die geskende kind;
- probleemoplossing- en besluitnemingsvaardighede te ontwikkel. Dit is noodsaaklik dat die kind in die middelkinderjare die vaardighede sal ontwikkel om selfs moeilike, uitdagende situasies effektief en met selfvertroue te hanteer;
- sosiale vaardighede te ontwikkel. Veral vir hierdie studie is dit van kardinale belang, aangesien die kind sosiale vaardighede deur die bewusmaking van lewensvaardighede sal aanleer ten einde interaksie met die geskende kind byvoorbeeld, te vergemaklik;
- kommunikasievaardighede te verbeter;
- die kind te bemagtig om insig in die situasie van die geskende kind te ontwikkel. Dit is dus noodsaaklik dat hy oor feitlike kennis van die geskende kind se omstandighede sal beskik.

Een manier waarop opvoedkundige personeel handpoppe kan benut, is om vir die kinders geleentheid te bied om poppekas aan te bied. Drewes, Carey en Schaefer (2001:156) vind hierby aanklank aangesien hulle van mening is dat handpoppe tydens die aanbieding van 'n poppekas, ook as verhoog vir die kind dien, ten einde sy storie te vertel en gevoelens asook gedragsoptredes uit te druk. Tydens hierdie lewensvaardighede kan die kind versoek word om byvoorbeeld interaksie met geskende kind te vertolk. Opvoedkundige personeel kan sodoende bewus word van maniere waarop kinders sekere probleemsituasies hanteer. Alternatief vir hierdie personeel is ook om poppekas aan te bied en kinders se selfbewussyn met betrekking tot toepaslike gedrag sodoende te

verbeter (Oaklander 1988:196). Dit blyk dus of handpoppe nie slegs as projeksie benut kan word nie, maar ook as opvoedkundige medium. Die lesers aandag word op die aangehegte riglyn vereis ten einde praktiese riglyne met betrekking tot die benutting van handpoppe te verkry.

Die voordele verbonde aan die benutting van handpoppe tydens die bewusmaking van lewensvaardighede sal kortliks bespreek word. Blom (2004:189) en Redgrau (2000:178) verklaar beide dat handpoppe die kinders meer op hulle gemak sal laat voel. As gevolg hiervan word daar verwag dat selfs die skaam en teruggetrokke kind met minder inhibisies deur die handpop sal kan kommunikeer. Verder word die kinders ook geleentheid gebied om ontoepaslike en ontoelaatbare gedrag uit te speel. Die waarde hiervan, spesifiek in terme van hierdie studie, is dat die kind binne veilige omgewing die nagevolge van hierdie gedrag kan besef en sodoende word hulle selfbewussyn weereens aangespreek. Daar sal byvoorbeeld met behulp van handpoppe geleentheid vir die kind gebied word om wel die geskende kind te spot en vir sy uiterlike voorkoms te lag. Deur middel van rolwisseling kan die kind ook in die posisie van die geskende kind geplaas word en sodoende sal hy op direkte wyse die impak van hierdie gedrag kan ervaar.

Die navorser is van mening dat opvoedkundige personeel deur middel van die korrekte wyse van bewusmaking, opleiding en ondersteuning die kind in die middelkinderjare tot verbeterde insig kan lei, indien hy tegnieke korrek benut wat met gedramatiseerde spel verband hou.

6.4 Bibliospel

Bibliospel is 'n omvattende tegniek in die gestaltspelbenadering en kan op verskeie maniere benut word, naamlik dat personeel 'n fiktiewe storie vir die kinders kan vertel, boeke voorlees asook toepaslike stories skryf, volgens Oaklander (1988:85). Die effektiwiteit hiervan kan verhoog word indien handpoppe of metafore ook benut word. Vir die doeleindes van die navorsing sal hierdie tegnieke vir opvoedkundige personeel aangepas kan word om dit tydens die bewusmaking van lewensvaardighede te benut.

Daar sal hoofsaaklik op die skryf asook die vertel van stories gefokus word. Handpoppe, kreatiewe metafore en die ‘fannel’ bord, sal die effektiwiteit van bibliospel verder verhoog en word in die aangehegte riglyn ingesluit.

6.4.1 Die benutting van stories

Die aanname word gemaak dat bibliospel opvoedkundige personeel geleentheid bied om fiktiewe verhaal te skep, wat steeds met die situasie van die kinders verband hou. Indien só verhaal vertel word, sal kinders se bewustheid met betrekking tot die geskende kind se omstandighede, emosies en vrese, verhoog word. Indien die kind se selfbewussyn ontwikkel is, sal hy makliker alternatiewe gedrag kan oorweeg.

Stories sal in hierdie studie gebruik word om opvoedkundige personeel in staat te stel om kinders in die middelkinderjare se bewustheid te verbeter, asook kennis en insig aangaande brandwonde en geskendheid te bied. Gerald en Gerald (1997:135) verklaar dat 'n kind homself met 'n storie sal kan identifiseer indien hy na 'n toepaslike storie luister en indien dit gebeur sal dit vir hom moontlik wees om dit as refleksie op sy eie lewe te benut: *“Her interest in the thoughts, emotions, and behaviours of the characters in the story allows her to, at some level, share the experience of the story book characters and to project on to these characters beliefs, thoughts and emotional experiences of her own.”* Stories bied kinders dus die geleentheid om onvoltooide sake in hul eie lewens te identifiseer en daarop te fokus deur middel van 'n poging om iets positiefs daaraan te koppel.

Die volgende doelwitte sal bereik kan word (Blom, 2004:182), deurdat opvoedkundige personeel dus bogenoemde speltegniek gebruik:

- Tydens die bewusmaking van lewensvaardighede kan die stories so geformuleer word dat kinders met die karakter kan identifiseer, hom as rolmodel kan waarneem en sekere gedrag sal kan naboots. Die storie sal vir hierdie
-

studiedoeleinde oor hoofkarakter beskik, wat die interaksie met die geskende kind moet kan hanteer.

- Indien die kind aanklank by karakter vind, sal dit ook vir hom geleentheid vir katarsis bied. Die kind sal dus emosies, wense en begeertes na die karakter kan oordra en gevolglik sal hulle persoonlike emosies vanaf afstand geëvalueer kan word, soos volgens Van der Merwe (1996:111) en Blom (2004:184).
- Die verhoging van selfinsig sal ook kan plaasvind, aangesien kinders begrip ontwikkel van parallel wat tussen hulle lewens en dié van die karakter is. Indien kinders selfinsig ontwikkel het, is hulle meer bereidwillig om hul eie emosies, denke, wense en behoeftes te ondersoek. Om hierdie rede sal fiktiewe storie ook tydens die empiriese studie aan die kind vertel word. Die kind sal dus die geleentheid gebied word om op indirekte wyse sy gevoelens en emosies te ontdek.

Die benutting van stories sal dus nie slegs die kind se bewustheid ten opsigte van sekere gedragsoptredes verbeter nie, maar dit sal ook die kind bekendstel aan alternatiewe gedragsoptredes en kommunikasiestyle.

Opvoedkundige personeel behoort egter bewustheid te ontwikkel met betrekking tot die vereistes waaraan stories behoort te voldoen indien dit aan kinders vertel word. Om hierdie rede word die volgende riglyne (vergelyk Van der Merwe, 1996:111; Blom, 2004:184) aan die leser voorgehou:

- Die storie moet kort en kragtig wees.
-

- Dit moet verband hou met die kind se omstandighede en ontwikkelingsfase; dus nie slegs die kinders se ouderdom nie, maar ook hul kultuur en tradisies moet in ag geneem word.
- Verder sal dit ook verband moet hou met die kind se gevoelens. Vir die empiriese studie sal die storie fokus op die vrese en bekommernisse van kinders in die middelkinderjare tydens interaksie en kommunikasie met geskende kind.
- Die kind se belangstelling en aandag moet behou word en dus sal sketse en tekeninge benut moet word.
- Daar moet te alle tye karakter teenwoordig wees met wie die kind homself kan vereenselwig. Hierdie karakter sal realisties aan die kind voorgehou moet word deur byvoorbeeld ook kwaad te word, kinders te bespot, ensovoorts. Dit is egter belangrik dat hierdie karakter tot verbeterde insig sal kom.

Ten einde aan die voorgenoemde vereistes te voldoen, is bogenoemde outeurs ook van mening dat die hoofkarakter aan die volgende vereistes moet voldoen. Dit is noodsaaklik dat opvoedkundige personeel se kennis en begrip ook oor bogenoemde aangespreek sal word.

- Hy moet gevoelens uitdruk en ervarings beleef al is dit negatiewe ervarings. Dit is belangrik vir die kind in die middelkinderjare om met die karakter te kan identifiseer. Vir hierdie rede sal die karakter ook foute moet begaan en kan hy nie perfek wees nie. Volgens die navorser kan 'n mens te verwagte wees dat die kind vrese met betrekking tot kommunikasie met die geskende kind in hierdie lewensfase sal koester. Hierdie onsekerhede en vrese sal wel navore gebring word deurdat die karakter soortgelyke gevoelens sal ervaar, maar positiewe hanteringsmegansimes sal ontwikkel.
 - Die karakter moet die rede vir sy optrede ondersoek en gewillig wees om sy selfkennis en -aanvaarding verder te bevorder. Dit is dus belangrik dat die karakter ook die gevolge van sy spottende optrede teenoor ander byvoorbeeld, sal ondersoek en sodoende bewus sal word van ander se gevoelens hieromtrent. Hy
-

sal ook 'n besluit moet neem oor wat hy kan sê of doen om die bestaande situasie te verbeter en toekomstige optredes te beplan.

- Hy moet ook intellektuele insig oor die situasie bekom en sodoende objektiewe asook realistiese evaluasies kan maak. Die belangrikheid van agtergrondinligting rakende die geskende kind en die mediese implikasies van brandwonde, word weereens beklemtoon.
- Die karakter moet emosionele insig ontwikkel. Dit is noodsaaklik dat die fasiliteerder bewus sal wees van die kinders se emosies aangaande die geskende kind se terugkeer na die klaskamer. Dit is belangrik dat die karakter van die storie ook hierdie emosies moet ervaar, hetsy dit angst, woede of opgewondenheid is.
- Hy moet gebruik maak van beheermeganismes om moeilike situasies op positiewe wyse te hanteer. Vir die studiedoeleindes, kan dit positiewe beheermeganisme wees indien hy sy emosies en vrese met die klasonderwyser of ouer deel.
- Deurdat die karakter doelbewus positiewe lewensdoelwitte formuleer, sal dit sy funksionering bepaal en kan die kind se beheer oor die toekoms verbeter word.

Die navorser is dus van mening dat die benutting van stories ook vir opvoedkundige personeel nuttige hulpmiddel tydens die bewusmaking van inherente lewensvaardighede kan wees. Indien gepaste, doeltreffende storie gekies word, sal die kind homself daarmee kan identifiseer, sal hy bewus raak en moontlik op spontane wyse die nodige veranderinge in sy lewe maak. Vanuit die gestaltperspektief is dit ook belangrik dat die kind self die bewustheid ontwikkel dat alternatiewe gedragsoptrede noodsaaklik is, ten einde veranderende gedragsoptrede blywend van aard te maak. Praktiese voorbeelde vir die benutting van bibliospel tydens die bewusmaking van lewensvaardighede, kan in die aangehegte riglyn gevind word.

6.5 Kreatiewe spel

Volgens Blom (2004:233) bied kreatiewe spel ook aan die kind die geleentheid om projeksies op indirekte wyse navore te bring. Daar sal vir studiedoeleindes op

opvoedkundige personeel se kennis en begrip gefokus word om ten opsigte van die benutting van tekeninge en sandwerk as projeksiemedium bogenoemde aan te spreek.

6.5.1 Die benutting van tekeninge

Die navorser is van mening dat tekeninge ook op effektiewe wyse benut kan word tydens die bewusmaking van inherente lewensvaardighede. Hierdie mening word gegrond op Blom (2004:147) se beskrywing ten opsigte van die voordele van tekeninge. Volgens bogenoemde outeur, asook Gerald en Gerald (1997:120), help tekeninge kinders om uiting te gee aan hul emosies en denke op nie-bedreigende manier. Kinders kan gevolglik begrip vir alternatiewe gedrag ontwikkel ten einde nuwe hanteringstrategieë aan te leer. Tekeninge bevorder ook volgens bogenoemde outeurs kommunikasie, kreatiwiteit, selfuitdrukking en spontaniteit. Verder dra tekeninge ook by tot katarsis, deurdat kinders se emosies en idees geprojekteer, verstaan en ondersoek kan word. Blom (2004:147) verklaar samevattend dus die volgende: *“The use of drawing techniques positively promotes children’s self-awareness, as they can come into contact with their emotions and handling strategies for future handling in a non-threatening manner.”* Dit blyk dus uit bogenoemde dat opvoedkundige personeel wat van tekeninge gebruik maak, mate van beheer vir die kind kan teruggee. Die rede hiervoor is dat hy die geleentheid gebied word om onsekerhede en vrese te projekteer en alternatiewe gedragsoptrede te ondersoek.

Die benutting van tekeninge tydens die aanbieding van lewensvaardighede is ook effektiewe hulpmiddel, omrede dit op soveel verskillende manier gebruik kan word. Die navorser is van mening dat die kind beter begrip vir die situasie van kind met verskillend bekwaamhede, soos in die geval van die geskende kind kan ontwikkel, indien hy verskillende aspekte daarvan geteken en ondersoek het. Voorbeelde hiervan behels opvoedkundige personeel wat hom deur middel van tekeninge motiveer om sy emosies te projekteer, met betrekking tot geskende maatjie wat langs hom in die klas kom sit. Verder kan die kind ook versoek word om deur middel van tekeninge aan te dui hoe hy geskende maatjie sal help. Tekeninge kan selfs benut word om die kind aan te moedig om te projekteer hoe hy graag sou wou hê ander moet optree indien hy sou brand. Die kind

se selfbewussyn sal deur al bogenoemde verskillende projeksiemetodes aangespreek word.

6.5.2 Die benutting van sandwerk

Volgens Weinrib (in Blom, 2004:152) is sandwerk 'n nie-verbale speltegniek waartydens kinders driedimensionele 'sketse' in 'n bak met nat- of droësand maak. Sandwerk bied dus aan die kind die geleentheid om kreatiewe prente of abstrakte konsepte uit te beeld, deurdat daar gebruik gemaak word van klein figuurtjies in 'n bak van beperkte grootte (Gerald & Gerald, 1997:107). Drewes, Carey en Schaefer (2001:329) verklaar dat die benutting van sandwerk veral effektief is vir die kind in hierdie lewensfase, aangesien die kind se verbeelding aktief gestimuleer word. Laasgenoemde outeur verklaar ook dat sandwerk gedrag op 'n positiewe manier beïnvloed, dat dit toepaslik vir die kind se ontwikkelingsfase is en 'n ideale tegniek vir opvoedkundige personeel is, as gevolg van hul beperkte tyd met die kinders. Gevolglik is die navorser van mening dat sandwerk as 'n toepaslike alternatief tydens die bewusmaking van lewensvaardighede benut kan word en om hierdie rede word praktiese benutting hiervan in die aangehegte riglyn bespreek.

Alhoewel Blom (2004:152) en Gerald *et al.*, (1997:108) 'n samevatting van die terapeutiese waarde van sandwerk bied, is die navorser van mening dat die benutting hiervan tydens die bewusmaking van lewensvaardighede tot voordeel van die kind kan wees. Hierdie voordele sal vervolgens kortliks bespreek word ten einde opvoedkundige personeel se kennis en begrip aangaande bogenoemde te beklemtoon:

- Dit bied 'n geleentheid vir sensoriese stimulasie en sal gevolglik 'n verbeterde bewustheid tot gevolg hê;
 - Grense word aan die kind gestel, byvoorbeeld die grootte van die bak as die grense waarbinne die kind kan speel. Vir die navorser is dit belangrik dat lewensvaardighede grense vir hierdie kind stel, ten einde hom van aanvaarbare asook onaanvaarbare gedrag teenoor die geskende kind byvoorbeeld, bewus te maak;
-

- Die kind word die geleentheid gebied om op kognitiewe vlak gebeure te verstaan ten einde insig daarvan te ontwikkel. Sandwerk sal dus vir die kind geleentheid bied om die dinamika van geskendheid en die terugkeer van só kind na die skoolomgewing beter te verstaan;
- Die kind word ook die verantwoordelikheid aangeleer om beheer oor sekere situasie te neem. Omdat interaksie en kommunikasie met die geskende kind byvoorbeeld, onbekende situasie vir die kind kan wees, is dit moontlik dat die kind in die middelkinderjare beheer van hierdie situasies kan verloor. Die doel van hierdie riglyn vir opvoedkundige personeel is dus om die kind se bewustheid met betrekking tot inherente lewensvaardighede aan te spreek sodat beheer vir hom teruggegee kan word;
- Verbale kommunikasie word ook aangemoedig aangesien die kind eerstens sy gevoelens op nie-verbale wyse kan ondersoek. Dit is ook belangrik dat die kind bemagtig sal word om eerder sy emosies op aanvaarbare wyse verbaal uit te druk, deur die bewusmaking van vaardighede.

Omrede die hoofdoelstelling van die riglyn daarop fokus om die kind se selfbewustheid aan te spreek ten einde emosionele bevoegdheid teweeg te bring, is sandwerk ideale hulpmiddel. Terwyl die kind homself op kreatiewe manier in die sand uitdruk en ook die geleentheid gebied word om verskillende dele daarvan te besit, vind integrasie plaas. Volgens Yontef (1993:7) dra die integrasie van aspekte by tot die suksesvolle verhoging van die kind se bewustheid.

Die navorser is dus van mening dat die sandbak gebruik kan word om die kind te vra om interaksie tussen die klaskinders en die geskende kind uit te beeld. Dit sal vir die kind makliker wees om dialoog tussen die verskillende figure te weeg te bring deur middel van figure wat gebruik word. Die aanbieder kan byvoorbeeld die kind versoek om die rol van die geskende kind aan te neem. Insig en begrip met betrekking tot interaksie met die geskende kind behoort sodoende verhoog te word.

Dit blyk dus dat tekeninge en sandwerk beide effektiewe hulpmiddels is wat opvoedkundige personeel kan benut om kinders se aandag te behou, asook bewustheid te verbreed met betrekking tot hulle interpersoonlike lewensvaardighede.

7. SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstuk is opvoedkundige personeel se kennis en begrip ten opsigte van die gestaltbenadering, maar ook spesifiek die gestaltpelbenadering aangespreek. Dit is noodsaaklik dat die leser bewus sal wees van die belangrikste uitgangspunte en beginsels ten einde die riglyn vir lewensvaardighede maksimaal te kan benut. Deur middel van oorsig wat uit speltegnieke saamgestel en voorgehou is, sal opvoedkundige personeel ook die waarde daarvan tydens die aanbieding van lewensvaardighede begryp.

Tot dusver is daar op die leser se kennis en begrip met betrekking tot die kind in die middelkinderjare gefokus. Bewustheid is ontwikkel ten opsigte van die vaardighede waaroor hierdie kind reeds behoort te beskik asook die ruimtes vir verdere bewusmaking. Kennis en begrip ten opsigte van speltegnieke tydens die bewusmaking van hierdie vaardighede, is verder beklemtoon. Volgens die navorser is dit noodsaaklik om vervolgens mediese en psigososiale implikasies van brandwonde uit te lig. Deur middel van die mediese perspektief ten opsigte van brandwonde, sal die opvoedkundige personeel se begrip aangaande bewuswording en die noodsaaklikheid van lewensvaardighede vir kinders in die middelkinderjare verder verhoog word.

Hoofstuk 4: Die mediese en psigososiale implikasies van brandwonde

1. INLEIDING

Geskendheid en met spesifieke verwysing na geskende kinders, is onder andere een van die groep kinders wat oor 'n spesifieke bekwaamheid beskik, waarmee die kind in hierdie lewensfase gekonfronteer kan word. Ernstige brandwonde word as een van die mees traumatiese fisiese en psigososiale gebeurtenisse beskryf. Na weke en selfs maande van herhaalde chirurgiese en pynvolle behandelings, die veg teen infeksies, moontlike depressiewe en emosionele toestande asook arbeids- of fisioterapie, word die kind gekonfronteer met die herintegrasie tot die gemeenskap.

In hierdie hoofstuk sal daar nie slegs aan die mediese implikasies van brandbeterings aandag gegee word nie, maar ook die leser se kennis met betrekking tot die psigososiale implikasies verbreed. Gevolglik behoort opvoedkundige personeel begrip te ontwikkel van lewensvaardighede wat die ongeskonde kind se selfbewussyn, maar ook sy bewustheid ten opsigte van hierdie groep kinders aanspreek, en begryp dat dit onvermydelike aspek is waaraan aandag behoort geskenk te word.

2. DIE VOORKOMS VAN BRANDWONDE

Suid-Afrikaanse navorsing op hierdie terrein is beperk en om hierdie rede is statistiek nie gemaklik bekombaar nie. Soos reeds verklaar, is die “*National Injury Mortality Surveillance System*” (NIMSS 2003) van mening dat van die 855 persone wat in 2002 as gevolg van brandwonde gesterf het, 156 kinders jonger as 14 jaar was.

Volgens Horwitz (1999:13) is die epidemiologie van brandwonde in Suid-Afrika grootliks onbekend. Volgens die Amerikaanse statistieke rakende brandwonde per 1000 mense, word daar beraam dat ongeveer 4 000 000 pasiënte as gevolg van brandwonde jaarliks in Suid-Afrika voorkom. Slegs 1 % (4000) word egter gehospitaliseer en ongeveer 0,1 % (400) sterf. Bykomend tot bogenoemde statistieke, sterf ongeveer 3000 pediatriese pasiënte jaarliks aan brandwonde, maar ongeveer 12 000 kinders oorleef brandwonde en leef daagliks met die implikasies van geskendheid en ongeskikthede.

Die mees onlangse statistieke wat by die Rooi Kruis Kinderhospitaal beskikbaar is, dui daarop dat 567 kinders jonger as 12 jaar gedurende 1999 en 2000 as gevolg van brandwonde gehospitaliseer is. Hierdie getal sluit egter nie die kinders in wat deur die buitepasiëntekliniek aanmeld en behandel word nie. Van hierdie gehospitaliseerde beserings, is 34 % op die sigbaarste liggaamsdele, naamlik die kop en nek opgedoen en 26% en 18 % kom onderskeidelik op die hande of arms asook bene of voete voor.

As gevolg van die groot hoeveelheid kinders wat deur brandwonde beïnvloed word en die aard daarvan, kan daar verwag word dat 'n groot aantal kinders daagliks onder die swaard van geskendheid lewe.

3. MEDIESE KLASSIFIKASIE VAN BRANDWONDE

Medici beskryf die klassifikasie van brandwonde as 'n belangrike stap in die behandeling. Morgan, Bledsoe en Borker (2000:5) is van mening dat die volgende aspekte in ag geneem moet word, naamlik; die diepte van die wond, ernstigheidsgraad van brandwonde uitgedruk in totale liggaamsdeel (*TBSA – total body surface area*), area van die liggaam wat gebrand is en letselvorming. Hierdie aspekte sal hiernaas kortliks bespreek word.

3.1 Diepte van die brandwond

Die diepte van die brandwond het nie slegs 'n invloed op die genesing nie, maar ook op die duur van hospitalisasie, noodsaaklikheid van chirurgie en moontlike letselvorming (Morgan *et al.*, 2000:5). Dit blyk dus dat die diepte van die brandwond ook 'n bepalende faktor vir die geskende kind se herintegrasie met die gemeenskap sal wees. Volgens bogenoemde outeurs het kinders jonger as vyf jaar gewoonlik 'n dun vel. Dit is egter ook belangrik om in ag te neem dat 'n dun vel soms dieper gebrand is, as wat dit aanvanklik mag voorkom. Die verwagting bestaan dus dat die ernstigheidsgraad van brandwonde by baie jong kinders kan toeneem.

Die diepte van brandwonde kan soos volg geklassifiseer word (Vergelyk Herndon, 2002:524-533; Morgan, Bledsoe & Borker, 2000:6-10; Carvajal & Parks, 1988:27-38):

- *Eerstegraadse brandwonde*




Figure 4.1: Eerstegraadse brandwonde (Morgan, Bledsoe & Borker 2000)

Hierdie wonde is gewoonlik nie dieper as die boonste sellag van die epidermus nie (Herndon 2002:524) – sien rooi pyltjie in figuur 1. Carvajal en Parks (1988:27) vind aanklank by bogenoemde en verklaar dat die wonde gewoonlik uitgeken kan word aan rooi kleur en pyn wat die kind ervaar. Genesing vind binne paar dae plaas, en gewoonlik kom geen letselvorming voor nie.


- *Tweedegraadse brandwonde*



Figuur 4.2: Tweedegraadse brandwonde (Morgan *et al.*, 2000)

Hierdie wonde is ook beter bekend as ‘*superficial partial thickness of deep partial thickness*’ brandwonde. Carvajal *et al.*, (1988:27) verklaar dat blase vorm, maar indien geen infeksie voorkom nie, sal die wond gewoonlik binne 14 – 17 dae genees. Herndon (2002:524) is van mening dat hierdie wonde gewoonlik klam van aard is en pyn algemeen voorkom.


- *Derdegraadse brandwonde*



Figuur 4.3: Derdegraadse brandwonde (Morgan *et al.*, 2000)

Volgens Herndon (2002:523) is hierdie wonde ook beter bekend as '*full thickness*' brandwonde. Die wonde is gewoonlik sterk, wasagtig in voorkoms, bruin van kleur en voel soos leer indien persoon daaraan raak. Hierdie voorkoms is as gevolg van die totale vernietiging van die epidermis (Carvajal *et al.*, 1988:323). Genesing van hierdie wonde is nie spontaan van aard nie en chirurgie as behandeling is dikwels vereiste. Herndon (2002:524) verklaar ook dat hierdie wonde droog en minder pynvol is, omrede die sensuwees en bloedvloei na die wond deur die besering vernietig is. Hierdie wonde kan enige kleur aanneem, naamlik swart, bruin of wit.

- ***Vierdegraadse brandwonde***




Figuur 4.4: Vierdegraadse brandwonde (Morgan *et al.*, 2000)

Hierdie wonde is ook bekend as ‘*full thickness*’ brandwonde, en strek tot in die vetweefsel, bene, spiere en senuwees. Die totale vel is vernietig en veloorplanting asook ”flaps” (sien tabel 4.2:89) is noodsaaklik vir genesing.

3.2 Die ernstigheidsgraad van brandwonde

Medici beskryf die ernstigheidsgraad van brandwonde deur te verwys na die persentasie van totale liggaamsoppervlak wat beïnvloed is. Dit is belangrik om sodoende optimale behandeling te beplan. Dit is egter nie ’n bepalende faktor ten opsigte van die kind se aanpassing in die familie- en skoolomgewing nie. Skrywers (vergelyk Blakeney, Meyer, Moore, Broemeling, Hunt, Robson & Herndon, 1993:72; Stouffer, 1995:95) stem saam dat ’n kind wat slegs ’n brandwond op die hand opgedoen het, sosiaal net soveel hindernisse of struikelblokke kan ondervind soos ’n kind met ’n groter liggaamsoppervlak brandwond. Verdere rede waarom sosiale aanpassing nie alleenlik deur die ernstigheidsgraad van die wond bepaal word nie, word ook deur Blakeney *et al.*, (1993:72) verskaf, naamlik dat geskonde kinders hulself nie slegs met soortgelyke portuurgroepslede vergelyk wat dieselfde traumatiese ondervinding ervaar het nie, maar eerder met ongeskonde portuurgroepslede. Dit dien weereens as ’n bevestiging dat ongeskonde kind se optrede teenoor die geskonde kind van kardinale belang is.

Volgens Morgan, Bledsoe en Borker (2000:6) is die welbekende Lund-Browder-tegniek die effektiwste manier om die *TBSA* van kinders jonger as 15 jaar te bepaal. Laterjet (in Howitz, 1999:15) verklaar dat die kind se ouderdom en ontwikkeling in ag geneem moet word tydens die keuse vir hierdie tegniek. Tydens die eerste lewensjaar is die kop ongeveer twee keer so groot soos ’n volwassene se kop, met inagneming van die verhouding met die totale liggaamsoppervlakte. Soos wat die kind groei en ontwikkel is dit nodig om die liggaamsproporsies so akkuraat moontlik te bepaal. In die onderstaande figuur (sien Figuur 4:5: 87), verwys die A na die totale kop (voor en agter), B verwys na die voor- of agterkant van die bobeen en C verwys na die voor- of agterkant van een been. Die boonste ry nommers verwys na die relatiewe persentasie van die liggaamsdeel wat beïnvloed is.



LUND-BROWDER CHART

Relatiewe Persentasie van Liggaamsarea wat deur groei beïnvloed word

Ouderdom	0	1	5	10	15	Volwassene
A-kop (voor of agter)	9½	8½	6½	5½	4½	3½
B-1 bobeen (voor of agter)	2¾	3¼	4	4¼	4½	4¾
C-1 been (voor of agter)	2½	2½	2¾	3	3¼	3½

Figuur 4.5: Die Lund-browder-tegniek (Morgan, Bledsoe & Barker, 2000:7)

3.3 Liggaamsarea

Volgens Horwitz (1999:16) het die area van die liggaam wat gebrand is, definitiewe implikasies vir genesing. Brandwonde wat op die funksionele liggaamsdele, byvoorbeeld die hand, gesig, voete en gewrigte voorkom, lei meer waarskynlik tot geskend- of ongeskiktheid wat sigbaarheid impliseer. Hospitalisasie word ook vereis vir bogenoemde beserings, wat meebring dat die genesing van hierdie wonde meer gekompliseerd sal wees.

3.4 Letselvorming

Die volgende skrywers (vergelyk Herndon, 2002:550; Morgan, Bledsoe & Barker, 2000:12; Liebowitz, 2001:22; Hurren, 1995:117; Carvajal & Parks, 1988:338) is van mening dat twee tipes letsels in die geval van *'full thickness'* brandwonde kan ontwikkel. Gegewens met betrekking tot bogenoemde sal vervolgens in tabelformaat aan die leser voorgehou word:

Tabel 4.1: Letselvorming met betrekking tot brandwonde

HIPERTROFIESE LETSELS	KELOÏEDLETSELS
<ul style="list-style-type: none"> • Kom voor indien genesing meer as 2 weke (swartpasiënte) en 3 weke (ander pasiënte) neem 	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is die erge vorm van hipertrofiese letsels
<ul style="list-style-type: none"> • Sigbaar na ses weke 	<ul style="list-style-type: none"> • Sigbaar na ses weke
<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling van letsels kan vir tot en met twee jaar duur 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling van letsels kan vir tot en met twee jaar duur
<ul style="list-style-type: none"> • VOORKOMS: hard en dik, maar kan platter, ligter van kleur en sagter word 	<ul style="list-style-type: none"> • VOORKOMS: dik, deursigtig en glansagtig
<ul style="list-style-type: none"> • Geskend- of ongeskiktheid is nie definitiewe nagevolg nie 	<ul style="list-style-type: none"> • Geskend- of ongeskiktheid is in meeste van die gevalle nagevolg

Die volgende tegnieke kan benut word om die vorming van bogenoemde letsels tot mate te beperk. Die tegniek en die behandeling ten opsigte van die brandwonde, word vervolgens in tabel 4.2: 89 weergegee.

Tabel 4.2: Behandelingstegnieke ten opsigte van brandletsels

<i>TEGNIK</i>	<i>BENUTTING</i>
Spalktegniek ('splints')	<ul style="list-style-type: none"> • Ledemate word gerek en korrekte posisionering verhoog beweeglikheid en funksionering • Spesifiek vir individue ontwerp • Word vir grootste deel van die dag gedra
Drukkledingstukke	<ul style="list-style-type: none"> • Beperk die bloedvloeï na die brandwonde (hipoksie in die bloed word dus verhoog) • Word van Lycra gemaak en spesifiek vir individue ontwerp • Die kledingstukke moet vir ten minste 23 uur van die dag gedra word
Silikon	<ul style="list-style-type: none"> • Word in moeilik bereikbare areas, tussen die drukkledingstukke en letsels geplaas • Word as effektiewe tegniek beskou
'Z-plasty'	<ul style="list-style-type: none"> • Fundamentele operasie vir plastiese en rekonstruksie chirurgie • Weefsel word 'heroganiseer'; dit wil sê weefsel word van dele geneem waar daar oormaat is en oorgeplaas na dele waar daar tekort aan weefsel is • Dra by tot voordelige chemiese en strukturele verandering in hipertrofiese letsels

Chirurgie en veloorplanting	<ul style="list-style-type: none"> • Kan reeds 72- uur na die besering uitgevoer word • Ander deel van die liggaamsvel word gebruik om op die letsel geplaas te word • Letsels vertoon steeds abnormaal teenoor die res van die liggaam • Velloorplanting is nie suksesvol op bene, spiere en diep beserings nie • Dit is soms nodig om meer as slegs die vel oor te plaas. Weefsels word dan van die skenkerarea gesamentlik met die bloedvate geneem en na die nodige deel oorgeplaas – staan bekend as “flaps”
------------------------------------	--

Hurren (1995:117-118)

Die behandelingstegnieke silikon, ‘Z-plasty’, chirurgie en veloorplanting verbeter wel die voorkoms van die brandwonde, maar letsels sal egter steeds sigbaar wees. Opvoedkundige personeel moet daarop let dat die geskende kind met spalke of drukkledingstukke wel kan terugkom klas toe. Die voorkoms van hierdie kind sal beïnvloed word en as gevolg hiervan is dit nodig dat die klas se bewustheid met betrekking tot bogenoemde aangespreek moet word.

4. HOSPITALISASIE EN REHABILITASIE

Hospitalisasie is oor die algemeen vir enige kind traumatiese ervaring en dus veel erger vir kinders met brandwonde, omrede die duur van hospitalisasie relatief lank is. Dit strek gewoonlik van dertig dae tot en met paar maande. Gedurende hierdie tydperk word die kind blootgestel aan pynvolle ervarings, soos byvoorbeeld daaglikse wondbehandelinge, bloedtoetse en chirurgiese prosedures. Sekere chirurgiese prosesse vereis dat die kind vir tot tien dae onbeweeglik bly (Carvajal & Parks, 1988:345). Die emosionele trauma verbonde aan hospitalisasie lei daartoe dat die kind skeidingsangs, regressiewe gedrag, woede, vrees en depressiewe gedrag kan openbaar.

Die outeur Liebowitz (1999:18) verklaar dat hospitalisasie van brandwonde noodsaaklik is indien die wonde die volgende tekens veroorsaak:

- Dieper as tweedegraadse of dan ‘superficial thickness’ wonde is;

- Groter as 10% van die liggaamsarea by kinders bedek;
- Indien enige van die funksionele ledemate beïnvloed is;
- Die besering gekompliseerd is deur inasemingsbeserings of die teenwoordigheid van enige voorafgaande beserings of siektetoestande; of
- Die wond die gevolg van elektriese of chemiese beserings is.

Die fases van hospitalisasie en rehabilitasie sal vervolgens kortliks bespreek word. Emosies en vrese sal ook tydens elkeen van die fases bespreek word ten einde aan die leser geheelbeeld te bied ten opsigte van die kind se belewing van die trauma.

4.1 Akute fase

Die akute fase is deel van die vroeë rehabilitasiestadium. Volgens Horwitz (1999:18) kan hierdie fase soos volg omskryf word: “...*the interval from the onset of the burn injury to the time when fluid resuscitation (the maintenance of fluid and electrolyte balance) is complete, respiration is stable, initial shock is resolved and the patient is not delirious or disorientated from sepsis or other complications*”. Carvajal en Parks (1988:347) is die psigologiese simptome normaalweg verwardheid, delirium, hiperaktiwiteit, angstigheid en slaapversteurings inhou. Die teenwoordigheid van bekende persone, byvoorbeeld familielede, is belangrik ten einde mate van sekuriteit vir die kind te bied.

4.2 Intermediêre fase

Die outeurs (vergelyk Carvajal *et al.*, 1988:348; Horwitz, 1999:21) stem ooreen dat hierdie fase ’n aanvang neem wanneer die aanvanklike toestand van die pasiënt gestabiliseer het, wat van paar weke tot paar maande kan strek. Die pasiënt ondergaan steeds pynvolle mediese prosesse, byvoorbeeld die versorging van brandwonde. Tydens hierdie typerk is die kind by sy volle bewussyn en dus bewus van die aktiwiteite wat rondom hom gebeur. Die algemeenste psigologiese probleme wat tydens hierdie fase ondervind word, sluit depressie en posttraumatische stressversteuring (*PTSD*) in. Weens *PTSD* is dit moontlik dat die kind nagmerries, angstigheid en regressiewe gedrag kan beleef. Buiten die psigologiese probleme, kan die volgende

gedragsprobleme voorkom: vyandigheid, afhanklikheid of ontoepaslike seksuele gedrag. Dit blyk dus dat hierdie fase vir die kind op meer as een terrein traumaties kan wees en om hierdie rede is intervensie ook op emosionele terrein reeds tydens hierdie fase noodsaaklik.

4.3 Langtermynfase

Volgens Carvajal *et al.*, (1988:348) vind hierdie fase oor die laaste tydperk van hospitalisasie en die vroeë fase van ontslag plaas. Dit is onder andere die tydperk van aanvanklike aansterking en dus word fisio- en arbeidsterapie as belangrike behandelingsmetodes beskryf.

Dit is moontlik dat hierdie fase oor ten minste die eerste jaar kan strek, veral wanneer dit van die kind verwag word om drukkledingstukke, 'splints' ensovoorts te dra. Gedurende die eerste jaar na die voorval is emosionele aanpassingsprobleme algemeen. Depressie, angstigtheid en laeselfbeeld word as algemene probleme beskryf. Aanpassing in die gemeenskap verskil van individu tot individu as gevolg van die temperamentele verskille. Die kinderpasiënt se emosionele toestand voor die brandbesering, asook sosiale ondersteuning, dra ook in groot mate by tot die herintegrasie van die kind as pasiënt in die gemeenskap, maar ook spesifiek die skoolomgewing. Indien die kind in die middelkinderjare se bewustheid ten opsigte van die geskende kind verbeter, is die verwagting dat laasgenoemde kinders se terugkeer na die skoolomgewing met minder komplikasies sal kan geskied.

5. GEVOLGE VAN BRANDWONDE

Soos reeds genoem, lei ernstige brandwonde normaalweg tot mate van geskend- of ongeskiktheid. Carvajal en Parks (1988:355) verklaar dat ernstige brandwonde tot permanente ongeskiktheid en spesiale bekwaamheid kan lei, naamlik die moontlike verlies van ledemate soos die hande of voete. Die drukkledingstukke voorkom wel letselvorming tot mate, maar permanente geskendheid is gewoonlik die nagevolg van diep tweede- tot vierdegraadse brandwonde. Liebowitz (2001:22) ondersteun laasgenoemde en verklaar dat hierdie letsels nooit heeltemal sal herstel nie. Die beste

waarvoor pasiënt kan hoop is platletsels, mobiele ledemate en mate van normale gesigskenmerke.

Dit is noodsaaklik dat opvoedkundige personeel algemene beeld van kind, wat geskend is weens brandbeserings, sal vorm ten einde die psigososiale implikasies beter te verstaan. Vir hierdie rede word die volgende foto's aan die leser voorgehou wat ook tydens die empiriese studie aan die proefpersone getoon is.



Figuur 4.6: Bethany voordat sy terugkeer na die skool (Point, 2003:3)

Uit bogenoemde foto's blyk dit duidelik te wees dat die fisiese impak van die brandwonde oorweldigend is. Daar kan verwag word dat die kind se veranderde voorkoms impak op sy emosionele ontwikkeling sal hê. Die navorser is egter van mening dat die kind se emosionele ingesteldheid direkte invloed op sy sosiale ontwikkeling en aanpassing het. Vir hierdie rede sal die psigososiale implikasies van brandwonde kortliks bespreek word.

5.1 Psigososiale gevolge van brandwonde

Die psigososiale impak van brandwonde sal van individu tot individu verskil. Blakeney, Meyer, Moore, Broemeling, Hunt, Robson en Herndon (1993:72) het tydens hul studie gevind dat nie alle kinders met brandletsels ernstige sielkundige versteurings of gedragsprobleme ontwikkel nie. Blakeney, Meyer, Robert, Manubhai, Wolf en Herndon

(1998:631) vind aanklank by voorgenoemde deurdat hulle van mening is dat ernstige brandwonde, geskend- of gestremdheid nie noodwendig die kind se verdedigingsmeganismes vernietig en die kind totaal ongelukkig laat nie. Dit is dan ook hierdie kind se inherente temperament wat sy heraanpassing sal bepaal. Gevolglik sal elke kind se aanpassing verskillend wees. Ongeag hiervan is dit steeds noodsaaklik dat die kind in die middelkinderjare se selfbewustheid met betrekking tot inherente lewensvaardighede, deur die opvoedkundige personeel aangespreek sal word. Sodoende sal die kinders in staat wees om interaksie met die geskende kind met meer gemak te hanteer.

Le Doux, Meyer, Blakeney en Herndon (1996:474) het verder tydens studie gevind dat kinders se selfbeeld met letsels gelykstaande is aan dié van normale kinders. Hierdie outeurs is van mening dat hierdie kinders bewus is van hulle geskend- of gestremdheid asook die negatiewe opinies van die gemeenskap, maar omrede hierdie aspekte van hulself nie verander kan word nie, hulle besluit het om daarmee vrede te maak. Ter aansluiting tot voorgenoemde is hierdie outeurs van mening dat: “... *the burned children in this sample appear not so much to deny their disabilities, but rather to deny the importance of physical limitations to their overall success.*” Dit is dus belangrik dat realistiese en bereikbare doelstellings daar gestel word ten einde die kind aan te moedig om lewenstevredenheid en -geluk te bereik.

Die realiteit is egter dat sommige kinders wel hierdie ervaring meer traumaties ondervind en minder sosiale ondersteuning ontvang. Vir hierdie kinders sal aanpassing in die familie, gemeenskap en spesifiek dan ook die skool, meer problematies wees. Ten einde laasgenoemde te beklemtoon, sal aanhalings vanuit Liebowitz (2001:80) aan die leser voorgehou word met betrekking tot negatiewe psigososiale ervarings.

Caroline was 'n tiener op die stadium van ondervraging, maar het haar middelkinderjare soos volg beskryf: “ ... *primary school was the worst years of my life. I had to go to school with a tissue expander in my head and people used to stare at me and call me names like ‘chicken’ and ‘burned thing’ and things like that. When your with your friends and people said horrible things I felt so embarrassed. No matter where I am*

there is always that certain amount of people that will mock and growing up until the age of 15 was the toughest time.”

Natalie was 10-jarige dogter en het die skoolomgewing soos volg ervaar: *“Die kinders by die skool en in die pad stamp my en slat aan my. Hulle skree vir my name soos ‘gebrande nek’, ‘KFC’, ‘gebrande chip’ en sulke goed.”*

Gregg, ’n laerskoolkind, se moeder het die skoolomgewing soos volg ervaar: *“The big problem is other children. At his school there is children from preschool to standard 5 and mostly the standard 4 and 5’s started to call him names like, ‘alien from mars’ and ‘bubblegum neck’ and when school comes out, hitting at him and smashing him against the poles. Twice already we had to buy him new bicycles because his was folded in half.”*

Uit die bogenoemde aanhalings blyk dit dat die middelkinderjare vir hierdie kinders alles behalwe rooskleurig was. Hierdie kinders se identiteit en selfbeeld is daaglik bedreig en daar kan verwag word dat die kinders gereeld stryd gehad om deur die dag te kom. Indien die bewustheid van die kinders se portuurgroeplede ten opsigte van hulle eie inherente vaardighede om met die geskende kind in interaksie te verkeer, deur opvoedkundige personeel aangespreek was, kon hierdie geskende kinders se aanpassing in die skoolomgewing vergemaklik word.

Ten einde hierdie kinders se psigososiale ervarings meer in perspektief te bring, is dit nodig dat opvoedkundige personeel begrip sal ontwikkel ten opsigte van die gemeenskap, met betrekking tot: die optrede van vriende, gemeenskaps en self familieledede teenoor hierdie kinders. Partridge (in Liebowitz, 2001:24) gebruik die Engelse akroniem, ‘SCARED’ om die gedrag te verduidelik waarmee die geskende of gestremde kind gekonfronteer word.

- *S- staring*
 - *C- curiosity*
-

- *A- anguish*
- *R- recoil*
- *E- embarrassment*
- *D- dread*

As gevolg van voorgenoemde gedrag van die gemeenskap, kan die kind ook bang (*SCARED*) raak en die volgende emosies ervaar:

- *S- self-consciousness*
- *C- conspicuousness*
- *A- anger*
- *R- reluctance*
- *E- embarrassment*
- *D- feeling different*

Gevolgtlik kan die kind gevoelens van skaamte, onbevoegdheid, woede en vernedering ervaar. Alhoewel die meeste emosies wat ervaar word negatief van aard is, is dit van kardinale belang dat die geskende kind positiewe betekenis uit die traumatiese ervaring sal vind (Stouffer, 1995:27). As gevolg van die middelkinderjare, beskik die kind moontlik nie oor die vermoë om so traumatiese situasie in positiewe lig te sien nie. Daar kan dus verwag word dat hierdie kinders soms pessimistiese siening oor die toekoms mag hê.

Volgens voorgenoemde outeur poog elke individu en ook die geskende kind, om beeld navore te bring wat normaal, aanvaarbaar en aanneemlik is; nie slegs vir homself nie, maar ook vir ander. Een struikelblok wat deur geskende kinders ondervind word, is om sy fatsoenlikheid as normale, gewone persoon te behou, terwyl die gemeenskap hom as anders en 'afwykend' klassifiseer. Stouffer (1995:111) noem voorbeeld van geskende persoon wat in restaurant kos bestel. Alhoewel die persoon in staat is om hierdie taak onafhanklik uit te voer, hanteer die kelnerin hom asof hy nie daartoe in staat

is nie. Al wil die kind dus normale lewe lei, moet hy ook die 'struikelblok' oorkom met betrekking tot die gemeenskap wat hom as onbevoeg beskou. Die navorser se mening is dat die persoon ook geen verwagtinge sal hê om aan te voldoen nie, indien die gemeenskap geen sosiale verwagtings van die geskende persoon het nie. Dit is onder sodanige omstandighede dat die kind soms doellose bestaan voer en geen toekomsvisie koester nie. Lewensvaardighede vir die middelkinderjare sal dus ook daarop fokus om hierdie kinders se bewustheid ten opsigte van die geskende kind se vermoëns te verbeter. Opvoedkundige personeel moet dus deur middel van hierdie riglyn die kind bewus maak van lewensvaardighede sodat hy, ongeag die geskende kind se uiterlike voorkoms, steeds sekere verantwoordelikhede aan hom sal toeskryf.

5.2 Portuurgroepsontwikkeling en skoolinteraksie

Die studie fokus spesifiek op die kind in die middelkinderjare en die skoolomgewing dien as navorsingsterrein en om hierdie rede is dit noodsaaklik om spesifieke implikasies hiervan te bespreek.

Kinders wat deur brandwonde beïnvloed is, het volgens La-Greca, Bearman en Moore (2002:274) besondere behoefte aan vriendskapsverhoudinge omrede hierdie verhouding die impak van stressors op die kind kan verminder. Voorgenoemde outeurs is egter van mening dat kinders wat ongeskik of gestremd gelaat is na die ervaring van brandwonde, moontlik die deelname aan ouderdomsgeskikte portuurgroepsaktiwiteite problematies sal vind en dit mag moontlik lei tot portuurgroepisolasië en verwerping. Die moontlikheid vir probleme tydens die interaksie met portuurgroepslede word verder beklemtoon deur Diamond (2002:580). Laasgenoemde outeur is van mening dat afwesigheid van die skool, fisiese beperkings en gereelde hospitalisasië, as risiko faktore geïdentifiseer kan word.

Verwerping deur die portuurgroep lei tot drie aanpassingsprobleme, met betrekking tot akademiese en interne probleme, en sluit die volgende in: eensaamheid, lae selfbeeld en depressie, maar ook eksterne probleme wat die volgende insluit: aggressie en kriminele gedrag, soos volgens Hymel, Vaillancourt, McDougall en Renshaw (2002:276). Ladd,

Buhs en Troop (2002:401) vind aanklank by voorgenoemde en is van mening dat kinders wat deur die portuurgroep tekort gedoen word, verhoogde kanse op eensaamheid en skoolvermyding het. Woodward en Fergusson (2000:191) verklaar dat kinders wat moeilik vriende maak verhoogde kans vir psigososiale probleme het en sluit die volgende in: spanning, afwykende gedrag, geestelike probleme en middelafhanklikheid het. Kupersmidt en Coie (in Woodward & Fergusson, 2000:191) het ook tydens studie met elfjarige kinders gevind dat kinders in die middelkinderjare, wat deur die portuurgroep verwerp word, meer geneig is om negatiewe skoolgedrag, afname in akademiese prestasie, skorsing uit die skool en vroeë skoolverlating te toon.

Uit die bogenoemde inligting blyk dit duidelik te wees dat verwerping deur die portuurgroep 'n lewensbelangrike invloed op die kind kan hê. Dit is dus noodsaaklik dat aandag aan hierdie verskynsel geskenk sal word ten einde te verseker dat die geskende kind regverdige kans in die lewe gegun word.

6. SAMEVATTING

Uit die bogenoemde literatuur blyk dit dat kind wat weens brandbeserings geskend of gestremd is, nie slegs op fisiese vlak spanning kan ervaar nie, maar ook op psigologiese en psigososiale vlak. Met hierdie teoretiese kennis as basis, sal dit vir opvoedkundige personeel moontlik wees om deur middel van hierdie riglyn kinders in die lewensfase in staat te stel om begrip vir die geskende kind se spesiale bekwaamheid te ontwikkel.

In die voorafgaande literatuurstudie is die leser se kennis en begrip ten opsigte van die ontwikkeling van kind in die middelkinderjare aangespreek. Die belangrikheid van die verbetering van hierdie kind se selfbewussyn tydens lewensvaardighede is beklemtoon, aangesien dit noodsaaklike komponent van emosionele bevoegdheid is. Die argument is ook aangevoer dat die gestaltbenadering doeltreffende benadering is om laasgenoemde te bereik.

Vervolgens sal die empiriese gegewens wat tydens hierdie studie verkry is, op grafiese wyse aan die leser voorgehou word. Daar sal relevante verbande tussen hierdie gegewens en die voorafgaande literatuurstudie getrek word. Ooreenkomste asook teenstrydighede sal uitgewys kan word.

Hoofstuk 5: Navorsingsmetodologie: ‘n Empiriese perspektief en integrering van bevindings

1. INLEIDING

Die doel van die studie tot dusver, was die bestudering van die middelkinderjare se ontwikkeling ten einde die ruimtes vir die bewusmaking van lewensvaardighede te bepaal. Die waarde van die gestaltbenadering en gepaardgaande speltegnieke om opvoedkundige personeel in staat te stel om die selfbewussynsvlak van die kind aan te spreek, is ook bespreek. Vir doeleindes van hierdie studie word die redenasie aangevoer dat verbeterde selfbewussyn, die kind se emosionele bevoegdheid kan bevorder om sodoende selfondersteunende gedrag asook sosiale interaksie aan te spreek. Daar word verwag dat emosioneel bevoegde kind, kind met verskillende bekwaamhede met meer selfvertroue sal kan hanteer. Die verwagting is dat hierdie riglyn benut kan word om kinders in staat te stel om in interaksie met kinders te verkeer wat oor verskillende bekwaamhede beskik, byvoorbeeld geskende kinders.

Binne hierdie hoofstuk sal die navorser poog om ‘n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie weer te gee wat benut is, asook die bevindings van die empiriese gedeelte van die navorsing. Die wyse waarop doelwitbereiking op empiriese vlak bereik is, sal onder andere aangedui word. Uiteensetting van die empiriese resultate wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude verkry is, met behulp van selfontwerpte vraelys in die vorm van onvoltooide sinnetoets en oop vrae, met sowel die kinders as die onderwysers as proefpersone, sal ook weergegee word. Hieruit kon triangulering realiseer aangesien die kind se ontwikkeling, die onderwysers se mening asook die bestaande literatuur met mekaar in verband gebring kon word.

2. NAVORSINGSPROSES MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE STUDIE

Volgens Fouché en Delpont (2002:78) volg alle navorsing siklus. Die navorsing begin dus met probleem en eindig wanneer die probleem opgelos is. Gevolglik sal die leser

se kennis en begrip ten opsigte van bogenoemde sirkulêre proses wat in hierdie studie gevolg is, aangespreek word.

Tabel 5.1: Die navorsingsproses

PROBLEEMFORMULERING EN BEPLANNING VIR NAVORSING	INSAMELING VAN INLIGTING	PROSESSERING VAN DATA EN INTEGRERING BEVINDINGS	RIGLYNE VIR LEWENSWAARDIGHEDE: NAVORSINGSBEVINDING
<ul style="list-style-type: none"> • Konsultasies met kundiges • Bepaling van navorsingsprobleem, doelstellings en doelwitte • Voorondersoek 	<ul style="list-style-type: none"> • Literatuurstudie • Semi-gestruktureerde onderhoude met agt kinders as proefpersone d.m.v. selfontwerpte vraelys • Onvoltooide sinnetoets en voltooiing van oop vrae deur twee onderwysers as proefpersone 	<ul style="list-style-type: none"> • Kodering • Grafiese voorstelling • Verbande tussen literatuur en praktyk 	<ul style="list-style-type: none"> • Integrering van bevindings; d.w.s. die ruimtes vir die bewusmaking van lewensvaardighede d.m.v. gestaltpeltegnieke

Aangepaste skematiese voorstelling: Fouché en Delpont (2002:85-92)

2.1 Probleemformulering en beplanning vir navorsing

Die literatuur met betrekking tot die kind in die middelkinderjare se ontwikkeling dui daarop dat hierdie kind wel oor die inherente vaardighede beskik om empatiese gedrag teenoor die portuurgroep te toon. **Konsultasies** met kundiges het bygedrae tot verdere formulering van die probleem. Bogenoemde konsultasies is met Dr. R. Albertyn: Rooi Kruis Kinderhospitaal onderneem, wat by die behandeling van die geskende kind betrokke is, Mnr. G. Eksteen: Direkteur van South African Burn Foundation wat fokus op die herintegrasie van die geskende kind in die hoofstroomonderwysstelsel asook Me. Nieuwoudt: Laerskool Eikestad, wat by die skoolonderrig van die kind in die middelkinderjare betrokke is.

Die nuwe aangepaste beleid vir onderwys het die navorser ook verder bewus gemaak van die probleem, naamlik dat die geskende kind nie genoegsame ondersteuning in die skoolomgewing ontvang nie. Met die gevolg dat hulle aanpassing belemmer word en op

‘n vroeë ouderdom skool verlaat. Dr. Albertyn het spesifiek die behoefte bevestig en ‘n versoek is gerig om ondersoek in te stel om opvoedkundige personeel te ondersteun om kinders in die middelkinderjare se vermoëns wat eie is aan hierdie lewensfase, positief aan te wend. Me. Nieuwoudt was van mening dat kinders in die middelkinderjare wel ‘n afname in egosentriese gedragsoptrede toon. Gevolglik behoort hulle met genoegsame ondersteuning die kind met verskillende bekwaamhede in die skoolomgewing te kan aanvaar.

Die **navorsingsprobleem** wat vir die doeleindes van hierdie studie geformuleer is, is dat sover vasgestel kon word, daar nie ‘n riglyn vanuit die gestaltbenadering bestaan wat opvoedkundige personeel kan benut om die kind se selfbewustheid aan te spreek nie. Indien hulle bewustheid met betrekking tot hierdie vaardighede nie aangespreek word nie, sal hulle moontlik emosioneel onbevoeg wees om die kinders met verskillende bekwaamhede, soos in die geval van die geskende kind, te aanvaar en te akkommodeer. Toestemming van die relevante deelnemende partye naamlik die Rooi Kruis Kinderhospitaal, skoolhoofde, onderwysers asook ouers van die proefpersone, is verkry ten einde hierdie probleem te kan aanspreek.

Soos dit vanuit die algemene inleiding blyk, behels die **navorsingsdoel** om vanuit die gestaltbenadering, riglyne vir opvoedkundige personeel daar te stel om hulle te bemagtig om die kind in die middelkinderjare se selfbewussyn aan te spreek ten opsigte van lewensvaardighede.

Hieruit het die volgende **doelwitte** voortgevloei naamlik om:

- eerstens te fokus op ‘n literatuurstudie met die oog op:
 - in-diepte bestudering van lewensvaardighede waaroor hierdie kind reeds beskik te voltooi, asook die invloed van die verskillende temperamente van ‘n kind. Die middelkinderjare-kind se vermoë en behoeftes op die volgende ontwikkelingsterreine, naamlik: kognitief, moreel, emosioneel, sosiaal sal ook bestudeer word;
-

- teoretiese oorsig rakende gestaltbeginsels en –speltegnieke, tydens die bewusmaking van lewensvaardighede te verkry; en
 - deur middel van teoretiese oorsig met betrekking tot die mediese en sosiale komponente van geskendheid, bewustheid maar ook sensitiwiteit ten opsigte van brandwonde en die gevolge daarvan te verkry.
- om tweedens die trianguleringsproses voort te sit en verdere inligting in te samel deur middel van ‘n empiriese ondersoek met agt kinders, asook twee klasonderwysers as proefpersone onderskeidelik semi-gestruktureerde onderhoude, voltooiing van ‘n onvoltooide sinnetoets en oop vrae te benut om verdere inligting in te samel;
 - derdens deur middel van geskrewe riglyne vanuit die gestaltbenadering, die drie genoemde inligtingsbronne te benut en opvoedkundige personeel te ondersteun. Sodoende sal hulle bemagtig word om deur middel van lewensvaardighede kinders se selfbewussyn ten opsigte van interaksie en kommunikasie met onder andere die geskende kind, aan te spreek.

Vervolgens sal die navorsingsproses bespreek word, soos in hoofstuk een uiteengesit is, om die teorie en praktyk met mekaar te verbind.

Die navorser se voorbereiding met betrekking tot die insameling van inligting vir die literatuur- en empiriese ondersoek is gerig vanuit ‘n **voorondersoek** wat geloods is. Volgens Strydom (2002:210) verhoog voorondersoek die sukses van navorsingstudie, aangesien die navorser geleentheid gebied word om struikelblokke of onduidelikhede uit die weg te ruim. Tydens hierdie voorondersoek is aanvanklik gedink om een Xhosa-sprekende kind en een Xhosa-sprekende onderwyser vanuit Laerskool Phillipi te betrek. Probleme wat tydens die voorondersoek ondervind is, sluit die volgende in: Die tolk het hoofsaaklik die onderhoud gelei tydens die **semi-gestruktureerde onderhoud met die Xhosa-sprekende kind as proefpersone**. Die navorser het ook nie die geleentheid benut om die vrae eers in Engels te formuleer nie. As gevolg hiervan het die navorser dit

moeilik gevind om beheer gedurende die onderhoud uit te oefen. Daar is ook geen ontspanningspel aangebied nie en dus was die kind as proefpersoon ook angstig en sensuueagtig. Tydens die **voltooiing van die onvoltooide sinnetoets en oop vrae deur die betrokke onderwyser as proefpersoon** is daar geen onduidelikhede ondervind nie. Die veronderstelling is gemaak dat dit duidelik saamgestel is.

Om die effektiwiteit van die empiriese ondersoek te verbeter, was dit noodsaaklik dat die navorser 'n aktiewe rol tydens die semi-gestruktureerde onderhoude inneem. Vir die sukses van die semi-gestruktureerde onderhoude is dit deels nodig dat vrae eers in Engels geformuleer moet word ten einde aan die navorser beheer oor die onderhoud te gee. Die noodsaaklikheid van ontspanningspel om 'n verhouding met die proefpersone te stig en te bou, is bevestig en die nodige aandag is tydens die empiriese ondersoek hieraan geskenk.

2.2 Die insameling van inligting

Die skrywer De Vos (2002:363) is van mening dat data-insameling ten opsigte van die kwalitatiewe benadering minder gestruktureerd plaasvind en dat verskeie inligtinginsamelingsmetodes gebruik kan word. Hierdie skrywer verklaar verder dat die proses bekend staan as triangulering, indien meer as een metode ten opsigte van inligtinginsameling benut word. Vir doeleindes van hierdie studie het triangulering ten opsigte van die literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoude met kinders as proefpersone, asook onvoltooide sinnetoets en die voltooiing van oop vrae deur onderwysers as proefpersone, plaasgevind.

Bevindinge vanuit die **literatuurstudie** het daarop gedui dat die kind in die middelkinderjare wel oor die inherente vaardighede beskik om kinders met verskillende bekwaamhede in die skoolomgewing te aanvaar. Dit het egter geblyk dat bewusmaking van hierdie inherente vaardighede noodsaaklik is. Die literatuur dui verder ook daarop dat die gestaltpelbenadering 'n toepaslike benadering is om opvoedkundige personeel in staat te stel om die kind in die middelkinderjare se bewustheid ten opsigte van inherente lewensvaardighede aan te spreek. Hierdie benadering maak gebruik van spel as kommunikasiemedium met die kind. As gevolg hiervan behoort sy selfbewustheid

aangespreek te kan word. 'n Literatuurstudie, met betrekking tot die geskende kind, het ook daarop gedui dat hierdie kinders nie tot die hoofstroomonderwysstelsel geweier kan word nie. Ten spyte van geskende kinders se moontlike veranderende voorkoms, het hulle 'n behoefte om in die skoolomgewing aanvaar te word. Deur hierdie studie is daar dus verdere bevestiging ontvang vir die noodsaaklikheid vir hierdie riglyn.

Die trianguleringsproses is deur middel die empiriese studie voortgesit met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude met kinders as proefpersone. Vir die rede is twee skole naamlik, Laerskool Eikestad en Laerskool Phillipi, is by hierdie studie betrek. Weens die feit dat die riglyn vir opvoedkundige personeel vanuit die gestaltbenadering saamgestel word, was dit noodsaaklik om ook tydens die empiriese ondersoek 'n holistiese perspektief te volg. Gevolglik is daar besluit om een blanke- en een swartskool te betrek. Die Rooi Kruis Hospitaal is reeds betrokke by die Laerskool in Phillipi en is dus vir deelname aan die studie genader. Die hospitaal het versoek dat Laerskool Eikestad betrek word, omrede een van hulle leerlinge ernstige brandwonde opgedoen het. Blootstelling aan geskendheid of brandwonde was nie een van die selekteringskriterium nie.

Een onderwyser vanuit elke skool is versoek om vier kinders as proefpersone volgens voorgestelde kriteria te selekteer vir deelname aan die studie. Die kriteria vir insluiting tot die studie was soos volg:

- Kinders in die middelkinderjare, maar spesifiek tussen die ouderdom van agt en tien jaar;
 - Vier kinders van die swartbevolkingsgroep asook vier kinders van die blanke bevolkingsgroep;
 - Die DISC-kategorie van temperamente soos voorgehou deur Boyd (in Blom, 2004:83) was benut;
 - Geen voorkeur met betrekking tot die geslag van die kinders is gegee nie; en
-

- Blootstelling aan brandwonde of geskendheid was nie 'n vereiste vir insluiting tot die studie nie.

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die vier Xhosa-sprekende kinders as proefpersone, is daar van tolk gebruik gemaak. Die verloop van die insamelingsproses van hierdie ondersoek het soos volg verloop:

2.2.1 Semi-gestruktureerde onderhoude met die kinders as proefpersone

Semi-gestruktureerde onderhoude word deur Greeff (2002:292) beskou as effektiewe insamelingstegniek vir kwalitatiewe navorsing. Vir navorsingsdoeleindes is agt kinders onderskeidelik as proefpersone by die studie betrek. Die blanke asook Xhosa-sprekende kinders wat as proefpersone opgetree het, het dit moontlik gemaak om 'n holistiese beeld van die middelkinderjare te verkry. Na aanleiding van die aanbevelings en veranderings wat vanuit die voorondersoek verkry is, het hierdie onderhoude soos volg verloop (sien ook semi-gestruktureerde vrae Addendum A:I).

- Verhoudingsbou is belangrike aspek van die gestaltproses en om hierdie rede is 'n informele gesprek met die betrokke proefpersoon gevoer. Die kinders as proefpersone is die geleentheid gegee om hulle gesinsbesonderhede deur middel van assesseringspel weer te gee. Ontspanningspel met behulp van ballonne is ook gedoen. Hierdeur is die kind bewus gemaak van sy sensoriese modaliteite en dit het ook 'n ontspannende uitwerking op die kind tot gevolg gehad;
 - Tydens die Xhosa-onderhoude met vier kinders as proefpersone, is die vrae eerstens in Engels geformuleer en daarna het die vertaling plaasgevind. Sodoende kon die navorser nie slegs beheer uitoefen nie, maar die nodige leiding is ook aan die tolk gebied;
 - Parallele verhaal is aan die kind as proefpersoon vertel (sien Addendum C:XI). Sodoende is die kind geleentheid gegun om daarmee te identifiseer;
 - Relevante visuele materiaal (figuur 4.6:93) is ook aan die kinders as proefpersone voorgehou om hulle op visuele wyse bewus te maak van geskendheid en brandwonde;
-

- Drukkledingstukke is ook aan die kinders as proefpersone voorgehou (Addendum D:XII). Sodoende is hulle bewustheid ten opsigte van die geskende kind verder aangespreek;
- Alhoewel probleme tydens die voorondersoek met sekere begrippe, naamlik kommunikasie en selfbeeld gevind is, was dit steeds vir die navorser noodsaaklik om proefpersone se begrip aangaande bogenoemde te bepaal. Die kinders as proefpersone is egter voortdurend daarvan verseker dat daar geen korrekte of verkeerde antwoorde is nie.

2.2.2 Die voltooiing van onvoltooide sinnetoets en oop vrae deur onderwysers as proefpersone

Beide onderwysers vanuit die voorgenoemde skole is versoek om onvoltooide sinnetoets en oop vrae met betrekking tot die geselekteerde kinders as proefpersone te voltooi (Addendum B:VI). Deur middel van bogenoemde is die navorser in staat gestel om kind in die middelkinderjare se ontwikkeling ook volgens die verwysingsraamwerk van onderwysers te dokumenteer. Daar moet egter daarop gelet word dat dit na aanleiding van die onderwyser se persoonlike mening as proefpersoon plaasgevind het. Gevolglik is betroubaarheid en geldigheid van die bevindings beïnvloed, omrede dit enersyds die onderwysers se persoonlike opsomming as proefpersone van die kinders se ontwikkeling en andersyds slegs vanuit 'n skoolomgewing gedoen kan word. Dit is dus nie noodwendig die kind se presiese ontwikkelingsvermoë nie. Vir doeleindes van die studie word onderwysers as persone in 'n professionele beroep beskou en word hulle kennis en mening vanuit die opvoedkundige perspektief as waardevol geag. Die bevindings wat tydens hierdie inligtinginsamelingsproses verkry is, word vervolgens voorgehou.


2.3 Prossering van data en navorsingbevindings

Net soos vir die insameling van inligting ten opsigte van die kwalitatiewe navorsing, is De Vos (2002:346) van mening dat die bevindings daarvan afgebreek, gekonseptualiseer en weer hersaamgestel kan word. Die bevindings kan in teks-, tabel- of grafiekvorm voorgehou word. Vir doeleindes van die studie sal al drie bogenoemde visualiseringsmetodes benut word. Die navorser sal sodoende in staat gestel word om


relevante verbande te trek en tot gevolgtrekkings te kom om ‘n holistiese beeld met betrekking tot die kind se ontwikkeling voor te hou. Hierdie proses van kodering sal die navorser die geleentheid bied om teorie en praktyk te integreer deur ‘n praktiese riglyn vir lewensvaardighede saam te stel. Opvoedkundige personeel sal dit kan benut ten einde kinders se selfbewussyn aan te spreek. Die leser se aandag word egter daarop gevestig dat die onvoltooide sinnetoets en oop vrae nie in kronologiese volgorde bespreek sal word nie. Die rede hiervoor is dat die besonderhede van die proefpersone, asook die bepaalde ontwikkelingsterreine naamlik emosionele, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling, die fokus is en dus daarvolgens gekategoriseer sal word. Die leser se aandag word egter op Addendum A:I en B:VI, vereis waar ‘n opsomming rakende die proefpersone se antwoorde op die onvoltooide sinnetoets en oop vrae gegee word.

2.3.1 Besonderhede van die respondente

Die term “identifiserende besonderhede” word nie gebruik nie, omrede dit vir studiedoeleindes nie ter sake is nie en die verbreking van konfidensialiteit sal impliseer. Besonderhede van die kinders wat as proefpersone opgetree het, is volgens hulle geslag, ouderdomme, kultuur en algemene indruk van temperament weergegee. Die besonderhede word deur die onderstaande figure (5.1 & 5.2:107-108) saamgevat. Hierdie besonderhede was noodsaaklik ten einde die navorser aanduiding van die kinderproefpersone se ontwikkelingsvlak te bied asook agtergrondomstandighede. Alhoewel die proefpersone in een klas van dieselfde jaargroep was, moet daar in ag geneem word dat daar wel ‘n variasie in die ouderdomme was.



Figuur 5.1: Geslagsverdeling van die kinders as proefpersone



Figuur 5.2: Kinders se ouderdomsverspreiding as proefpersone

Die identifiserende besonderhede van die kinderproefpersone dui daarop dat meer seuns as dogters by die studie betrek is. Daar is geen diskriminasie teen die geslag van die kind gemaak nie, omrede dit nie voorvereiste vir seleksie was nie. Daar word in hierdie verslag gerieflikheidshalwe na die kind as proefpersoon verwys, ongeag die geslag. Van die vyf seuns wat deelgeneem het aan die studie, was drie seuns afkomstig van die swartkultuur en gevolglik Xhosa-sprekend. Daar het egter slegs een Xhosa-sprekende dogter aan die studie deelgeneem. Die navorser het dus tydens hierdie onderhoudsvoering van tolk gebruik gemaak. Aangesien die navorser nie direkte gesprekke met die kinders as proefpersone kon voer nie, kon dit wel 'n invloed op die resultate gehad het.

Die temperament van kind word as goue draad deur hierdie studie getrek en dit het ook deel van die selekteringsproses van die studie gevorm. Elke onderwyser is versoek om kind vanuit elke kategorie te selekteer, volgens Boyd (in Blom 2004:83). Gevolglik het twee kinders as proefpersone aan die empiriese ondersoek deelgeneem met behulp van die onderwyser se keuse vanuit elke kategorie. Daar moet egter daarop gelet word dat die selektering steeds na aanleiding van haar persoonlike waarneming en opinie gemaak is, alhoewel die onderwysers 'n selekteringskriterium ontvang het.

Waar nodig sal die navorser verwys na interessante gegewens wat hieruit voortspruit. Verdere inligting wat deur middel van die semi-gestruktureerde onderhoude, asook

onvoltooide sinnetoets en oop vrae ingesamel is, sal volgens die ontwikkelingsfases aan die leser voorgehou word, soos in hoofstuk twee beskryf word.


2.3.2 Middelkinderjare-lewensfase

Die totale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare kan in vier verskillende ontwikkelingsareas onderverdeel word. Die vier ontwikkelingsareas is die emosionele, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkelingsareas en sal vervolgens kortliks bespreek word.

2.3.2.1 Emosionele ontwikkeling

Die kind in die middelkinderjare behoort oor die volgende lewensvaardighede te beskik en sluit volgens Ebersöhn en Eloff (2003:21) die volgende in: omgee, passie, wysheid, ondersteuningsvermoë, aanpassing en erkenning van gevoelens. Vir doeleindes van die riglyn vir opvoedkundige personeel, was dit noodsaaklik om tydens die empiriese ondersoek vas te stel oor watter vaardighede die kind in die middelkinderjare wel beskik. Die bevindings sal vervolgens voorgehou word.

Een van die belangrikste vaardighede wat op die gebied van emosionele ontwikkeling sigbaar behoort te wees, is die kind se vermoë om minder egosentries op te tree (Berk, 2002:394). Tydens die onvoltooide sinnetoets en spesifiek die voltooiing van die volgende: *Die kind neem ander se gevoelens in ag, deur hy/sy...*, is die onderwyser as proefpersoon versoek om aan te dui op watter wyse kinderproefpersone ander se gevoelens in ag neem.



Figuur 5.3: Wysies waarop kinders as proefpersone ander se gevoelens in ag neem

Vanuit bostaande figuur 5.3 blyk dit dat al agt respondente oor die vermoë beskik om tot in mate ander se gevoelens in ag te neem. Volgens die een onderwyser as proefpersoon, tree al vier van hierdie respondente konsidererend op ten opsigte van wie sy vraelys moes voltooi. Die vier respondente wat deur die ander onderwyser geëvalueer is, maak gebruik van kommunikasievaardighede, mededeelsaamheid en beskik oor die vermoë om ander se gevoelens in ag te neem, deurdat hulle om verskoning sal vra indien hulle bewus is van foutiewe optrede. Hierdie bevindings vind aanklank by die volgende skrywers (vergelyk Louw, van Ede & Louw, 1998:349; Blom, 2004:245), aangesien hulle van mening is dat die verhoging in die sensitiewe optrede van kind daartoe lei dat hy die behoefte het om ander se behoeftes en gevoelens in ag te neem.

Tabel 5.2: Die verband tussen sosiale omstandighede en die ervaring van emosies

Emosie	Oorkom persoonlike vrees	Gesinsinteraksie	Portuurgroeps-Interaksie	Geskenke	Fisiese leed	Persoonlike leed	Oortredings	Bespotting of vernedering	Onsekerheid
Geluk/blydschap	1	2	3	3	-	-	-	-	-
Hartseer	-	-	-	-	2	2	3	1	1
Aggressie	-	-	-	-	1	4	-	1	2

Totaal	1	2	3	3	3	6	3	2	3
---------------	----------	----------	----------	----------	----------	----------	----------	----------	----------

Die emosionele ervaringe tydens sosiale omstandighede, is 'n belangrike aspek van die kind in die middelkinderjare se emosionele ontwikkeling. Denham, Von Salisch, Oltohof, Kachanoff en Caerly (2002:313) asook De Klerk en Le Roux (2003:23) is van mening dat hierdie kinders nie meer self openlik gevoelens openbaar nie en dat gevoelens meestal deur die portuurgroep bepaal word. Die verwagting tydens die empiriese ondersoek was dus dat kinders as proefpersone, minimale negatiewe emosies in die teenwoordigheid van hul portuurgroep sal ervaar.

Om kinders se emosionele ervarings as proefpersone in sosiale omstandighede te bepaal moes onderwysers wat as proefpersone opgetree het, die volgende onvoltooide sin voltooi: *Die kind raak kwaad wanneer...* As gevolg van die trianguleringsproses, was dit ook noodsaaklik om die kinderproefpersone se menings ten opsigte van die ervaring van emosies in sosiale omstandighede te verkry. Die volgende onvoltooide sinne het hieraan aandag geskenk: *Ek voel hartseer wanneer...* en *Ek is gelukkig as...* Hierdie bevindings word in die bostaande tabel 5.2:110 kortliks voorgehou.

Die menings wat vanuit hierdie onvoltooide sinnetoets verkry is, vind wel aanklank by Denham *et al.*, (2003:313) asook De Klerk en Le Roux (2003:23), aangesien daar gevind is dat portuurgroepsinteraksie meestal positiewe gevoelservarings tot gevolg het, naamlik blydschap. Hulle erken dus positiewe en aangename emosies en ontken hoofsaaklik dit wat negatief is. Hierdie bevindings kan 'n aanduiding wees van kinders se behoefte vir aanvaarding deur die portuurgroep (Denham *et al.*, 2003:313). As gevolg van hierdie behoefte, is kinders daarvan bewus dat negatiewe emosionele ervarings moontlik tot uitsluiting van die portuurgroep kan lei. Dit blyk dat persoonlike leed, byvoorbeeld as iemand na aan weggaan, dood van troeteldier en ongeskikte optrede van ander, vir hulle die grootste bron van negatiewe gevoelservarings was. Alhoewel die kind in die middelkinderjare minder egosentrië behoort op te tree (Louw *et al.*, 1998:352), kan hierdie negatiewe emosionele ervaring met betrekking tot persoonlike leed, wel 'n aanduiding wees dat kinders se persoonlike geluk steeds vir hulle belangrik is.

Dit blyk dus dat nie alle kinders in die middelkinderjare oor die vermoë beskik om hul persoonlike behoeftes en begeertes op sy te skuif ten einde aan die geskende kind se behoeftes te voldoen nie. Hulle begeerte vir aanvaarding by die portuurgroep is ook 'n belangrike aspek wat in ag geneem moet word. Opvoedkundige personeel sal hierdie riglyn kan benut om kinders se bewustheid aan te spreek met betrekking tot ander se behoeftes.

Tabel 5.3: Optrede van kinders as proefpersone tydens aggressie en bespotting

Emosie	Onseker	Huil	Skree	Sosiale isolasie	Ignoreer	Ontbied volwasse hulp
Aggressie	4	2	1	1	-	-
Vernedering/ Bespotting	-	3	1	-	3	1
Totaal	4	5	2	1	3	1


'n Vaardigheid wat ook in hierdie lewensfase ontwikkel, is volgens Denham *et al.*, (2002:313) die kind se vermoë om gevoelens weg te steek. Hierdie skrywers is verder van mening dat kinders in hierdie fase eerder geneig is om sekere situasies te vermy, eerder as om met negatiewe gevoelens gekonfronteer te word. Vanuit hierdie literatuur is die verwagting dus dat kinders minimale negatiewe emosies in sosiale situasies sal toon. Onderwysers as proefpersone was versoek om die onvoltooide sin: *Indien die kind kwaad raak dan ...*, te voltooi ten einde kinders se gedragsoptredes tydens aggressie aan te dui. Die kinders as proefpersone was om hulle beurt ook gevra om die onvoltooide sin: *As my klasmaats vir my lag sal ek ...*, te voltooi. Hierdeur kon hulle kinders in die

middelkinderjare se optrede vasstel en ook in situasies waar hulle bespot word. Die bevindings vanuit bogenoemde word in tabel 5.3:112 voorgehou.

Een onderwyser was onseker van die kinders se optrede tydens die ervaring van aggressie, wat daarop kan dui dat aandag in die klassituasie beperk is. Dit kan egter ook verband hou met die vermoë wat kinders in hierdie lewensfase ontwikkel om gevoelens te kan wegsteek. Dit is dus moontlik dat onderwysers nie altyd bewus is van kinders se optrede tydens die ervaring van emosies nie.

Ten spyte van bogenoemde, het dit steeds vanuit die studie geblyk dat meer kinders as proefpersone op eksterne wyse uiting aan emosies gegee het. Soos reeds genoem, is kinders in hierdie lewensfase eerder geneig om sekere situasies te vermy as om gekonfronteer te word met negatiewe gevoelens. Ten spyte hiervan blyk dit dat slegs een kind dit verkies om homself sosiaal te isoleer. Dit is dan ook interessant om te sien dat hierdie proefpersoon volgens die onderwyser as 'n proefpersoon oor ondersteunende temperament beskik. Dit is volgens Blom (2004:84) eie aan hierdie temperament om konflik te vermy en eerder hulself af te sonder. Slegs drie van die agt deelnemers het aangedui dat hulle die portuurgroep sal kan ignoreer as hulle bespot word. Dit blyk dus dat die meeste deelnemers nie oor die vermoë beskik om situasies suksesvol te herformuleer of vermy waar negatiewe emosies, byvoorbeeld bespotting ervaar word nie.

Opvoedkundige personeel behoort dus hierdie riglyn te benut om kinders se bewustheid ten opsigte van alternatiewe gedragsoptredes tydens die ervaring van negatiewe emosies aan te spreek, byvoorbeeld aggressie of bespotting. Hulle sal ook emosioneel bevoeg wees om soortgelyke situasies te kan hanteer, deurdat hulle selfbewussyn sodoende aangespreek word. As gevolg van sensitiwiteit wat in hierdie fase ontwikkel, toon kinders behoefte om ander te ondersteun (Blom 2002:245).



Figuur 5.4: Kinders se vermoë as proefpersone om empatiese optrede te toon


Volgens Louw *et al.*, (1998:352) ontwikkel kinders in die middelkinderjare die vermoë om met empatiese begrip op te tree. Dit word dan ook moontlik gemaak as gevolg van die afname in 'n egosentriese houding. Die verwagting is dat kinders in hierdie lewensfase oor die vermoë behoort te beskik om empatiese begrip teenoor portuurgroepslede te toon. Die onderwysers as proefpersone, is tydens die volgende oop vrae versoek om hulle opinie weer te gee ten opsigte van die kinders as proefpersone se empatiese begrip: *Wat is die kind se reaksie teenoor 'n vriend wat seergekry het of hartseer is? En beskik die kind oor die vermoë om op 'n effektiewe wyse met die geskonde kind te kommunikeer?*

Alhoewel die onderwysers as proefpersone van mening was dat al die kindereproefpersone oor die vermoë beskik om met empatiese begrip teenoor portuurgroepslede te kan optree, was daar wel aanduidings van 'n stereotipiese houding teenoor 'n geskonde kind met spesifieke bekwaamhede. Dit blyk dat twee van die agt kinderproefpersone nie empatiese begrip teenoor die geskonde kind kan toon nie. Hierdie onvermoë of huiwering kan toegeskryf word aan die deelnemers se temperament, aangesien beide proefpersone as direkte kinders beskryf word. Volgens Blom (2004:83) is dit ook eie aan hulle temperament om direk en onafhanklik op te tree. Gevolglik gehoorsaam hulle ook nie altyd gesag nie. Dit kan egter ook as gevolg van onkunde ten opsigte van die geskonde kind se behoeftes wees. Opvoedkundige personeel behoort dus hierdie gestaltriglyn te benut om sodoende dié leemte aan te spreek.

As gevolg van die kinderproefpersone se bevredigende kognitiewe ontwikkeling, was die verwagting dat hulle met verminderende egosentriese houding sal optree. Hulle behoort dus ook oor die vermoë te beskik om teenoor ander steun en simpatie te toon. Die kinders wat as proefpersone opgetree het, was ook tydens die onvoltooide sinnetoets versoek om hulle menings weer te gee ten opsigte van hul optrede teen 'n beste maatjie wat seergekry het teenoor dié van 'n geskende kind. Hierdie onvoltooide sinne was: *As my beste maatjie huil sal ek...* en *As 'n kind soos Sam huil, sal ek...*

Ook hieruit het dit navore gekom dat al agt kinderproefpersone oor die vermoë beskik om empaties te kan optree. Twee proefpersone het egter erken dat hulle dit moeilik sal vind om empatiese begrip en sensitiewe optrede teenoor die geskende kind te toon. Dit kom ooreen met die mening van Diamond (2002:580), wat verklaar dat dit algemeen vir die portuurgroep is om neer te kyk op geskende kinders.

Dit blyk dus noodsaaklik te wees dat opvoedkundige personeel hierdie riglyn benut om kinders se bewustheid ten opsigte van kinders met verskillende bekwaamhede, soos in die geval van die geskende kind, aan te spreek. Met verbeterde bewustheid sal kinders bemagtig word om ook empatiese begrip teenoor die geskende kind te openbaar (Goleman, 1995:96).




Figuur 5.5: Die belang van die uiterlike voorkoms

Fisiese voorkoms en sterkte is vir kinders in die middelkinderjare baie belangrik en indien 'n kind nie hieroor beskik nie, kan dit bydrae tot verwerping deur die portuurgroep (Vergelyk Ladd, Buhs & Troop, 2002:397; Smith, Cowie & Blades, 1998:121).

Tydens die voltooiing van die onvoltooide sin: *Ek dink nogsteeds Sam of enige kind wat gebrand het lyk mooi, want...*, is die kinders as proefpersone se vermoë bepaal om verby die uiterlike voorkoms te kyk en eerder innerlike waardering te toon. Hierdie bevinding word weergegee in bostaande figuur (5.5:115). Slegs twee kinderproefpersone kon waardering vir die geskende kind se innerlike eienskappe toon. Die oorblywende ses was van mening dat geskende kind lelik lyk of dat hulle onseker was oor hulle gevoelens.

Bogenoemde bevindings uit figuur 5.5 vind dus aanklank by hierdie skrywers en dit blyk dat uiterlike voorkoms wel vir die kind in die middelkinderjare van groot belang is. Die verwagting is dat kinders wat nie hieroor beskik nie, moontlik ook deur die portuurgroep verwerp sal word. Dit is dus noodsaaklik dat die opvoedkundige personeel die kinders se bewustheid met betrekking tot die uniekheid van elke kind sal aanspreek, ten spyte van sy uiterlike voorkoms.



Figuur 5.6: Afkeurende aspekte van die geskende kind se voorkoms

Ten einde kinders in die middelkinderjare se spesifieke vrese ten opsigte van geskendheid aan te spreek, was dit noodsaaklik om spesifieke inligting hieromtrent te verkry. Kinderproefpersone het dus tydens die voltooiing van onvoltooide sin: *Ek dink Sam of*

enige kind wat gebrand het lyk snaaks omdat ..., verskillende menings ten opsigte hiervan uitgespreek. Die bevindings word saamgevat in bostaande figuur 5:6.

Sewe kinders as proefpersone was van mening dat die geskende kind se voorkoms abnormaal is. Carvajal en Parks (1988:355) asook Liebowitz (2001:22) is die mening toegedaan dat ernstige brandwonde tot geskendheid lei en is permanent van aard. Alhoewel voorkoms wel kan verbeter, blyk tekens van geskendheid gewoonlik teenwoordig te wees.

Hierdie riglyn sal opvoedkundige personeel in staat stel om kinders se bewustheid met betrekking tot die oorsaak van die letsels of wonde, asook die verskillende drukklledingstukke, aan te spreek. Met hierdie ontwikkelde bewustheid behoort kinders meer empaties teenoor die geskende kind te kan op tree.

2.3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die onderwysers as proefpersone was tydens die onvoltooide sinnetoets en oop vrae ook versoek om 'n samevattende opsomming rakende die kinderproefpersone se kognitiewe ontwikkeling en struikelblokke te gee. Vir duidelikeidsoeleindes word hierdie spesifieke onvoltooide sinne en oop vrae voorgehou: *Gee kortliks 'n beskrywing van die kind se akademiese vordering. Is u van die mening dat die kind 'n taak suksesvol kan voltooi?* asook *Struikelblokke in die kind se akademiese ontwikkeling is...* Die betrokke proefpersone was egter van mening dat geeneen van die kinderproefpersone merkwaardige struikelblokke in hulle kognitiewe ontwikkeling ondervind nie. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat hierdie deelnemers oor redelike mate van intelligensie beskik.

Al agt kinderproefpersone kon ook volgens die onderwysers as proefpersone taak suksesvol voltooi. Daar is wel melding gemaak van een seun, wat as direkteiewe kind deur die onderwyser geklassifiseer is, wat slegs taak suksesvol kon voltooi indien dit van korte duur was. Hierdie opmerking hou verband met sy temperament, aangesien Blom (2004:85) verklaar dat direkteiewe kinders oor die algemeen vinninge geaardheid


het en as gevolg hiervan dit moeilik vind om vir lang tydspanne op een taak te konsentreer.

2.3.2.3 Sosiale ontwikkeling

Tydens die sosiale ontwikkeling van kinders in die middelkinderjare behoort die volgende lewensvaardighede reeds ontwikkel te wees: netwerk van menslike steunstelsels, proaktiewe denke, verbeterde visie, integriteit en suksesvolle inskakeling by effektiewe interpersoonlike verhoudings (Ebersöhn & Eloff, 2003:23). Vervolgens sal die bevindings vanuit hierdie empiriese ondersoek aan die leser voorgehou word.

Hartup en Abecassis (2002:286) beklemtoon die belang van lojaliteit en vertroue teenoor vriende in hierdie ontwikkelingsfase. Die vraag: *As jou beste maatjie vir jou 'n geheim vertel, wat sal jy doen?*, het ten doel gehad om die proefpersone se lojaliteit en vertroue teenoor vriende te bepaal. Al agt die kinders as proefpersone was van mening dat hulle nooit 'n geheim sal oor vertel nie. Hierdie lojaliteit teenoor vriende dui daarop dat hulle dieselfde verwagting koester en dat dit dus ook vir hulle noodsaaklik is om vriende te kan vertrou.

Die navorser is van mening dat opvoedkundige personeel, kinders se selfbewussyn in hierdie lewensfase sal moet aanspreek. Sodoende behoort kinders met 'n breër persepsie verder te ontwikkel, byvoorbeeld om ook met verhoogde lojaliteit teenoor die maat wat geskend is, te kan optree.




Figuur 5.7: Kinders se geslagsvoorkeure as proefpersone tydens sosiale interaksie

Kinders koester begeerte vir beste vriend volgens Denham *et al.*, (2002:320) en Smith, Cowie en Blades (1998:115) beweer ook dat kinders in hierdie lewensfase geneigdheid toon om eerder hegte vriendskapsverhoudinge met dieselfde geslag aan te knoop.

Daar is tydens hierdie studie gevind dat slegs twee van die agt respondente geslagsvoorkeur toon. Hierdie twee respondente was albei dogters en dit mag dui op hulle behoefte aan emosionele ondersteuning en kontakmaking. Die voorkeur van geslag blyk dus nie kardinale aspek tydens die vorming van vriendskapsverhoudinge te wees nie.


Indien opvoedkundige personeel ook hierdie kinders se selfbewussyn aangaande bogenoemde aanspreek, sal algemene portuurgroepsinteraksie verder verbeter word en behoort dit geleentheid te bied vir eksperimentering binne verhoudinge.



Figuur 5.8: Aspekte wat vir die kinders as proefpersone van belang is

Kinders in die middelkinderjare is eers by die tiende en elfde lewensjaar werklik by intieme vriendskapsverhoudinge tussen twee persone betrokke (Fopma-Loy, 2000:29-30). Die verwagting is dus dat groepsaktiwiteite steeds vir die kinders as proefpersone baie belangrik behoort te wees. Die kardinale rol wat portuurgroepe in die middelkinderjare-kind se lewe vervul, word deur La-Greca, Bearman & Moore (2002:272) en Denham *et al.*, (2002:320) beklemtoon. In bostaande figuur (5.8:119) blyk dit egter dat geeneen van

die kinders interaksie of aanvaarding deur die portuurgroep as belangrike aspek in hulle lewens aangedui het nie. Vir meeste van die kinderproefpersone was die ondersteuning van die gesin 'n belangrike bron. Hierdie teenstrydige bevindings met die literatuur kan moontlik die gevolg wees van die proefpersone se ouderdomme. Soos reeds genoem, was die kinderproefpersone jonger as tien jaar en kan ouers of hulle gesin steeds die belangrikste bron van ondersteuning vir hulle wees.




Figuur 5.9: Steunstelsel van die kinders as proefpersone

Om inligting met betrekking tot die proefpersone se steunstelsel te verkry, is hulle versoek om die volgende vraag te beantwoord: *As jy 'n probleem het, vir wie sal jy eerste vra vir hulp?* Die bevindings word saamgevat in bostaande figuur (5.9:120) en word kortliks beskryf.

Soos reeds genoem, is Denham *et al.*, (2002:320) van mening dat die portuurgroep vir die kind in hierdie lewensfase belangrike bron van ondersteuning is. Geen kinderproefpersone het dit egter aangedui nie. Vir sewe van hierdie proefpersone is die familie steeds belangrike bron van ondersteuning. Dit is interessant dat twee uit hierdie sewe proefpersone, sibbe belangrike deel van hulle ondersteuningstelsel beskou.

Dit is noodsaaklik dat opvoedkundige personeel ook kinders in die middelkinderjare se bewustheid ten opsigte van hulle steunstelsels sal aanspreek. Sodoende sal hulle bewustheid ontwikkel dat hulle ook ondersteuning by ander persone kan kry. Dit bly egter nodig dat hulle 'n bewustheid sal ontwikkel ten opsigte van hulself as persoonlike bron van ondersteuning, met die oog op balans en dus nie as gevolg van te hoë verwagtinge afhanklik van ander sal raak nie. As gevolg van kinders se afname in egosentriese gedrag in die lewensfase blyk dit moontlik te wees dat hulle wel vir mekaar belangrike bron vir ondersteuning kan wees.




Figuur 5.10: Onafhanklike denke en optrede van die kinderproefpersone

Volgens Sanson, Hemphill en Swart (2002:97) asook Cillessen en Bellmore (2002:359) vorm sosiale bevoegdheid grondslag vir suksesvolle sosiale verhoudings en hou dit ook verband met onafhanklike besluitneming. Omdat die vorming van suksesvolle sosiale verhoudings 'n belangrike doelwit van hierdie studie behels, was dit noodsaaklik om proefpersone se vaardighede hieromtrent te bepaal.

Onderwysers as proefpersone het tydens die beantwoording van die vraag: *Volgens u mening, tree die kind met selfvertroue op?*, aangedui dat slegs een kinderproefpersoon oor beperkte selfvertroue beskik en dit dus ook moeilik vind om onafhanklike besluite te neem. Sanson *et al.*, (2002:97) verklaar egter dat die kind se temperament verband hou met sy sosiale vaardighede. Daar is gevolglik gevind dat hierdie proefpersoon oor konsensieuse temperament beskik. Dit impliseer volgens Blom (2004:83) dat die kind klassieke introvert is. Dit is daarom 'n moontlikheid dat hy stil, teruggetrokke en

sensitief sal voorkom en dat dit vir hom moeilik sal wees om met selfvertroue in onbekende situasies te kan optree. Dit kan egter ook sy keuse wees. Opvoedkundige personeel se bewusheid hieromtrent behoort aangespreek te word ten einde hulle in staat te stel om alle kinders op holistiese wyse te nader en dus ook die gedrag beter te verstaan en op positiewe eienskappe te fokus. Bewuswording van die proses van besluitneming, sal inhou dat emosies en die besit daarvan, slegs die aanvang sal wees om tot denke oor te beweeg om sodoende deurdagte onafhanklike besluit te kan neem.

As gevolg van die vermoë om met selfvertroue op te tree en onafhanklike besluitneming suksesvol toe te pas, kan daar verwag word dat kinders in die middelkinderjare oor die algemeen groepsdruk sal kan weerstaan.




Figuur 5.11: Kinders se vermoë as proefpersone om portuurgroepsdruk teen te gaan

Tydens die onvoltooide sinnetoets is daar bepaal of proefpersone oor die vermoë beskik om die portuurgroep teen te gaan. Die onvoltooide sin wat spesifiek beklemtoon is, was: *As al die kinders, selfs my beste maatjie vir Sam lag, sal ek...*. Hierdie bevindings word in bostaande figuur (5.11:122) weergegee.

Ses deelnemende kinders het aangedui dat hulle portuurgroepsdruk sal kan teengaan om sodoende die geskende kind met spesiale bekwaamhede te akkomodeer. Hierdie bevindings is egter teenstrydig met die bevindings van Woodward en Fergusson

(2000:192). Hierdie skrywers is van mening dat kinders in hierdie lewensfase hulle eie identiteit en uniekheid op die proef sal stel ten einde deur die portuurgroep aanvaar te word. Die teenstrydige bevindings kan die gevolg wees van die kinderproefpersone se begeerte om die navorser te beïndruk en antwoorde te gee wat hulle dink van hulle verwag word. Die klein steekproef van proefpersone kan dus 'n rol speel.

Ten spyte van hierdie studie se bevindinge met betrekking tot groepsdruk, sal hierdie riglyn opvoedkundige personeel in staat stel om kinders se bewustheid met betrekking tot selfhandhawing en selfgeldende gedrag aan te spreek. Met 'n verbeterde bewustheid hieromtrent behoort kinders groepsdruk beter te kan weerstaan.




Figuur 5.12: Sosiale optrede teenoor geskende kind

Volgens die bevindings van Liebowitz (2001:80) blyk dit dat meeste geskende kinders negatiewe ervarings tydens heraanpassing in die skoolomgewing ondervind het. Voorgenoemde skrywer het gevind dat meeste kinders in die skool bespot word. Die verwagting was dus dat 'n beperkte aantal proefpersone positiewe gedrag teenoor die geskende kind sal kan toon.

Om die kinderproefpersone se sosiale optrede teenoor die geskende kind met spesiale bekwaamhede te bepaal, is hulle versoek om die volgende sin te voltooi: *As 'n kind soos Sam, wat gebrand het, terugkom skool toe sal ek* Bevindings word kortliks saamgevat in figuur (5.12:123).

Slegs twee proefpersone het aangedui dat hulle die geskende kind sal spot. Ses kinderproefpersone was van mening dat hulle wel op positiewe manier teenoor die geskende kind sal kan optree. Hierdie teenstrydige bevindings kan moontlik toegeskryf word aan proefpersone se begeerte om korrekte antwoorde weer te gee. Kinders in hierdie lewensfase beskik wel, soos reeds genoem, oor die vaardighede om minder egosentries op te tree en behoort dus kinders met verskillende bekwaamhede suksesvol in die portuurgroep te aanvaar.

Hierdie riglyn behoort opvoedkundige personeel in staat te stel om ook kinders se selfbewussyn aangaande bogenoemde aan te spreek. Dit is die navorser se mening dat kinders bewus gemaak moet word dat positiewe gedragsoptredes teenoor kinders met verskillende bekwaamhede gevolg kan word vanuit hul gevoels- en denkeramwerk.



Figuur 5.13: Kinderproefpersone se reaksie teenoor geskende kinders in die klassituasie

Vir doeleindes van hierdie studie is dit noodsaaklik dat opvoedkundige personeel ook bewus sal wees van kinders se gedrag teenoor geskendheid, indien hulle in 'n direkte situasie daarmee gekonfronteer word. Die onvoltooide sin: *As 'n kind soos Sam langs my in die klas kom sit sal ek...*, het dus ten doel gehad om proefpersone se optrede in só 'n situasie te bepaal. Bevindings word in bostaande figuur (5.13:124) weergegee.

Ses proefpersone was steeds van mening dat hulle geen weiering sal toon nie en dat hulle ook met empatiese begrip sal optree. Hierdie bevindings vind aanklank by Fopma-Loy

(2000:29-30), aangesien hierdie skrywer weereens die afname in egosentriese houding beklemtoon het. As gevolg hiervan behoort kinders ander se gevoelens in groter mate in ag te kan neem en bewustheid te ontwikkel dat persone verskillende gevoelens en behoeftes koester.


Hierdie riglyn sal opvoedkundige personeel dus in staat stel om kinders se bewustheid met betrekking tot die afname in egosentriese optrede aan te spreek. Sodoende behoort kinders bewustelik met empatiese begrip teenoor kinders met verskillende bekwaamhede en vermoëns te kan optree.

2.3.2.4 Morele ontwikkeling

Die onderwysers as proefpersone is tydens die voltooiing van die onvoltooide sinnetoets en oop vrae versoek om aspekte rakende morele ontwikkeling van die kind aan te dui. Die morele ontwikkeling van die middelkinderjare word as die fase van outonome moraliteit beskou (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:379; Berk, 2002:232). Vanuit die literatuurstudie blyk dit dat kinders in hierdie lewensfase minder egosentries optree en toon dus groter morele buigzaamheid. Hulle besef dat sosiale reëls in baie gevalle arbitrêr is en dat dit in twyfel getrek kan word en selfs verander kan word met die toestemming van diegene wat daarby betrokke is.

Piaget (in Louw *et al.*, 1998:379) verklaar dat sowel kognitiewe rypwording as sosiale ervaring rol in die verandering van die kind se morele redenasie speel. Kognitief is daar afname in egosentrisme en ontwikkeling van rolbesettingsvermoë (die vermoë om ander persone se standpunte te verstaan en selfs oor te neem). Dit beteken dat kinders morele kwessies vanuit verskillende perspektiewe kan waarneem. Omrede hierdie proefpersone oor 'n redelike kognitiewe ontwikkeling beskik, was die verwagting vir die studie dat hulle morele ontwikkeling van so 'n aard sal wees, dat hulle tussen reg en verkeerd sal kan onderskei. Hulle behoort ook oor die vaardighede te beskik om onafhanklike besluite te neem. Die vrae: *Kan die kind tussen reg en verkeerd onderskei? en Dink u die kind verstaan dat reëls verander kan word, indien dit nodig is?*, het

onderwysers as proefpersone die geleentheid gebied om die kinderproefpersone se vaardighede op die terrein van morele ontwikkeling aan te dui.



Figuur 5.14: Algemene morele ontwikkeling

Uit bostaande figuur (5.14:126) blyk dit duidelik dat die onderwysers as proefpersone van mening is dat die kinderproefpersone wel oor die noodsaaklike morele beginsels beskik. Hierdie bevindings dui daarop dat die kind tussen reg en verkeerd kan onderskei, maar ook dat hy begrip toon vir die veranderbaarheid van reëls. Voorgenoemde bevindings vind ook aanklank by Papalia en Olds (in Wait, Meyer en Loxton, 2003:132) wat van mening is dat kinders in die middelkinderjare begrip behoort te toon vir die veranderbaarheid van situasies en reëls, asook onderskeid tussen aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag te kan tref.

Op hul beurt is die kinders as proefpersone ook versoek om hulle mening met betrekking tot onaanvaarbare gedrag weer te gee, asook verkeerde gedragsoptrede. Die volgende onvoltooide sinne het spesifiek hierop gefokus: *Ek sal nooit ... en Ek weet dit is verkeerd as ek ...*. Omdat dit vanuit die gestaltbenadering belangrik is om te fokus op aspekte wat op die kind se voorgrond is, was die onvoltooide sinnetoets 'n effektiewe tegniek om te benut. Hieruit blyk dit dat al hierdie proefpersone duidelike onderskeid tussen aanvaarbare en onaanvaarbare optrede kan tref. Onaanvaarbare gedrag, met spesifieke


verwysing na die proefpersone in hierdie lewensfase, is onder andere om iemand seer te maak, te steel, seksuele omgang met die teenoorgestelde geslag te hê en optrede wat persoonlike veiligheid in gedrang sal bring. Die kinderproefpersone het ook aangedui dat hulle oor 'n morele begrip beskik ten opsigte van verkeerde gedragsoptrede.

Die bevindings wat tydens die empiriese ondersoek van die onderwysers as proefpersone, maar ook die kinderproefpersone verkry is, vind aanklank by die literatuur. Dit blyk dus wel dat kinders in die middelkinderjare in die tweede fase van morele ontwikkeling, naamlike outonome moraliteit verkeer. Daar kan dus aangeneem word dat hierdie kinders wel oor die vermoë beskik om homself in 'n ander kind se situasie te plaas en sodoende meer empaties op te tree, volgens Papalia en Olds (in Wait *et al.*, 2003:132).

Daar moet egter gelet word op Piaget (in Louw *et al.*, 1998:379) se mening dat morele ontwikkeling verband hou met 'n kind se kognitiewe ontwikkeling. Daar kan dus verwag word dat hierdie respondente goeie morele ontwikkeling sal kan toon, vanweë hulle kognitiewe ontwikkeling. Dit kan egter nie ten opsigte van alle kinders in die middelkinderjare, met verskillende kognitiewe vermoë, veralgemeen word nie. Die riglyn, wat as aanbeveling vir opvoedkundige personeel sal dien om die bewustheid van die kind aan te spreek, behoort vir meer kinders van verskillende intelligensievlakke voorgehou te word. Daar kan dus nie 'n veralgemening getref word dat alle kinders in hierdie lewensfase wel oor genoegsame morele ontwikkeling beskik nie. Gevolglik behoort die benutting van hierdie riglyn steeds die kind se bewustheid ten opsigte van morele kwessies aan te spreek.

2.3.2.5 Kennis en begrip met betrekking tot brandwonde

Die doel van hierdie studie is om die kind se bewustheid in hierdie lewensfase aan te spreek met betrekking tot homself en geskende kinders met spesiale bekwaamhede. Gevolglik is proefpersone se bewustheid met betrekking tot brandwonde en geskendheid, ook bepaal en word soos volg weergegee.



Figuur 5.15: Menings van onderwysers asook kinderproefpersone se blootstelling aan brandwonde en geskendheid


Die Departement van Onderwys se beleid sedert 1997 is dat alle kinders in die hoofstroomonderwysstelsel ingesluit moet word. Die statistieke ten opsigte van brandwonde in Suid-Afrika dui ook daarop dat 'n groot hoeveelheid kinders jaarliks as gevolg van brandwonde geskend word. Die verwagting is dus dat kinders tot 'n mate oor 'n bewustheid met betrekking tot brandwonde, maar ook geskendheid sal beskik.

Die kinders se bewustheid as proefpersone met betrekking tot brandwonde en geskendheid is deur die volgende vrae bepaal: *Het jy al ooit iemand gesien wat gebrand het?* en *Is hier kinders in jou skool met brandwonde?* Onderwysers se bewustheid as proefpersone ten opsigte van kinderproefpersone se blootstelling aan brandwonde, is ook bepaal: *Sover as wat u kennis strek, het die kind enige blootstelling aan brandwonde of geskendheid?*

Vanuit die gegewens van die vorige figuur (5.15:128) blyk dit egter dat kinderproefpersone se blootstelling asook bewustheid ten opsigte van die geskende kind met spesiale bekwaamhede, beperk is. Ten spyte van die Departement se beleid, was slegs een proefpersoon van mening dat daar 'n geskende kind in hulle skool is. Onderwysers as proefpersone het ook aangedui dat hierdie proefpersone geen blootstelling aan brandwonde of geskendheid het nie. Alhoewel daar nie bevestiging

hiervoor ontvang is nie, wek hierdie bevindings steeds kommer, aangesien dit moontlik is dat geskende kinders met spesiale bekwaamhede, nie sal terugkeer na die skoolomgewing nie.

Opvoedkundige personeel behoort dus hierdie riglyn te benut om kinders se bewustheid ten opsigte van die geskende kind en sy spesiale bekwaamhede aan te spreek. Indien kinders se bewustheid aangaande bogenoemde aangespreek kan word, behoort hulle begrip en empatiese ondersteuning teenoor hierdie kind toe te neem. Indien dít bewerkstellig kan word, behoort kinders met verskillende bekwaamhede die vrymoedigheid te neem om terug te keer na die hoofstroomonderwysstelsel.



Figuur 5.16: Respondente se bewustheid ten opsigte van drukkledingstukke

Ten spyte van die groot persentasie kinders wat jaarliks deur brandwonde geskend word en gevolglik hierdie drukkledingstukke vir ten minste een jaar moet dra, is dit verbasend dat slegs twee kinderproefpersone bewustheid hieromtrent het. Indien kinders bewustheid ten opsigte van die belang en nut hiervan ontwikkel, sal aanvaarding van die geskende kind vergemaklik word.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat dit belangrik is dat die kind se selfbewustheid ten opsigte van inherente vaardighede aangespreek word. Dit is egter ook noodsaaklik dat opvoedkundige personeel hierdie riglyn benut om kinders se bewustheid ten opsigte van belangrike aspekte van geskendheid spesifiek en oor die algemeen, aan te spreek.

2.4 Riglyne vir lewensvaardighede

Alvorens 'n bondige samevatting van die saamgestelde riglyn vir lewensvaardighede voorgehou word, is dit noodsaaklik om belangrike vergelykings met betrekking tot die kinderproefpersone se vaardighede te tref. Sodoende sal relevante vermoë asook behoeftes bepaal kan word, wat as fokusareas vir die riglyn kan dien.

2.4.1 Literatuur- en Empiriese Studie: Vergelykende samevatting ten opsigte lewensvaardighede

Vanuit die voorafgaande literatuurstudie en die bevindings van die empiriese ondersoek, kan die volgende samevattende gevolgtrekking gemaak word. Die ontwikkeling asook vaardighede van kinders in die middelkinderjare soos in die literatuur beskryf, sal vervolgens vergelyk word met die bevindings van die empiriese ondersoek. Dit sal duidelikheidshalwe in tabelformaat (5.4:131) weergegee word om as 'n samevattende gevolgtrekking aan die leser voorgehou te kan word.

Tabel 5.4: Vergelyking tussen die bevindings van die literatuurstudie en dié empiriese ondersoek

BEVINDINGS VANUIT DIE LITERATUURSTUDIE	BEVINDINGS VANUIT DIE EMPIRIESE STUDIE
Kinders behoort tussen aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag te kan onderskei	Kinders beskik wel oor die vermoë om hierdie onderskeid te kan tref
Afname in egosentriese houding	Hulle neem wel ander se gevoelens in ag
Kinders beskik oor die vermoë om vermydings- of ontkenningstrategieë te benut	Kinders beskik tans nog nie oor die vermoë om situasies wat negatiewe gevoelservarings tot gevolg het, te vermy nie
Uiterlike voorkoms is belangrik	Uiterlike voorkoms is wel belangrik en gevolglik vind hulle dit moeilik om geskende kinders te aanvaar, ten spyte van hulle voorkoms
Portuurgroepsaktiwiteite en aanvaarding deur die portuurgroep is belangrik	Aktiwiteite in die portuurgroep is nie so belangrik nie. Aktiwiteite in gesinsverband is van meer belang
Lojaliteit en vertroue in middelkinderjare-vriendskappe is van groot belang	Vir die kinders is lojaliteite en vertroue ook belangrik, aangesien hulle nooit geheim sal verklap nie
Kinders toon eie geslagsvoorkeur tydens interaksie	Dieselfde geslagsvoorkeur is nie vir kinders so belangrik nie
Behoort oor goeie sosiale vaardighede te beskik	Hulle beskik wel oor hierdie sosiale vaardighede en kan met selfvertroue optree
Kind sal eie identiteit en uniekheid op die proef stel, ten einde deur portuurgroep aanvaar te word	80% van die kinders kan groepsdruk weerstaan. 'n Suksesvolle verhouding met een of twee vriende dra daartoe by dat aanvaarding deur die portuurgroep dus nie so belangrik is nie

Bevindings van hierdie ondersoek bied volgens die navorser wel geleentheid vir die bewusmaking van lewensvaardighede. Alhoewel kinders in hierdie fase reeds oor bepaalde inherente lewensvaardighede beskik, is verdere bewusmaking aangaande bogenoemde noodsaaklik. Opvoedkundige personeel kan dus hierdie riglyne benut om

leerders se selfbewustheid in hulle klaskamers aan te spreek. Met die nodige selfbewustheid word gevoelens en denke outomaties beklemtoon, die kind word gestimuleer om verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar, raak bewus van die positiewe en emosionele bevoegdheid ontwikkel. Met die verbeterde selfbewussyn en emosionele bevoegdheid behoort interaksie met kinders, wat oor verskillende bekwaamhede beskik soos in die geval van die geskende kind, met meer gemaklikheid te geskied.

2.4.2 Voorgestelde gestaltriglyn vir die bewusmaking van lewensvaardighede

Vervolgens word 'n kort opsomming rakende die voorgestelde gestaltriglyn, wat deur opvoedkundige personeel benut kan word om kinders in die middelkinderjare se selfbewustheid asook emosionele bevoegdheid aan te spreek. Die leser moet daarop let dat dit slegs 'n verkorte weergawe is en verwys na die aangehegte riglyn vir die temas en 'n volledige beskrywing van die sessies asook toepaslike werksvulle en uitdeelstukke. Die navorsingsprobleem naamlik, dat sover vasgestel kon word, daar nie 'n riglyn vanuit die gestaltbenadering bestaan wat opvoedkundige personeel kan benut om die kind se selfbewustheid aan te spreek nie, doelstelling en doelwitte asook die trianguleringsproses het die weergawe van die bevindings beïnvloed. Sessies en aktiwiteite van hierdie riglyn is gegrond op die bevindings tydens die trianguleringsproses. Dit sluit dus bevindings van die literatuurstudie, opinies van kinders asook onderwysers as proefpersone in.

Die tema waarop gefokus is tydens die sessie asook die doel, doelwitte en selfondersteunende gedrag wat ontwikkel behoort te word, word kortliks bespreek. Daar is ook besluit om kinders se reeds bestaande lewensvaardighede met betrekking tot die tema te beskryf. Die verwysing na aktiwiteite, hulpmiddels en die vorm van spel, behoort die praktiese benutting van die riglyn te vergemaklik. [Vergelyk: Gestaltriglyn vir lewensvaardighede (2.4.2: 133-140).]

2.4.2 ‘n Gestaltriglyn vir lewensvaardighede

TEMA	SESSIE 1: EMOSIONELE BEWUSWORDING
<i>Doel</i>	Om kinders te bemagtig om ‘n bewustheid ten opsigte van emosies te ontwikkel.
<i>Doelwitte</i>	Om kinders bewus te maak en in staat te stel om: <ul style="list-style-type: none"> ▪ hulle eie gevoelens te ontwikkel; ▪ ander se gevoelens te erken; ▪ praktiese tegnieke vir gevoelsuitinge te benut; ▪ bepaalde tegnieke vir beheer oor emosies en gevoelens te gebruik.
<i>Vorme van Spel</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Ontspanningspel: Speletjies ▪ Gedramatiseerde spel: Rollespel ▪ Kreatiewe spel: Klasprente
<i>Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Evalueer die gevoel eerder as om te probeer om die situasie te verstaan. ▪ Tref verskil tussen gedagtes en gevoelens: “Ek voel lus/dink ek moet lag” en “Ek voel jammer”
<i>Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het</i>	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kinders het reeds ‘n bewustheid ontwikkel dat kinders situasies verskillend hanteer
<i>Aangehegte hulpmiddels</i>	Aktiwiteitsprogramme 1: Gevoelsmaskers 2: Klasprente

TEMA	SESSIE 2: EMOSIONELE BEWUSWORDING (vervolg)
Doel	Om kinders te bemagtig om die verband tussen emosionele ervarings en gedragsoptredes te tref.
Doelwitte	Kinders se bewustheid deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> ▪ die sandbak ten opsigte van situasies wat sekere gevoelens tot gevolg het, aan te spreek; ▪ 'n praktiese werkvel ten opsigte van aanvaarbare gedragsoptredes in sekere situasies aan te spreek.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kreatiewe spel: Die sandbak Werkvel ▪ Bibliospel: Hanswors storie
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Gebruik gevoelens om te help met besluitneming: “Hoe sal ek voel as ek ... en hoe sal ek voel as ek dit ... nie doen nie”
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kinders beskik oor verbeterde emosionele ontwikkel en kan hulself in ander se situasies plaas.
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteitsprogram 1: Sandbak en plastiekdiere 2: Werkvel 3: Die hanswors storie

TEMA	SESSIE 3: SELFAANVAARDING
Doel	Om kinders in staat te stel om 'n positiewe beeld van hulself te vorm en beheer te neem oor hulle tekortkominge.
Doelwitte	Om kinders se bewustheid deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> ▪ 'n klasprent rakende hulle unieke ligamlike samestelling, aan te spreek; ▪ 'n fiktiewe verhaal met betrekking tot die belangrikheid van innerlike skoonheid, aan te spreek; ▪ flitskaarte kinders se selfbewustheid rakend persoonlike karaktereenskappe, aan te spreek; en ▪ 'n praktiese werkvel en kleiwerk met betrekking tot unieke persoonlike belangstellings, aan te spreek.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Ontspanningspel: Groepspele ▪ Kreatiewe spel: Klasprent Werkvel Kleiwerk ▪ Bibliospel: Fiktiewe verhaal wat verband hou met die klasprent
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	<ul style="list-style-type: none"> ▪ My liggaam en emosies is waardevol en ek kan myself as waardevol ag.
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Middelkinderjare-kindere behoort reeds 'n bepaalde beeld van hulself te ontwikkel;
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteitsprogramme 1- Groepspele 2 - Klasprent en die toepaslike fiktiewe verhaal 3 - Werkvel (selfaanvaarding) 4 - Kleiwerk 5 - Ek is 'n ster - uitdeelstuk

TEMA	SESSIE 4: STEUNSTELSLS
Doel	Om die kind se bewustheid met betrekking tot sy steunstelsels aan te spreek.
Doelwitte	Om kinders se bewustheid met behulp van <ul style="list-style-type: none"> ▪ 'n stamboom rakende hulle gesinsamestelling en die hulpverlening wat daarmee verband hou, aan te spreek; ▪ rollespel en 'n werkvel aan te spreek ten opsigte van interpersoonlike steunstels, maar om ook klem op die portuurgroep as deel van hierdie steunstelsel te plaas.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Ontspanningspel: Speletjies ▪ Kreatiewe spel: Werkvel – stamboom - padkaart ▪ Gedramatiseerde spel: Rollespel
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Ek voel in beheer van die situasie omdat ek weet daar is mense wat omgee en my kan help as ek hulp nodig het.
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kinders is reeds bewus van hulle gesinne as 'n belangrike steunstel
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteitsprogramme 1: Speletjies 2: Familie klasprente en werkvel (stamboom) 3: Rollespel (verskillende beroepe)

TEMA	SESSIE 5: VRIENDSKAPVERHOUDINGE
Doel	Om kinders se bewustheid aangaande vriendskapverhoudinge en verbandhoudende aspekte aan te spreek
Doelwitte	Om kinders se bewustheid aan te spreek, deur die benutting van: <ul style="list-style-type: none"> ▪ tekeninge verbandhoudend tot vriendskapverhoudinge; ▪ klasprente en 'n werkvel gefokus op vriendskapverhoudinge asook opbouende kommunikasie; en ▪ klasprente om hulle sodoende te bemagtig om tussen opbouende en afbrekende aspekte rakende vriendskappe te onderskei
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kreatiewe spel: Tekeninge ▪ Bibliospel: Werkvelle en gesprekvoering
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Neem verantwoordelikheid vir hoe jy voel en nie vir ander die skuld te gee nie: "Ek voel jammer." ▪ Hoe sal hy voel as ek ... en as ek nie ... ▪ Probeer verstaan hoe ander voel.
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kinders toon reeds 'n afname in egosentriese denke en as gevolg hiervan kan hulle empatie toon ▪ Kinders beskik oor die vermoë om tussen aanvaarbare- en onaanvaarbare gedrag te onderskei ▪ Lojaliteit en vertroue is belangrik vir kinders in die middelkinderjare
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteits-programme: 1: Werkvel: Ek en my vriende 2: Klasprente en flitskaarte: 3: Werkvel: Vriendskapverhoudinge

TEMA	SESSIE 6: SELFGELDENDE OPTREDE
Doel	Om kinders bewus te maak van selfgeldende gedrag sodat hulle in staat sal wees om groepsdruk te kan weerstaan.
Doelwitte	Om kinders se bewustheid deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> ▪ handpoppe met betrekking tot selfgeldende optrede aan te spreek; ▪ 'n bordspel rakende die gevolge van sekere gedragsoptredes aan te spreek; en ▪ die handves van kinderregte ten opsigte van selfgeldende gedragsoptredes aan te spreek.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Gedramatiseerde spel: Handpoppe ▪ Ontspanningspel: Speletjies ▪ Kreatiewe spel: Uitdeelstuk
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Oefen om 'n positiewe reaksie uit 'n negatiewe emosie te kry: "Hoe voel ek en wat sal my beter laat voel..?"
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Kinders kan groepsdruk tot 'n mate weerstaan ▪ Afhangende van die kind se temperament, beskik hy oor die vaardighede om met selfvertroue op te tree
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteitsprogramme: 1: Handpoppe 2: Slangetjies en leertjies 3: Handves van kinderregte

TEMA	SESSIE 7: BEWUSMAKING MET BETREKKING TOT GESKENDHEID
Doel	Om kinders se bewustheid rakende die mediese agtergrond van die geskende kind aan te spreek.
Doelwitte	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Om deur middel van feitlike inligting kinders se bewustheid aan te spreek rakende die geskende kind se: <ul style="list-style-type: none"> - agtergrondomstandighede - hospitaalprosedures - brandletsels - drukkledingstukke.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Bibliospel: Fiktiewe verhaal ▪ Ontspanningspel: Selfvertroeteling
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	Breër perspektief met spesifieke verwysing na meer kennis van geskende kind.
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die kind beskik oor verbeterde kognitiewe ontwikkeling en behoort empatiese begrip teenoor kinders wat oor verskillende bekwaamhede beskik, uit te oefen.
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteitsprogramme 1: Fiktiewe verhaal 2: Hospitaalprosedures 3: Foto van geskende kind (indien moontlik) 4: Selfvertroeteling

TEMA	SESSIE 8: BEWUSMAKING TEN OPSIGTE VAN INTERASKE MET DIE GESKENDE KIND
Doel	Om kinders in staat te stel om interaksie met die geskende kind met meer gemak te hanteer.
Doelwitte	Om kinders se bewustheid met betrekking tot: <ul style="list-style-type: none"> ▪ die geskende kind se emosionele ervarings en selfaanvaarding, aan te spreek; ▪ goeie- of slegte vriendskapsoptrades teenoor die geskende kind aan te spreek; ▪ selfgeldende gedrag teenoor die geskende kind aan te spreek; ▪ spesiale vriendskapsoptrades, wat hulle teenoor die geskende kind wil openbaar, aan te spreek.
Vorme van Spel	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Gedramatiseerde spel: Rollespel, gevoelsmaskers en handpoppe ▪ Kreatiewe spel: Klasprente en flitskaarte
Selfondersteuning & Selfbewustheid: Gestalt Perspektief	Breër perspektief met spesifieke verwysing na hanteringswysings teenoor die geskende kind.
Inherente lewensvaardighede wat reeds ontwikkel het	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Die kind beskik oor verbeterde kognitiewe ontwikkeling en behoort empatiese begrip teenoor kinders wat oor spesiale bekwaamhede beskik, uit te oefen.
Aangehegte hulpmiddels	Aktiwiteits-programme: 1: Rollespel 2: Flitskaarte en klasprente 3: Steunstelsels 4: Handpoppe 5: Werkvel - Wolkie

Indien opvoedkundige personeel dus hierdie gestaltriglyn vir lewensvaardighede benut, sal kinders in die middelkinderjare se selfbewustheid ten opsigte van belangrike vaardighede aangespreek word. As gevolg van die verbeterde emosionele bevoegdheid wat die uitkoms sal wees, behoort kinders ook meer selfondersteunend te kan optree. Indien kinders in beheer van hulle emosies voel, behoort hulle denke en gedrag wat hieruit voortspruit, oorweeg te word en is die verwagting dat hulle meer in staat, asook bereidwillig sal wees om ander te ondersteun.

3. SAMEVATTING

Tot dusver is die leser se bewustheid ten opsigte van die noodsaaklikheid van bruikbare riglyn ontwikkel wat opvoedkundige personeel kan benut om kinders se selfbewustheid aan te spreek. Met hierdie nodige bewustheid sal kinders in staat gestel word om die kind met verskillende bekwaamhede wat die klaskamer betree, met meer gemaklikheid te kan aanvaar. In die voorafgaande hoofstuk is opvoedkundige personeel se bewustheid beklemtoon met betrekking tot reeds bestaande inherente lewensvaardighede van die kind in die middelkinderjare. Volgens die navorser bied die middelkinderjare ideale geleentheid vir menslike groei en ontwikkeling en daarom ook vir die benutting van hierdie riglyn.

In hoofstuk ses sal relevante gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word. Die formulering van temas vir toekomstige navorsing sal sodoende vergemaklik kan word.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings

1. INLEIDING

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering en triangulering is in die voorafgaande studie as inligtingsinsamelingsmetode benut om die lesers se kennis en begrip, rakende die middelkinderjare aan te spreek. Die voordele verbonde aan die benutting van die gestaltspelbenadering, om opvoedkundige personeel in staat te stel om kinders van inherente lewensvaardighede bewus te maak, is deur middel van die trianguleringsproses bespreek. Hierdie proses is egter voortgesit deur die uitvoering van relevante empiriese ondersoek. Gevolglik was dit vir die navorser moontlik om bestaande lewensvaardighede te identifiseer waar rondom bewusmaking noodsaaklik is. Die trianguleringsproses het dit ook moontlik gemaak om vanuit die gestaltbenadering, 'n riglyn vir opvoedkundige personeel saam te stel. Sekere leemtes en behoeftes is ook deur hierdie ondersoek bepaal.

Die trianguleringsproses, voortvloeiend uit die doelwitte van hierdie navorsing (Hoofstuk 1:7), het 'n literatuurstudie, semi-gestruktureerde onderhoud met die kinders as proefpersone asook die voltooiing van die onvoltooide sinnetoets en oop vrae deur die onderwysers as proefpersone ingesluit. Bogenoemde inligting is benut om die gestaltriglyn vir opvoedkundige personeel saam te stel. Daar sal verder aandag geskenk word aan die nodige gevolgtrekkings met betrekking tot die studie. Gevolglik sal die navorser in staat gestel word om relevante aanbevelings vir toekomstige navorsing te maak, wat op lewensvaardighede vir die laerskoolkind gefokus word.

Die doelstelling, bereiking van die doelwitte en die navorsingsaanname word as vertrekpunt beskou. Die aanname wat geformuleer is, behels die geleentheid vir opvoedkundige personeel om kinders se selfbewussyn in die middelkinderjare aan te spreek deur middel van gestaltriglyn vir lewensvaardighede. Sodoende sal hulle dus meer bemagtig wees om in interaksie met geskende kind byvoorbeeld, te verkeer.

2. NAVORSINGSPROBLEEM EN DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is gerig op die navorsingsprobleem, naamlik dat daar, sover vasgestel kon word in die literatuur, nie gestaltriglyn of -program vir lewensvaardighede wat op die middelkinderjarelewensfase gefokus is, bestaan nie (Hoofstuk 1:3:5). Vanuit hierdie navorsingsprobleem ontstaan bepaalde navorsingsvrae wat ook die doelformulering bepaal het. Vir die samestelling van hierdie gestalt riglyn is daar hoofsaaklik twee vrae soos volg geformuleer wat beantwoord moes word:

Die eerste belangrike vraag wat beantwoord moes word behels die volgende: **Watter toepaslike inligtingsbronne kan tydens die samestelling van ‘n gestaltriglyn vir opvoedkundige personeel benut word om kinders in die middelkinderjare se selfbewustheid aan te spreek?**

Daar is gevind dat triangulering ‘n navorser in staat stel om meerdere data-insamelingsmetodes te gelyke tyd te benut (Vergelyk Mouton & Marais, 1992:92; De Vos, 2002:364; Babbie, 2002:113). Hierdie navorsingsterrein met betrekking tot lewensvaardighede om ‘n kind in die middelkinderjare se selfbewussyn vanuit die gestaltspelbenadering aan te spreek, is beperk. Gevolglik was dit noodsaaklik om die inligtinginsamelingproses deeglik te doen. Daar is dus gevind dat triangulering die navorser in ‘n bevoorregte posisie sal plaas om bestaande literatuurbevindinge asook menings van kinders en onderwysers as proefpersone te vergelyk. Die trianguleringsproses om bepaalde inligtingsbronne te benut, het dus soos volg plaasgevind en het gelei tot die samestelling van doelwitte (Hoofstuk 1:7). Gevolglik word die trianguleringsproses kortliks verduidelik.

2.1 ‘n Literatuurstudie is uitgevoer ten einde ‘n breë teoretiese grondslag rakende die volgende te verkry:

2.1.1 ‘n Vasstelling van die teoretiese aspekte aangaande die ontwikkeling van die middelkinderjare asook verbandhoudende lewensvaardighede waaroor hierdie kind reeds beskik (Hoofstuk 2).

- 2.1.2 'n Bestudering van die gestaltbenadering en relevante speltegnieke ten einde opvoedkundige personeel se bewustheid aangaande bogenoemde aan te spreek (Hoofstuk 3).
- 2.1.3 Die mediese- en psigososiale implikasies van brandwonde ten einde opvoedkundige personeel se kennis en begrip, met betrekking tot een van die spesifieke bekwaamhede waarmee kinders in die middelkinderjare gekonfronteer kan word, aan te spreek (Hoofstuk 4).
- 2.2 Die trianguleringsproses is verder voortgesit deurdat 'n **empiriese studie** voltooi is. Tydens die empiriese studie is agt kinders as proefpersone deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude betrek en twee onderwysers as proefpersone het 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae voltooi. Bogenoemde empiriese ondersoek het die navorser in staat gestel om bepaalde verskille asook verbande tussen die teorie en die praktyk te trek (Hoofstuk 5).

Die tweede belangrike navorsingsvraag behels die volgende: **Wat is die gebruikswaarde van die gestaltriglyn?** Omrede hierdie riglyn deur opvoedkundige personeel benut sal word, was dit noodsaaklik om dit op 'n praktiese manier saam te stel. Die tema van elke sessie is gebaseer op die bevindinge wat deur middel van die trianguleringsproses verkry is. Die doel en doelwitte van elke sessie word in Hoofstuk 5:133-140 weergegee.

Na aanleiding van die uiteensetting van die navorsingsprobleem, word die gevolgtrekking gemaak dat die doelwit bereik is om vanuit die kwalitatiewe perspektief triangulering as 'n inligtinginsamelingsmetode te benut. Hierdie navorsingsbenadering het die navorser in staat gestel om die belangrikste vrae te beantwoord en sodoende relevante doelwitte te formuleer. As gevolg van hierdie twee belangrike prosesse van probleem- en doelformulering, sal dit vervolgens moontlik wees om relevante gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die trianguleringsproses te maak. Die leser moet egter daarop let dat hierdie gevolgtrekkings en aanbevelings voortvloeiend uit die literatuur- asook empiriese ondersoek gemaak sal word.

3. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE ONDERSOEK

Die onderstaande gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak na aanleiding van die navorsingsprobleem en -doel. Hierdeur word nie slegs bepaal of die doel van die ondersoek bereik is nie, maar die doelwitte word ook aangespreek, en behels die volgende:

3.1 Doelwit 1: Om 'n literatuurstudie uit te voer ten einde 'n breë teoretiese agtergrond te verkry

Die uitvoering van 'n literatuurstudie was belangrik sodat bestaande navorsingskennis weergegee kon word, met betrekking tot die ontwikkeling van die middelkinderjare, die gestaltpelbenadering asook die mediese en psigososiale implikasies van brandwonde. Die weergawe van die gegewens met betrekking tot die bogenoemde temas het daartoe gelei dat die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings in verband met hierdie doelwit gemaak kan word.

3.1.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die literatuurstudie

3.1.1.1 Die kind in die middelkinderjare beskik reeds oor noodsaaklike lewensvaardighede wat tot voordeel aangewend kan word tydens sy interaksie met ander kinders wat oor verskillende bekwaamhede beskik. 'n Kind se temperament sal die aard van sy optrede, sosiale vaardighede en vermoë om empatiese begrip te toon, beïnvloed. Ten spyte van bogenoemde het die literatuurstudie getoon dat die kind wel oor bepaalde vaardighede behoort te beskik, met betrekking tot die kind se ontwikkeling.

Die kind se temperament het 'n definitiewe impak op die verskillende ontwikkelingsareas, naamlik emosionele, kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling. Vervolgens sal die bepaalde gevolgtrekkings vanuit die literatuurstudie kortliks bespreek word met betrekking tot hierdie ontwikkelingsareas.

- **Emosionele ontwikkeling:** 'n Kind in die middelkinderjare beskik oor die vermoë om empaties te kan optree, maar hy behoort ook insig te toon dat mense verskillende emosies kan ervaar. Hierdie vermoëns word moontlik gemaak as gevolg van die kind se kognitiewe ontwikkeling.
- **Kognitiewe ontwikkeling:** Die kind se oordeels- en redenasievermoë stem ooreen met dié van 'n volwassene. As gevolg hiervan word die aanname gemaak dat hulle in situasies waar groepsdruk ervaar word, wel oordeels- asook redenasievermoë sal kan toepas.
- **Sosiale ontwikkeling:** Dit blyk vanuit die literatuur dat portuurgroepsaanvaarding van belang is, maar dat kinders gewoonlik geslagsvoorkeur toon. Omrede aanvaarding deur die portuurgroep vir kinders belangrik is, word daar ook klem op lojaliteit en vertrouwe geplaas. Ten spyte van die voorgenoemde ontwikkeling is uiterlike voorkoms steeds vir kinders in die middelkinderjare baie belangrik en blyk dit soms 'n bepalende faktor vir aanvaarding tot die portuurgroep te wees.
- **Morele ontwikkeling:** As gevolg van die veranderings in die kind se morele vermoë word hy ook verder in 'n bevoorregte posisie geplaas om interaksie met kinders te hanteer wat oor verskillende bekwaamhede beskik. Hy beskik oor die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei, maar hulle toon ook begrip dat reëls gewysig kan word. As gevolg van die verbeterde emosionele ontwikkeling, beskik die kind ook oor die vermoë om homself in ander se situasies te plaas en begrip hiervoor te kan toon.

Vanuit die literatuurstudie blyk dit dus samevattend dat die kind in die middelkinderjare weens sy ontwikkeling op die verskeie areas, wel oor die inherente vaardighede beskik om interaksie met 'n kind te hanteer wat oor spesiale behoeftes beskik. Dit is egter steeds noodsaaklik dat die kind se

selfbewussyn in verband met bogenoemde aangespreek word. Sodoende sal hulle op 'n emosionele vlak meer bevoeg wees om hierdie interaksie te hanteer.

3.1.1.2 Spel is die kind se natuurlike kommunikasiemedium. Vanuit die literatuur en met betrekking tot die gestaltspelbenadering, blyk dit dat die kind se selfbewussyn, doeltreffend deur middel van spel aangespreek kan word. Speltegnieke is tot dusver hoofsaaklik in 'n terapeutiese milieu toegepas en die literatuur is beperk met betrekking tot die toepassing daarvan in die skoolomgewing. Die navorser deel die mening van Drewes, Carey en Schaefer (2001) dat speltegnieke wel 'n effektiewe bydrae tot die kind se holistiese opvoeding in die skoolomgewing kan hê.

Vanuit die literatuur het dit ook geblyk dat vyf spelvorme benut kan word om sodoende die kind se selfbewussyn aan te spreek. Die volgende gevolgtrekkings kan in verband met bogenoemde gebring word:

- **Ontspanningspel**

Tydens die benutting van ontspanningspel is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die toepassing hiervan noodsaaklik is ten einde ontspannende atmosfeer te skep. Daar is gevind dat die samewerking van kinders verbeter kan word, indien hulle oor redelike verhouding met die personeellid beskik. Dit blyk dat die benutting van ontspanningspel geleentheid hiervoor skep.

- **Assesseringspel**

Die benutting van die onvoltooide sinnetoets tydens die empiriese studie asook in die aangehegte riglyn, het belangrike deel van die assesseringspel gevorm. Hierdie vorm van spel het die navorser in staat gestel om onder andere die kind se kognitiewe, emosionele en morele ontwikkeling te bepaal. Verder was dit ook moontlik om die kind se gedrag en motivering in die hier-en-nou waar te neem.

- **Bibliospel**

Omrede bibliospel enige vorm van geskrewe woord-, oudio- of visuele materiaal is, was dit belangrike vorm van spel tydens die navorsing. Dit het die navorser die geleentheid gebied om proefpersone se emosies rakende sekere aspekte op indirekte wyse te bepaal. Die navorser is ook in staat gestel om kinders in die middelkinderjare se selfbewustheid op indirekte wyse tydens die samestelling van die aangehegte riglyn aan te spreek.

- **Kreatiewe spel**

Kreatiewe spel sluit wye verskeidenheid speltegnieke in en daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat dit effektiewe vorm van spel is om kinders se emosies te bepaal, maar ook om hul selfbewustheid aan te spreek. Tekeninge en die sandbak is voorbeelde van kreatiewe speltegnieke wat tydens die samestelling van hierdie riglyn benut is.

- **Gedramatiseerde spel**

Gedramatiseerde spel is nie tydens die empiriese ondersoek as vorm van spel benut nie, maar vanuit die literatuur kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat dit ideale vorm van spel is, wat tydens die bewusmaking van lewensvaardighede benut kan word. Deur die benutting van rollespel en handpoppe, behoort kinders se selfbewustheid aangespreek te word, maar hulle sal ook die geleentheid gebied word om op indirekte wyse uiting aan emosies te gee.

3.1.1.3 Alhoewel lewensvaardighedsprogramme beskikbaar is, is daar geen program sover bekend, wat opvoedkundige personeel in staat stel om die kind vanuit die gestaltbenadering op 'n holistiese wyse te nader nie. Daar kon met ander

woorde tydens die literatuurstudie asook voorondersoek, geen program gevind word wat die kind se bewustheid ten opsigte van inherente lewensvaardighede vanuit die gestaltspelbenadering aanspreek nie.

- 3.1.1.4 As gevolg van die veranderende beleid van die Departement van Onderwys, is die intrede van kinders wat oor verskillende bekwaamhede beskik, tot die hoofstroomonderwysstelsel, 'n onvermydelike fenomeen. Kinders in die middelkinderjare kan met ander woorde in aanraking kom met hierdie groep leerlinge gedurende die bywoning van skool. Alhoewel dit vanuit die literatuur geblyk het dat hulle oor die inherente vaardighede beskik om kinders met verskillende bekwaamhede te hanteer, ontbreek die nodige kennis en bewusmaking van vaardighede soms, en is bewusmaking deur opvoedkundige personeel in hierdie verband dus noodsaaklik.
- 3.1.1.5 Opvoedkundige personeel, maar in besonder die onderwyser, is in 'n bevoorregte posisie om daaglik kinders se lewens te beïnvloed. Alhoewel hulle opleiding vir die opvoedkundige terrein van die kind ontvang het, blyk dit dat hulle nie bemagtig is om kinders se emosionele behoeftes te hanteer nie. Hierdie emosionele probleme is ook nie die onderwyser se verantwoordelikheid nie. Indien hulle egter opleiding ten opsigte van die gestaltspelbenadering asook bewusmaking van die kind se inherente vaardighede kan ontvang, sal hulle in staat wees om daaglik 'n invloed op die kind se emosionele bevoegdheid te kan uitoefen.
- 3.1.1.6 Brandwonde blyk vanuit die statistiek 'n toenemende verskynsel wêreldwyd te wees, maar ook spesifiek in Suid-Afrika. Ernstige brandwonde lei gewoonlik tot 'n mate van geskend- of gestremdheid. Dit blyk ook dat die liggaamsarea wat deur brandwonde beïnvloed word, heel dikwels die sigbaarste areas is, byvoorbeeld die hande, voete of gesig. Ten spyte van langdurige rehabilitasie moet hierdie kinders gewoonlik met hierdie letsels terugkeer na die gemeenskap en die skoolomgewing, wat hulle voorkoms drasties beïnvloed.
-

3.1.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

- 3.1.2.1 literatuur van die teoretiese aspekte rakende die ontwikkeling van die middelkinderjare, sy bestaande lewensvaardighede, asook die verskillende bekwaamhede waarmee die kind in die middelkinderjare gekonfronteer kan word, beskikbaar gestel word vir opvoedkundige personeel; en
- 3.1.2.1 die benutting van die gestaltspelbenadering in die klaskamer, deur navorsers ondersoek en beskryf word. Vanuit die studie blyk dit dat 'n bewustheid ten opsigte van die gestaltbenadering en die waarde van die toepassing of benutting daarvan, opvoedkundige personeel in staat sal stel om die kind se selfbewustheid te kan aanspreek.

3.2 Doelwit 2: Om die trianguleringsproses voort te sit deur die voltooiing van die empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is uitgevoer deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude wat met agt kinders as proefpersone gevoer is. Twee onderwysers het ook as proefpersone opgetree wat 'n onvoltooide sinnetoets en oop vrae voltooi het.

Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings is uit die bogenoemde doelwit geformuleer met betrekking tot die kind in die middelkinderjare se ontwikkelingvermoë:

3.2.1 Gevolgtrekkings

Alhoewel bepaalde gevolgtrekkings vanuit die literatuurstudie gemaak is met betrekking tot kinders in die middelkinderjare se ontwikkeling is daar tydens die empiriese studie verdere gevolgtrekkings gemaak met betrekking tot die verskillende ontwikkelingsareas. Hierdie gevolgtrekkings sal kortliks weergegee word:

3.2.1.1 Emosionele ontwikkeling:

- Daar is wel 'n afname in hulle egosentriese gedragsoptrede en hierdie proefpersone beskik oor die vermoë om met empatiese gedrag op te tree. Hulle ontwikkel ook die nodige insig dat kinders verskillende emosies in situasies kan ervaar.
- Lojaliteit en vertroue is belangrik vir die proefpersone en dit wil dus voorkom dat hulle nie maklik geheime sal verklap nie.
- Die kind se vermoë om selfstandig en met selfvertroue op te tree word wel deur sy temperament beïnvloed. Dit blyk egter dat hierdie proefpersone wel in ouderdomsgerigte situasies selfstandig en met selfvertroue kon optree.

3.2.1.2 Kognitiewe ontwikkeling:

- Die proefpersone se kognitiewe vermoë vind wel aanklank by die literatuur omrede hulle wel redenasievermoë openbaar. Volgens die onderwysers, voldoen hulle ook aan die akademiese vereistes wat van hulle verwag word.

3.2.1.3 Sosiale ontwikkeling:

- Die gesin is steeds vir hierdie proefpersone van groot belang en dit blyk dat hulle steeds aktiwiteite in gesinsverband, bo dié van 'n portuurgroep verkies.
 - Geslagsvoorkeur blyk nie vir die proefpersone 'n bepalende faktor tydens aanvaarding tot die portuurgroep te wees nie.
 - Dit blyk asof kinders ook groepsdruk kan weerstaan en dat aanvaarding tot die portuurgroep vir die proefpersone nie so belangrik was nie.
 - Uiterlike voorkoms is steeds belangrik vir hulle en aanvaarding tot die portuurgroep word hoofsaaklik hierdeur bepaal.
-

3.2.1.4 Morele ontwikkeling:

- Die kinders as proefpersone, beskik oor die vaardighede om tussen reg en verkeerd te onderskei.

3.2.2 Aanbevelings

Met betrekking tot die semi-gestruktureerde onderhoude met kinders as proefpersone, word daar aanbeveel dat:

- 3.2.2.1 die benutting van 'n tolk, indien moontlik, tydens onderhoudsvoering vermy moet word omrede dit die proses wel tot 'n mate beperk;
 - 3.2.2.2 meer kinders as proefpersone by 'n studie betrek word ten einde veralgemening van die bevindings te verbeter;
 - 3.2.2.3 kinders in die laatmiddelkinderjare asook die vroeë adolessent by die studie betrek word;
 - 3.2.2.4 proefpersone van verskillende kognitiewe ontwikkelingsvlakke geselekteer sal word. Sodoende sal die bewusmaking van lewensvaardighede vir hierdie kinders vergemaklik word, aangesien die spesifieke behoeftes geïdentifiseer sal kan word;
 - 3.2.2.5 kinders se bewustheid met betrekking tot die verskillende bekwaamhede aangespreek sal word waarmee hulle moontlik gekonfronteer kan word, byvoorbeeld kanker, Down-sindroom, blindheid, doofheid asook fisiese gestremdheid aangespreek sal word;
 - 3.2.2.6 die vorme van spel asook die voorkeure daarvan as 'n kommunikasiemedium in die klaskamersituasie tydens die onderhoude bepaal sal word.
-

Met betrekking tot die onvoltooide sinnetoets en oop vrae wat deur die onderwysers as proefpersone voltooi is, word die volgende aanbeveling gemaak:

3.2.2.7 'n semi-gestruktureerde onderhoud kan met die onderwysers gevoer word ten einde onduidelikhede te verminder. Die inhoud kan op band opgeneem word om sodoende die geldigheid daarvan te verhoog.

3.3 Doelwit drie: Om deur middel van geskrewe riglyne vanuit die gestaltbenadering die drie genoemde inligtingsbronne te benut en opvoedkundige personeel te ondersteun

Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings is uit die bogenoemde doelwit geformuleer:

3.3.1 Gevolgtrekkings

3.3.1.1 Die praktiese uiteensetting van hierdie riglyn sal opvoedkundige personeel in staat stel om kinders in middelkinderjare se behoeftes suksesvol aan te spreek;

3.3.1.2 Indien sessie een tot ses benut word, kan kinders se selfbewustheid en dus ook hulle emosionele bevoegdheid in die algemeen, aangespreek word;

3.3.1.3 Opvoedkundige personeel kan sessie sewe en agt aanpas om leerders se bewustheid met betrekking tot verskillende bekwaamhede aan te spreek.

3.3.2 Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat:

3.3.2.1 hierdie riglyn as navorsingsbron benut sal word ten einde toekomstige navorsing op hierdie terrein aan te moedig;

3.3.2.2 opvoedkundige personeel wat hierdie riglyn tydens die bewusmaking van lewensvaardighede benut, oor nodige kennis en begrip ten opsigte van die gestaltspelbenadering moet beskik;

- 3.3.2.3 opvoedkundige personeel, maar spesifiek onderwysers, opleiding ten opsigte van die gestaltspelbenadering ontvang, aangesien die inkorporering hiervan moontlik die effektiwiteit van opleiding in die klaskamer kan aanspreek;
 - 3.3.2.4 slegs spelterapeute, maatskaplike werkers, sielkundiges of onderwysers wat kennis en begrip van die gestaltspelbenadering het, hierdie riglyn tydens die bewusmaking van lewensvaardighede sal benut;
 - 3.3.2.5 kennis van die spelvorme bekom sal word om hierdie riglyn wat uit speltegnieke bestaan, nie as terapeutiese riglyn te benut nie. Kinders se bewustheid aangaande inherente lewensvaardighede moet die fokuspunt bly;
 - 3.3.2.6 opvoedkundige personeel die kinders se temperamentele asook kulturele ontwikkeling, verskille en ooreenkomste in ag behoort te neem. Gevolglik sal hierdie personeel elke kind as 'n holistiese entiteit kan beskou;
 - 3.3.2.7 ouers toestemming ten opsigte van die kind se deelname aan die riglyn vir lewensvaardighede behoort te gee. Dit is noodsaaklik dat ouers bewus is van die benutting van die riglyn en die waarde daarvan tydens die bywoning van skool;
 - 3.3.2.8 hierdie riglyn prakties in skole benut sal word, ten einde die effektiwiteit daarvan te bepaal en te verbeter deur fokus op die ander bekwaamhede te plaas;
 - 3.3.2.9 opvoedkundige personeel wat oor die nodige vaardighede beskik ook sessies een tot ses kan benut om die kind se selfbewustheid asook emosionele bevoegdheid in die algemeen aan te spreek. Sessies sewe en agt kan aangepas word om op die kind se bewustheid te fokus met betrekking tot kinders wat oor verskillende bekwaamhede beskik, indien die behoeftes van die klaskamer dit vereis;
 - 3.3.2.10 die effektiwiteit van die riglyn wat op die gestaltspelbenadering gebaseer is, vergelyk sal word met soortgelyke riglyne wat fokus op lewensvaardighede.
-

Sodoende sal die doel begryp word en die noodsaaklikheid van eersgenoemde benadering bevestig kan word.

4. BEPERKINGS VAN HIERDIE NAVORSING

Die navorser se bewustheid ten opsigte van bepaalde beperkings van die studie is tydens die uitvoering van bogenoemde doelwitte aangespreek. Dit is noodsaaklik dat die leser se kennis ook met betrekking tot bogenoemde aangespreek word.

- 4.1 Die steekproef was klein en ook beperk tot kinders tussen die ouderdom van agt en tien jaar. Gevolglik kan die bevindings nie veralgemeen word nie.
- 4.2 Alhoewel die lewensfase van die onderwyser verskil, is onderwysers se mening ten opsigte van die kind se ontwikkeling, op 'n persoonlike mening gegrond en kan dus soms van die kind se mening verskil.
- 4.3 Die onderwysers het hoofsaaklik leerlinge vir die studie geselekteer wat oor 'n redelike intelligensie beskik. Gevolglik toon hierdie bevindings dat die kinders in die middelkinderjare oor voldoende inherente vaardighede beskik. Dit kan egter nie veralgemeen word vir kinders met beperkte kognitiewe ontwikkelingsvermoë nie, aangesien die vermoë 'n impak op die ander ontwikkelingsareas het.
- 4.4 Weens die feit dat kinders se konsentrasievermoë beperk is, is die semi-gestruktureerde onderhoude dalk nie toepaslik vir die gestaltpelbenadering nie. As gevolg van bogenoemde is die toepaslikheid asook effektiwiteit hiervan nie deur hierdie navorsing bepaal nie. Fokusgroepe as insamelingsmetode kon dalk meer sinvol verloop het en aangewend word.

Die effektiwiteit van die navorsing kan ook verbeter word indien ander spelterapeute genader kan word om die empiriese ondersoek in verskillende milieus uit te voer. Ander opleidingsinstansies kan ook genader word om die effektiwiteit verder aan te spreek.

- 4.5 Die benutting van 'n tolk het wel die semi-gestruktureerde onderhoude met die Xhosa-sprekende kinders tot 'n mate beïnvloed. 'n Natuurlike gesprek is hierdeur belemmer.
- 4.6 Die onderwysers was geneig om eenvormige antwoorde met betrekking tot die kinders as proefpersone weer te gee. Daar word vermoed dat hierdie antwoorde nie altyd die ware vermoë of beperkings van die proefpersone reflekteer nie. Met behulp van 'n groter steekproef sou die inligting meer geloofwaardig aangebied kon word.
- 4.7 In hierdie studie is daar slegs op een spesifieke bekwaamheid gefokus, naamlik om kinders in die middelkinderjare se bewustheid met betrekking tot geskendheid aan te spreek. Kinders se bewustheid ten opsigte van andersoortige bekwaamhede, soos byvoorbeeld kanker, Down-sindroom, blindheid, doofheid en fisiese gestemdheid, is nie bepaal nie.

5. SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstuk is bepaalde verbande tussen die teorie en praktyk getref en sodoende is die geldig- asook betroubaarheid van die studie aangespreek. Die navorser is in staat gestel om leemtes van hierdie bepaalde ondersoek te bepaal deur die samestelling van die aanbevelings, maar ook om voorstelle vir toekomstige navorsingstudies daar te stel.

In hierdie navorsingstudie was dit vir die navorser moontlik om bogenoemde doelwitte (Hoofstuk 1:7-8) te bereik. Deurdat hierdie doelwitte wel suksesvol bereik is, was dit vir die navorser moontlik om 'n praktiese riglyn vanuit die gestaltspelbenadering saam te stel. Die benutting van hierdie riglyn sal opvoedkundige personeel in staat stel om kinders se selfbewussyn in die middelkinderjare aan te spreek. Opvoedkundige personeel en spesifiek onderwysers, behoort verdere opleiding met betrekking tot die gestaltbenadering te ontvang om hierdie riglyn met vrymoedigheid te gebruik.

Die navorser beskou die studie as 'n deurbraak in die integrasie van die gestaltspelbenadering tot die opvoedkundige milieu. Kinders in die middelkinderjare se selfbewustheid en dus ook emosionele bevoegdheid, sal bevorder kan word indien hierdie bewusmakingsproses kan plaasvind wat met die opvoedkundige curriculum geïntegreer is. Verdere navorsing om die effektiwiteit van die riglyn te bepaal en aanpassings te maak, is egter nodig en is dus 'n sterk aanbeveling vir toekomstige navorsing.

Die leser se aandag word op die aangehegte riglyn vir lewensvaardighede gevra. Hierdie riglyn is saamgestel om as uitdeelstuk tydens die opleiding van opvoedkundige personeel te dien.

ADDENDUM A

ONDERHOUD MET DIE KIND AS PROEFPERSOON:

Proefpersone genummer 1 – 8:

Respondent nommer:	Geslag	Ouderdom (in jaar)
1	Manlik	8
2	Manlik	10
3	Vroulik	9
4	Vroulik	9
5	Vroulik	10
6	Manlik	9
7	Manlik	9
8	Manlik	10

1. Vertel my van jou gesin.

- 1 – Pa, Ma, Broer
- 2 – Pa, Ma, Suster
- 3 – Pa, Ma, Twee broers
- 4 – Pa, Ma
- 5 – Het twaalf ooms, oumas, broers en susters
- 6 – Oumas, ooms, ma, pa, broers en susters
- 7 – Pa, Ma, vier broers en susters
- 8 - Pa, Ma, broers en susters

2. Kan jy die drie mees belangrikste persone of dinge in jou lewe noem?

- 1 – Familie, God en natuur
 - 2 – Gebed, Ouers en suster
 - 3 – Ma, Pa en broers
 - 4 – Saam met familie te wees en netbal of perdry
 - 5 – vriende
 - 6 – My huis
 - 7 – Geld
 - 8 - Kos
-

3. As jy probleem het, vir wie sal jy eerste vra vir hulp?

- 1 – Pa of Bid
- 2,3,4,6,8 – Ma
- 5,7 – broer

4. As jou beste maatjie vir jou geheim vertel, wat sal jy doen?

- 1,2,3,4,5,6,7,8 – sal die geheim hou en vir niemand vertel nie

5. VOLTOOI DIE VOLGENDE ONVOLTOOIDE SINNE

5.1 Ek hou van ...

- 1 – krieket speel
- 2 – my hasie
- 3 – om te eet
- 4 – vakansies
- 5,8 – vrugte
- 6 – motors
- 7 – leer

5.2 Ek sal nooit...

- 1 – gevaarlike goed doen nie
- 2 – my ma en pa nie liefhê nie
- 3 – geen antwoord
- 4 – vir iemand seermaak nie
- 5 – saam met seuns slaap nie
- 6 – saam met 'n vreemde persoon in sy kar ry nie
- 7,8 – steel

5.3 Ek voel hartseer wanneer...

- 1 – ek seergekry het
- 2 – my hasie doodgaan
- 3 – my broers en susters lelik is met my
- 4 – daar iets met my gebeur
- 5,7 – ek iets verkeerd doen
- 6 – iemand my slaan
- 8 – ek iemand verkrag

5.4 Ek is gelukkig as...

- 1 – as ek iets gedoen het, waarvoor ek eers bang was
 - 2 – ek en my maats speel
 - 3,4 – iets lekkers in die gesin doen
 - 5,8 – daar iets lekkers by die skool gebeur
 - 6 – my ma iets vir my bring
 - 7 – as iemand iets vir my gee
-

5.5 Ek weet dit is verkeerd as ek...

- 1 – iets van my ma breek
- 2 – vloek
- 3 – stout is
- 4 – ek iemand hartseer maak
- 5 – iemand slaan
- 6,7,8 – steel

5.6 As my beste maatjie huil sal ek ...

- 1,2,3,4,5,6,7,8 – hom troos en help

5.7 As een van die kinders in my klas nie maatjies het nie, sal ek...

- 1,2,3,4,5,6,7,8 – met hom speel en sy maatjie wees

5.8 As die my klasmaats vir my lag, sal ek ...

- 1,4,6 – hartseer voel
- 2,8 – hulle ignoreer
- 3 – saam lag. My ma het my geleer om hulle te ignoreer.
- 5 – kwaad word
- 7 – vir my juffrou vertel

6. Weet jy wat die volgende woorde beteken? Indien ja, kan jy vertel wat jy dink dit beteken. Onthou asseblief daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie.**SELFBEEELD**

- 1 – beeld wat ek self gemaak het
- 2 – wat jy van jouself dink
- 3 – nee, wys hoe jy is
- 4,5,6,8 – ek weet nie
- 7 – ja, dit is ek

KOMMUNIKASIE

- 1 – as mens kontak maak op die selfoon
- 2,3 – praat met ander
- 4 – gemeng
- 5,6,7,8 – ek weet nie

BRANDWONDE

- 1 – as mens in ontploffing was
 - 2,4,5,6 – het gebrand
 - 3 – brandsere
 - 7,8 – ek weet nie
-

VRIENDE

- 1 – mekaar lief het en omgee vir mekaar
- 2,6,7 – my maats
- 3 – maats waarmee ek kan speel
- 4 – baie maatjies het
- 5,8 – nee ek weet nie

Die onderhoudvoerder sal storie vertel van kind wat gebrand het by die huis en wat vir ongeveer 3 maande in die hospitaal was. Dit is vandag die dag dat hy/sy terugkom skool toe. Verduidelik vir die kind dat ons gaan speel die pop is die kind wat terugkom skool toe. Prente van gebrande en geskende kinders, word ook gewys sodat die kind duidelike beeld oor die moontlike voorkoms van so kind kan vorm.

7. Het jy al ooit iemand gesien wat gebrand het? Weet jy wat het met hom gebeur?

- 1 – nee, behalwe op TV
- 2,3,4,7 – nee
- 5 – ja ek het al 'n kind gesien, maar weet nie wat het gebeur nie
- 6 – ja, my broer. 'n Lamp het ontplof in sy gesig
- 8 – ja, my vriend het sy maag met water gebrand

8. Is hier kinders in jou skool met brandwonde?

- 1,4 – Ja
- 2,3,5,6,7,8 – Nee, ek weet nie

9. Het jy al die kledingstukke gesien wat die kind dra? Weet jy hoekom hy/sy dit moet dra? Laat die kind daaraan voel en verduidelik hoekom die dra van hierdie kledingstukke noodsaaklik is.

- 1,2,4,5,6,7 – Nee, ek sou nie geweet het waarom hy dit moet dra nie
- 3 – Ja, ek het dit by my ma gesien, om haar bene warm te maak
- 8 – Ja, my maat dra dit omdat sy maag gebrand het

10. As jy aan hierdie kind, Sam dink, wat vandag vir die eerste keer skool toe kom, voltooi asseblief die volgende sinne:

10.1 As kind soos Sam, wat gebrand het terugkom skool toe, sal ek

- 1 – gedink het hy lyk baie snaaks
 - 2 – lag, maar nie voor hom nie
 - 3 – haar help
 - 4,7 – haar jammer kry
 - 5,6,8 – haar terug verwelkom
-

10.2 As kind soos Sam langs my in die klas kom sit, sal ek....

- 1 – kyk wat het met hom gebeur
- 2 – hom troos
- 3 – ek weet nie, maar dit sal moeilik wees
- 4 – vir haar ‘n drukkie gee
- 5,6,7,8 – hom toelaat om langs my te sit

10.3 Ek dink Sam of enige kind wat gebrand het lyk snaaks, omdat ...

- 1,5,6,7,8 – hy baie letsels het
- 2,3 – ‘n bruin masker dra
- 4 – dink nie hy lyk snaaks nie

10.4 As al die kinders, selfs my beste maatjie vir Sam lag, sal ek...

- 1 – miskien ook lag
- 2,3,4,5 – vir hulle sê om op te hou
- 6,8 – vir Sam sê om hulle te ignoreer
- 7 – vir hom sê om vir die juffrou te vertel

10.5 Ek dink nogsteeds Sam of enige kind wat gebrand het lyk mooi, want...

- 1 – hy is nog lewendig en het sy arms en bene
- 2,4 – dit gaan nie oor buite nie, maar wel oor binne
- 3 – dalk, dit hang af waar het hy gebrand
- 5,6,7,8 – hy lyk nie meer mooi nie

10.6 As kind soos Sam huil, sal ek...

- 1,2,6,7,8 – hom troos
- 3 – ek weet nie
- 4,5 – vir hom vra wat is fout

10.7 As kind soos Sam geen vriende het nie, sal ek...

- 1,2,4,5,6 – met hom vriende wees
- 3,7,8 – hy kan seker maar saam met ons speel

10.8 Ek voel jammer vir Sam, want

- 1,2 - hy het so seer gebrand
 - 3, - almal haar spot
 - 4,5,6,7,8 – sy brandwonde het
-

ADDENDUM B

ONVOLTOOIDE SINNETOETS EN OOP VRAE: ONDERWYSERS

Die doel van die navorsing is om die aanleer van lewensvaardighede gebaseer op 'n gestaltspelterapeutiese benadering vir die kind in die middelkinderjare moontlik te maak. Spesifieke lewensvaardighede sal aangewend word om die kind te bemagtig om die geskende kind beter te aanvaar. Ten einde hierdie doelstelling te bereik word die kennis van die onderwyser ten opsigte van kind, in die middelkinderjare lewensfase benodig.

Dit sal opreg waardeer word indien u 'n vraelys met betrekking tot die betrokke kind kan voltooi. Die navorser dra wel kennis daarvan, dat kinders se gedrag nie in alle situasies dieselfde is nie. Vir hierdie studie se doeleindes is dit noodsaaklik om die kind se gedrag in die skoolomgewing te bepaal. U professionele opinie in hierdie verband word opreg waardeer.

Vervolgens word die twee onderwysers as proefpersone se professionele mening met betrekking tot die kinders wat as proefpersone opgetree het voorgehou.

1. Sover as wat u kennis strek, het die kind enige blootstelling aan brandwonde of geskendheid

1,2,3,4,5,6,7,8 - Nee

2. Beskryf kortliks die kind se temperament.

1 – Baie seker van homself

2 – Is baie seker van homself. Tree met selfvertroue op. Spreek graag sy opinie uit. Resultaat geïnteresseerd.

3 – Vriendelik, spontaan. Lig graag sy opinie.

4 – Baie standvastig, toegewyd en nederig. Is daarop ingestel op aanvaarding veral deur gesagsfiguur.

5 – Stil, met goeie leierskapeienskappe en luistervaardighede.

6 – Stil en reguit.

7 – Hou daarvan om te wen.

8 – Geniet pret aktiwiteite. Kan aggressief optree, indien hy deur ander uitgedaag word.

3. Oor watter temperament beskik die kind volgens die DISC-model?

1 – Interaktiewe temperamentstyl

2 – Direktiewe temperamentstyl

3 – Ondersteunende temperamentstyl

4 – Konsensieuse temperamentstyl

5 – Interaktiewe temperamentstyl

6 – Konsensieuse temperamentstyl

7 – Ondersteunende temperamentstyl

8 – Direktiewe temperamentstyl

4. Gee kortliks 'n beskrywing van die kind se akademiese vordering.

1,3,4,5,6,7 – Baie goeie vordering

2 – Goeie vordering in veral wiskunde. Kan mooi stories skryf. Lees gemiddeld.

8 – Goed in wiskunde asook probleemoplossing. Gemiddeld in spel en lees.

5. Is u van die opinie dat die kind 'n taak suksesvol kan voltooi, of raak hy/sy gou verveeld en laat die taak onvoltooid?

1,5,6,7,8 – Ja, kan suksesvol voltooi

2 – Ja, indien die taak nie te lank is nie.

3,4 – Ja, beslis.

6. Beskryf kortliks die kind se gedrag of optrede in die klas:

1 – Baie goed. Is vriendelik, spontaan en behulpsaam.

2 – Baie selfvertroue. Gee graag sy opinie en redeneer graag.

3 – Neem graag leiding in situasies.

4 – Gemaklik en goeheartig

5 – Sy luister na die klasreëls. Geniet dit ook om haar mening te lig en vrae te beantwoord.

6 – Stil, hou van sosialisering. Hou glad nie daarvan indien ander baklei nie.

7 – Spraaksaam. Is altyd besig om objekte te sorteer.

8 – Vinnig om vrae te beantwoord en om sy mening met die klas te deel.

7. Verduidelik die kind se sosiale interaksie met ...

7.1 die portuurgroep (beide geslagte)

1,2,3,6,7,8 – Baie goed. Kom met albei geslagte oor die weg.

4 – Kom op hierdie stadium beter oor die weg met haar eie geslag.

5 – Huiwer nie om opinie met leerders van dieselfde geslag en graag te deel nie.

7.2 outoriteitsfigure

1,3,4,5,6,7, – Baie goed

2 – Aanvaar gesag. Hou daarvan om sy opinie uit te spreek oor sake en vra ook gesagsfiguur se opinie.

8 – Hou daarvan om die onderwyser te help.

8. Volgens u opinie sal u sê die kind tree met selfvertroue op? (merk waar toepaslik)

Ja – 1,2,3,5,6,7,8

Nee – 4

Motiveer u antwoord:

1 – geen antwoord

2 – Het 'n wye algemene kennis daarom tree hy met selfvertroue op. Kan oor baie sake gesels.

3 – Sy is baie seker van haarself.

4 – In situasies, veral in onbekende situasies mag sy dalk huiwer.

- 5 – Sy is altyd netjies en versorg haarself goed.
- 6 – Indien hy gevra word om idees te deel sal hy dit met gemaklikheid kan doen.
- 7 – Hy is baie spraaksaam.
- 8 – Hy is seker oor wat hy sê en kan advies en raad aanvaar.

9. Kan die kind tussen reg en verkeerd onderskei? Verduidelik asseblief.

- 1,2,3,4,6,7 – Ja, binne ouderdomsvlak
- 5 – Erken nie altyd sy is verkeerd nie, maar bied wel verduidelikings
- 8 – Ja, hy is vinnig om die onderwyser in te lig met betrekking tot ander se oortredinge.

10. Beskik die kind oor die vermoë om onafhanklike besluite te neem, of is hy/sy afhanklik van ander se leiding? Verduidelik asseblief.

- 1,2,3,5 – Ja, binne ouderdomsvlak
- 4 – Nee, veral nie in onbekende situasies nie
- 6,8 – Ja, hy roep volwasse persone indien hy hulp benodig
- 7 – Ja, hy laat hom nie deur die portuurgroep voorskryf nie

11. Wat is die kind se reaksie teenoor ‘n vriend wat seergekry het of hartseer is? Verduidelik asseblief.

- 1 – Tree met deernis op teenoor so ‘n persoon op
- 2,4 – Hy voel jammer vir die persoon
- 3 – Tree beskermend op
- 5,6,7,8 – Sal ‘n volwasse persoon ontbied om te help

12. Dink u die kind beskik oor die vermoë om op ‘n effektiewe wyse met die geskende kind te kommunikeer? Verduidelik asseblief.

- 1 – Ja, sy opvoedingsvlak en verstandvermoë is so ontwikkel dat hy dit sal kan doen
- 2,3 – Ja, hy het die vermoë om mense te konsidereer
- 4 – Ja, sy is saggeaard en voel gou jammer vir iemand. Ingestel om ander tevrede te stel
- 5 – Ja, hy help sy medemens waar hy kan
- 6,8 – Onseker, hy het nog nie die geleentheid gehad om met dié kind te kommunikeer nie
- 7 – Ja, maar hy moet voldoende ingelig wees oor die situasie

13. Dink u die kind verstaan dat reëls verander kan word, indien dit nodig is. Verduidelik asseblief.

- 1,2,4,5,6 – Ja
 - 3 – Ja, goeie ontwikkeling
 - 7,8 – Ja, as dit tot sy eie of ander se voordeel sal wees
-

14. Word die kind maklik beïnvloed deur ander? Verduidelik asseblief.

- 1 – Nee, hy het sy eie sin vir regverdigheid
- 2,3,7 – Nee, hy het 'n sterk opinie van sy eie
- 4 – Kan moontlik beïnvloed word omdat sy ander tevrede wil stel
- 5 – Onseker, soms vergelyk sy tog haarself met ander
- 6 – Nee
- 8 – Nee, hy hou daarvan om vrae te vra en tot sy eie oplossings te vorm

VOLTOOI ASSEBLIEF DIE VOLGENDE ONVOLTOOIDE SINNE TEN OPSIGTE VAN DIE BETROKKE KIND:**15. Struikelblokke in die kind se akademiese ontwikkeling is....**

- 1,3,4,5,6,7 – Geen
- 2 – Woordherkenning, lees stadig
- 8 – Sukkel om te spel en dit lei tot beperkings in sy uitspraak en lees

16. Gedurende pousetyd...

- 1,2,3,4 – geen antwoord
- 5,6 – speel met vriende
- 7,8 – deel sy broodjies met sy broer

17. Die kind reageer op teregstelling en dissiplinerings deur....

- 1,4,5,6,7 – Homself daaraan te onderwerp
- 2 – Homself daaraan te onderwerp indien dit vanaf 'n gesagsfiguur kom, maar verdedig homself teenoor portuurgroep
- 3 – 'n Verduideliking te vra
- 8 – Kind reageer soms positief en soms negatief

18. Die kind raak kwaad wanneer....

- 1,4 – Onseker
- 2,3 – Kinders onregverdige of onwaar aantuigings teenoor hom maak.
- 5 – Kind seergemaak word deur portuurgroep
- 6 – Hy siek raak
- 7 – Gestuur word as hy konsentreer
- 8 – Hy gespot word omdat hy woorde nie korrek kan uitspreek nie.

19. Indien die kind kwaad raak, dan

- 1,2,3,4 – Onseker
 - 5,8 – Huil
 - 6 – Slaap of hy bly op een plek
 - 7 – Skree
-

20. Die kind neem ander se gevoelens in ag, deurdat hy/sy...

- 1,2,3,4 – Ander kinders konsidereer
- 5 – Tree besorgd teenoor ander op en probeer altyd help, waar sy kan
- 6 – Mededeelsaam optree
- 7 – Vra onverskoning indien hy iets verkeerd doen
- 8 – Probeer probleme deur middel van kommunikasie oplos

21. Algemene opmerkings met betrekking tot die kind...

- 1 – Vriendelik, betroubare opregte goed gemanierde seun.
 - 2 – Pragtige seun met goeie maniere, wat hou van 'n uitdaging veral in tegnologie
 - 3 – Vriendelike, spontane opgewekte dogter, met baie talent en sterk akademiese prestasie
 - 4 – Stil vriendelike dogter. Pynlik netjies. Wil graag juffrou tevrede stel. Goedhartig.
 - 5,6 – Hou daarvan om ander in nood te help.
 - 7 – Beskik oor selfvertroue en tree selfgedetermineerd op.
 - 8 – Die kind is 'n ware leier
-

ADDENDUM C

It was a cold winter's day and when Sam got back from school that afternoon, he got very cold and wanted to make himself a nice cup of hot tea. Both his parents were at work and would only come home at 6 o'clock that evening. Sam knew he was not supposed to boil water on his own, because his mother always told him he could burn himself. His older sister, who was supposed to look after him, quickly went to a friend's house to get some homework. Sam couldn't wait any longer and decided to boil the water himself. He got a chair and was able to reach to kettle and he poured the water into the kettle. When he heard the kettle boiling he quickly ran to put it off, but as he reached for the boiling kettle, one leg of the chair broke and he fell. As Sam fell he grabbed for something to hold on to. Unfortunately he grabbed the kettle and the boiling water fell over his face, hands and legs.

Luckily the neighbor heard Sam shouting and quickly ran to see what happened. They immediately called the ambulance and Sam was rushed to hospital. At the hospital the doctors told his parents, that Sam had very serious burns and had to stay in hospital for quite some time.

Sam had to stay in hospital for about 3 months. During this time he missed his friends at school very much, because he was very lonely. He also endured a lot of pain, especially when the nursing staff and doctors cleaned his wounds. Sam also got skin grafts. That is when the doctors try to make the scars better by putting new skin on it. After all these procedures Sam still had severe scars and was told to wear a mask and pressure garments on his face and other body parts. The doctors told him, that it would help the scars to heal more quickly and effectively.

Sam is very scared of going back to school because he is afraid the children will laugh at him, but he knows it is important for him to go to school in order to become clever. Today is his first day back to school

ADDENDUM D



Foto van pop met drukledingstukke wat tydens die empiriese studie benut is

BRONNELYS

- Arkava, M.L. & Lane, T.A. 2001. *Beginning social work research*. Boston: Allyn & Bacon.
- Babbie, E. 1999. *The basics of social research*. Belmont: Wadsworth.
- Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. Tiende uitgawe. VSA: Wadsworth.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.
- Barnum, D.D., Snyder, C.R., Rapoff, M.A., Mani, M.M. & Thompson, R. 1998. Hope and social support in the psychological adjustment of children who have survived burn injuries and their matched controls. *Children's Health Care*, 27(1):15-30.
- Berk, L.E. 2002. *Child development*. Sesde uitgawe. Massachusetts: Allyn & Bacon
- Berry, L. & Guthrie, T. 2003. Rapid assessment: The situation of children in South Africa. Save the children: Child Poverty programme, Childrens Institute: University of Cape Town.
- Blakeney, P. & Cresson, D. 2002. Psychological and physical trauma: Treating the whole person. *Journal of Mine Action*, 6(3):245-269.
- Blakeney, P., Meyer, W., Moore, P., Broemeling, L., Hunt, R., Robson, M. & Herndon, D. 1993. Social competence and behavioral problems of paediatric survivors of burns. *Journal of Burn Care and Rehabilitation*, 14(1):65-72.
- Blakeney, P., Meyer, W., Robert, R., Desai, M., Wolf, S. & Herndon, D. 1998. Long-term psychosocial adaptation of children who survive burns involving 80% or greater total body surface area. *Journal of Trauma*, 44(4):625-634.
- Bless, C. & Achola, P. 2000. *The fundamentals of social research methods: An African perspective*. Cape Town: Zebra Publications.
- Bless, C. & Higson-Smith, C. 2000. *Fundamentals of social research methods*. Cape Town: Juta.
- Blom, B. 2000. 'n Gestaltspelterapiehulpprogram in maatskaplike werk vir juniorprimêre skoolkinders se emosionele intelligensie. Ongepubliseerde Ph.D.-tesis. Universiteit van die Vrystaat, Vrystaat.
- Blom, R. 2004. *Handbook on gestalt playtherapy*. Bloemfontein: Drufoma.
-

- Buhs, E.S. & Ladd, G.W. Peer rejections as an antecedent of young children's school adjustment: an examination of mediating processes. *Developmental Psychology*, 37(4):550-560.
- Bukowski, W.M. & Hoza, B. 1989. Popularity and friendship. In Berndt, T.J. & Ladd, G.W. 1989. *Peer relationships in child development*. New York: A Wiley interscience publication.
- Carvajal, H.F. & Parks, D.H. 1988. *Burns in children: pediatric burn management*. Chicago: Year Book Medical Publishers.
- Cattanach, A. 2001. *Play therapy: where the sky meets the underworld*. Brittanje: Jessica Kingsley.
- Chapter 2: Diagonosis. 2002. Taken from the internet: burnsurgery.org on 23 March 2004.
- Cillessen, A.H.H. & Bellmore, A.D. 2002. Social skills and interpersonal perception in early and middle childhood. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell publishers (Ltd).
- Cresswell, J.W. 1998. *Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions*. Thousand Oaks: Sage.
- De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie vir kinders: 'n praktiese gids vir ouers en onderwysers*. Kaapstad: Human en Rosseau.
- Delport, C.S.L. 2002. Quantitative data collection methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- De Vos, A.S. 2002. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2002. Quantitative data analysis and interpretation, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- De Vos, A.S. & Schulze, S. 2002. The sciences and the professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
-

- Denham, S., Von Salisch, M. Oltohof, T., Kochanoff, A. & Caerly, S. 2002. Emotional and social development in childhood. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- Diamond, K.E. 2002. The development of social competence in children with disabilities. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- Drewes, A.A., Carey, L.J. & Schaefer, C.E. 2001. *School-based play therapy*. New York: John Wiley.
- Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. *Die kind: opvoedkundige perspektief*. Pretoria: Kagiso.
- Ebersöhn, L. & Eloff, I. 2003. *Life skills and assets*. Pretoria: Van Schaik.
- Fouché, C.B. 2002. Research strategies. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Fouché, C.B. & Delpport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Fopma-Loy, J. 2000. Peer rejection and neglect of latency-age children: pathways and a group psychotherapy model. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 13(1):29-38.
- Gardiner, H.W., Mutter, J.D. & Kosmitzki, C. 1998. *Lives across cultures: cross-culture human development*. Boston: Allyn & Bacon.
- Gerald, K. & Gerald, D. 1997. *Counselling children: a practical introduction*. Londen: Sage.
- Goleman, D. 1995. *Emotional intelligence*. VSA: Bantam.
- Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpport, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Haddadin, K.J., Kurdy, K.A. & Haddad, A.I. 1999. Long term psychological effects of burn unit admission among paediatric patients with minor burns. *Annals of Burns and Fire Disaster*, XII (3):52-64.
-

- Hartup, W.W. & Abecassis, M. 2002. Friends and Enemies. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- Herdon, D. 2002. *Total burn care*. Tweede uitgawe. Londen: Saunders.
- Horwitz, U. 1999. Burned – banished or burnished: A pilot study of a school reintegration programme. Ongepubliseerde M-tesis. Rhodes Universiteit, Grahamstown.
- Hurren, J.S. 1995. Rehabilitation of the burned patient: James Laing Memorial Essay for 1993. *Burns*, 21(2):116-126.
- Hymel, S., Vaillancourt, T., McDougall, P. & Renshaw, P.D. 2002. Peer acceptance and rejection in childhood. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- Instituut vir Kinderontwikkeling. www.childdevelopment.com 22 Maart 2004.
- Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills in gestalt counselling and psychotherapy*. Londen: Sage.
- Kleinke, C.L. 1998. *Coping with life challenges*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Brooks/Cole.
- Korb, M.P., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1997. *Gestalt therapy: practice and theory*. Tweede uitgawe. New York: Pergamon Press.
- Ladd, G.W., Buhs, E.S. & Troop, W. 2002. Children's interpersonal skills and relationships in school settings: adaptive significance and implications for school based prevention and intervention programmes. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- La-Greca, A.M., Bearman, K.J. & Moore, H. 2002. Peer relations of youth with pediatric conditions and health risks: promoting social support and healthy lifestyles. *Developmental and Behavioral Pediatrics*, 23(4):271-280.
- Le Doux, J.M., Meyer, W.J., Blakeney, P. & Herndon, D. 1996. Positive self-regard as a coping mechanism for pediatric burn survivors. *Journal of burn care and rehabilitation*, 17(3):472-476.
- Liebowitz, L. 2001. The burned child: scarred for life. A study of the long-term psychosocial adjustment of paediatric burn survivors. Ongepubliseerde M-tesis. Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.
-

- Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling*. Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso.
- Morgan, E.D., Bledsoe, S.C. & Barker, J. 2000. Ambulatory management of burns. *American academy of family physicians*, 11(1):23-28.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: Gauteng-Boekdrukkers.
- Nasionale Departement van Onderwys. 1997. *Curriculum 2005: Lifelong learning for the 21st century*. Suid-Afrika: CTB Books.
- Nasionale Departement van Onderwys. 2001. *Education White Paper 6: Special Needs Education*. Suid-Afrika: CTB Books.
- National Injury Mortality Surveillance System (NIMSS). 2003. *Third annual report: a profile of fatal injuries in South Africa in 2002*. Lenisia: Unisa Health Psychology Unit and Centre for Peace Action.
- Neuman, W.L. 2003. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. Vyfde uitgawe. VSA: Pearson Education.
- Newell, R. 2000. *Body-image and disfigurement care*. Londen: Routledge.
- Martin, E.A. 1993. *Mediese woordeboek*. Verenigde Koninkryk: Oxford University Press.
- Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents*. New York: The Gestalt Journal Press.
- Perls, F.S. 1973. *The gestalt approach and eye witness to therapy*. Ontario: Aquarian Productions.
- Phillipson, P. 1998. *Dialogues and experiment*. 1-9. www.mgestalte.force9.co.uk: 4 July 2003.
- Point, R. 2003. *Bethany's experience: returning to school after severe injury*. www.shrinershq.org: 2 April 2004.
- Redgraue, K. 2000. *Care-therapy for children*. Groot Brittanje: Cromwell Press.
- Rooth, E. 1997. *Introduction to lifeskills: hands-on approaches to lifeskills education*. Pretoria: Via Afrika.
-

- Rooth, E. 2000. *An investigation of the enhanced relationship between participants in lifeskills courses and the environment*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Saarni, C. 1999. *The development of emotional competence*. New York: Guilford Press.
- Sanson, A. Hemphill, S.A. & Swart, D. 2002. Temperament and social development. In Smith, P.K. & Hart, C.H. 2002. *Blackwell handbook of childhood social development*. Londen: Blackwell.
- Smith, P.K., Cowie, H. & Blades, M. 1998. *Understanding children's development*. Derde uitgawe. Oxford: Blackwell.
- Steiner, C. & Perry, P. 1997. *Achieving emotional literacy: a personal programme to increase your emotional intelligence*. Londen: Bloomsbury
- Stouffer, D.J. 1995. *Journeys through hell: stories of burn survivors' reconstruction of self and identity*. Londen: Rowman & Littlefield.
- Strydom, H. 2002. Single system design. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, D.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Sweeney, D.S. & Homeyer, L.E. 1999. *The handbook of group play therapy: how to do it, how it works, whom it's best for*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.
- Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. *Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk*. Kaapstad: CTM Book Printers.
- Van der Merwe, M. 1996. Assessment Play. In Schoeman, J.P. & Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.
- UNESCO. 2001. *Including the excluded: meeting diversity in education. Example from Romania*. Parys: UNESCO.
- Viviers, S. 2001. *Survive your life! Tips for teens*. Goodwood: NDB.
- Wait, J.W.V., Meyer, J.C. & Loxton, H.S. 2003. *Lecture notes in human development*. Kaapstad: Ebony Books.
- Webb, N.B. 1999. *Play therapy with children in crisis*. Tweede uitgawe. New York: The Guilford Press.
- White paper on integrated national disability strategy*. 1997. Staatsdrukker: Pretoria.
-

Woodward, L.J. & Fergusson, D.M. 2000. Childhood peer relationship problems and later risks of educational underachievement and unemployment. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 41(2):191-201.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, dialogue and process: essay on gestalt therapy*.
Vierde uitgawe. Illinois: Peacock.